


TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

XXXIII: 3 Augustus 1995



Johann de Lange: A portrait of
the artist as a young dog

•

'n Laaste artikel van
P.J. Nienaber

•

Verse van Charl-Pierre Naudé,
Cas Vos, Joanan Rutgers en
Piet Labian

•

Oor skryfkuns en eie werk: Dolf
van Niekerk en Chris Pelsner

ISSN 0041-476X

Tydskrif vir Letterkunde verskyn kwartaalliks – in Februarie, Mei, Augustus en November.

Bydraes en boeke vir resensie moet gestuur word aan: Die Hoofredakteur, *Tydskrif vir Letterkunde*, Posbus 1758, Pretoria 0001.

Voorskrifte aan medewerkers


1. Manuskripte moet in getikte vorm voorgelê word, in dubbelspasiëring en slegs op een kant van die bladsy getik.
2. Twee kopieë van elke manuskrip moet voorgelê word.
3. Die outeur se naam en adres moet op die eerste bladsy vermeld word; in die geval van gedigte op elke afsonderlike bladsy.
4. Die manuskripte moet taalversorg en finaal geredigeer wees.
5. Ongeveer 4 000 woorde word as algemene riglyn gestel vir die lengte van artikels. Langer artikels sal by wyse van uitsondering oorweeg word.
6. Illustrasies, diagramme en grafieke sal slegs aanvaar word indien die betrokke illustrasie, diagram of grafiek van so 'n kwaliteit is dat dit gereed is om in die meestermanuskrip geplaas te word.
7. Literatuurverwysings word volgens die verkorte Harwardmetode gedoen. Bibliografiese besonderhede word in die literatuurlys verskaf en nie by wyse van voetnote nie. Aantekeninge moet voor die literatuurlys geplaas word.
8. Medewerkers sal so gou doenlik oor die aanvaarding al dan nie van hul bydraes verwittig word. *Afgekeurde bydraes sal slegs teruggestuur word indien hulle van 'n geadresseerde en voldoende gefrankeerde koevert vergesel word.* Ongelukkig kan geen korrespondensie oor afgekeurde bydraes gevoer word nie.
9. Kopiereg berus by die outeurs.

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

H.J. Pieterse
(Hoofredakteur)

Elize Botha Elsa Nolte P.H. Roodt N.J. Snyman
(Redakteurs)

Skakelredaksie: J.J. Brits Rika Cilliers W.A. de Klerk Louis Esterhuizen
Tom Gouws Joan Hambidge Marcel Janssens Charles Malan
Eben Meiring Alexander Strachan



REDAKSIE- EN ADMINISTRATIEWE ADRES:

(vir bydraes, intekening en sirkulasie)

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Posbus 1758

PRETORIA 0001

INTEKENGELD:

R20 per jaar. Los nommers: R6,00 per eksemplaar.

L.W.: Skole word versoek om direk by bogenoemde adres in te teken.

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n jaarlikse skenking van DIE DAGBREEK-TRUST aan die Afrikaanse Skrywerskring, wie se amptelike mondstuk dit is.

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word, is nie noodwendig dié van die redaksie of van die Afrikaanse Skrywerskring nie.

ISSN 0041-476X

Geset in 10 op 11 punt Helvetica, gedruk en gebind deur V&R Drukkery (Edms) Bpk, Pretoria.

Inhoud

Johann de Lange	A portrait of the artist as a young dog 1
P.J. Nienaber	N.P. van Wyk Louw 18
Charl-Pierre Naudé	Verse 32
Hennie Aucamp	Die onsig'bre naelstring 34
Joan Hambidge	Hugh Grant gly in die modder 42
Moses Mayekiso	Verse 44
H.P. van Coller	Die politieke magspel rondom taal en letterkunde in die nuwe Suid-Afrika 47
Pieter H. Pretorius	Vlug 4711 58
Cas Vos, Joanan Rutgers, Barend J. Toerien, Luuk Stofferis, Lucia Wels	Verse 64
Ria Smuts	<i>Van den vos Reinaerde</i> op Afrikaanse bodem 76
Dolf van Niekerk	Die Wil om die Woord 86
Theo Kemp, Piet Labian, Fernel Abrahams, Eunice Gey van Pittius, Vic Winterbach, Amerie van Straaten, Izak van der Westhuizen	Verse 89
Chris Pelsler	Oor eie werk 97
Elsabe Steenberg	Twee teenstellende jeugverhale 103
Literêr-aktueel	F.I.J. van Rensburg; S.J. Pretorius (1917-1995) 107 ; J.P. Smuts: <i>Commendatio vir die W.A. Hofmeyr-prys</i> (Alexander Strachan: <i>Die werf bobbejaan</i>) 109 ; Danie Botha: Geleentheidswoord tydens die bekendstelling van J.C. Kannemeyer se drie Langenhovenboeke 112
M.J. Prins	<i>Mieg se kort en lang middag</i> (De Waal Venter) 115
J.P. en Ria Smuts	"Ek het jou gemaak" (Jan Rabie) 124
Nuwe Afrikaanse publikasies: Januarie tot Maart 1995	132

Johann de Lange

A portrait of the artist as a young dog

Het die ouer skrywer hierdie storie geskryf aan die hand van briewe wat die jonger skrywer aan hóm geskryf het (iets wat die jonger skrywer trouens gevrees het en wat hom laat besluit het om die ouer skrywer voor te spring met 'n verhaal), het dit waarskynlik só begin: “Die gee-en-neem-ding kan as 'n obsessie in my werk beskou word, veral soos dit hom aandien in die mentor-leerling-verhouding. Ek het selfs 'n keer daarvoor geskryf, na aanleiding van my leerjongenskap onder Ernst van Heerden; en in daardie opstel, “Dubbelportret”¹, steun ek op 'n bron, **The Inner World of the Middle-aged Man**, wat ook in my lang vergeete verhaal bygehaal word.

Maar in my opstel oor Ernst van Heerden het ek dit vir myself maklik gemaak: ek het oor myself as ontvanger geskryf. Dis baie, baie moeiliker om oor jouself as gewer te skryf. Wanneer, byvoorbeeld, word die gewer 'n parasiet; begin hy emosioneel op sy ontvanger teer?²

Die verhaal wat uit 'n verbleikte lêer geval en voor my voete te lê gekom het, heet: “Tydelik geslote”, en het as motto 'n uitspraak van Jean Cocteau: “I believe sexuality is the basis of all friendship.”³

Hier dan, met weifeling aangebied, 'n verhaal uit 'n vergeelde lêer:”

Waar die jonger skrywer agter sy tikmasjien sit in Arcadia, Pretoria, kwel hy hom oor die presiese aanslag van die brief wat hy besig is om aan 'n vooraanstaande skrywer te rig. “Dit is met groot versigtigheid wat ek hierdie tweede skrywe aan u rig.” Die vorige brief het nie heeltemal die resultaat gelewer waarop die jong skrywer gehoop het nie. Hy kyk na wat hy geskryf het. Gaan dan voort: “U brief van 28 Januarie stel dit baie duidelik dat u nie kans sien om 'n welsynsorganisasie vir behoevende jong aspirantskrywers te word nie. Dit voorlopig daargelaat.” Ja, want daardie opmerking van die gevestigde skrywer het gekwets.⁴

Die jong skrywer het 'n kortverhaal geskryf en hy soek raad.

Na aanleiding van twee kortverhale wat dr. Botha reeds in die *Tydskrif vir Letterkunde* gepubliseer het, het ek weer 'n teks aan haar voorgelê en hierdie slag selfs 'n kuier en praktiese kommentaar op die koop toe ontvang. En dis hier waar my versigtigheid van die eerste paragraaf weer ter sprake kom. Indien dit enigsins moontlik is wil ek vra dat u asseblief na die teks kyk en moontlike gebreke uitwys en iets aan die hand doen om die gebreke uit te skakel. Ek het veral probleme met die karakter van Kampsbaai. Die verteller lyk vir my nie objektief genoeg nie en dit doen die troep miskien skade aan.

En sowaar: tien dae later skryf die gevestigde skrywer terug. Benewens lof had hy ook kritiek. Kritiek wat die jong skrywer weliswaar verwag het:

Al wat effens hinder, is die alte eksplisiete. Moet, ná Queen Victoriastraat, bykom Queensweg? Miskien wel, maar dan onopvallender as wat dit nou staan. En deur die gay so clichématig queenish te laat optree, verswak jy jou verhaal. Queens gaan kamp

nie meer met ringe en kettings nie – ook nie in Suid-Afrika nie! Laat die queen as mens in eie reg optree, en nie net as die tipe nie, en jy gaan die voltage tussen die troep en die queen aanskoulik opstoot. Moét Kampsbaai hoegenaamd bykom? Kan die queen nie maar van Clifton af kom nie?

Twee dae later skryf die ouer skrywer weer: “Iets kwel my sedert my brief -- die suggestie dat jy jou titel afstem. Dis ’n redakteur wat gepraat het – en dis nie my funksie nie ... Vergewe my die glips. Asseblief. Origens stem ek met myself saam. Die jonger karakter is só uitstekend gegee dat sy ouer teenspeler nie minder durf wees nie.” Woorde van bemoediging. En die jong skrywer skryf dat dit klap. Twee (?) maande later het hy ’n goeie klompie verhale bymekaar en hy stuur hulle aan met ’n brief:

Veral die struktuur pla. En die stof is so naby aan my dat ek bevrees is die groot “dood”, sentiment, het alles reeds voor die tyd laat ontbind. Van die titel van die verhaal hou ek baie; in so ’n mate dat ek dink dit kan selfs ’n veelduidende bundeltitel wees. Maar weer eens wil ek waak teen “phony” wees. Is “kas” (die bewuste “closet”) enigsins oorspronklik? Ek dink ek weet wat jy bedoel met die gay wat ’n nuwe konsepie nodig het. “(Hy) is menslik, en geregtig op genade.” Ek huiwer en dink nog oor die herskryf van die tweede deel; bloot uit luiheid en ’n selfsug dat ek nie van die dialoog wil inboet nie. Maar ek besef dat die platheid van die karakter afbreuk doen aan die troep. Die gay is reeds, deur die verteller se gesigspunt, ’n veroordeelde.

Die gevestigde skrywer is opgewonde oor die verhale. Hy ken talent as hy dit sien. Het trouens al ietwat van ’n reputasie.⁵ Hy maak voorbrand by ’n uitgewer⁶ bekend daarvoor dat hulle skrywers minag; iets wat hulle baie gesog maak. Vyf dae later skryf hy terug:

“Ter hand: “Die jonkmanskas”. Mooi titel; sal ’n baie geskikte bundeltitel kan word. Of dalk net: **Jonkmanskas**. Ernst van Heerden het oor ’n jonkmanskas geskryf maar slaan my dood, ek kry dit nie opgespoor nie. Ek gaan nie dié weergawe na Die Uitgewer toe stuur nie. Ek wag vir die hersiene en aansienlik “uitgebreide” weergawe. Of miskien moet jy dit regstreeks vir hulle stuur.

Eintlik is dit Die Uitgewer se prerogatief om te besluit of ’n keurdersverslag na ’n bepaalde skrywer moet gaan of nie, maar ek het beloof dat my brief oor jou manuskrip en my keurdersverslag een gaan wees; maar moet asb. nie daaroor praat nie, want uitgewers sien keurdersverslae tereg as geheime dokumente.

Terloops, ek ken ’n ietwat meer sinistere variasie op die vlermuisrympie:

Vlermuis, vlermuis
botter en brood
eer dit dag is
slaan ek jou dood!

It's all yours.

En daar kry die jong skrywer ’n oproep van Die Uitgewer. Hulle stel belang in die manuskrip skryf hy op 29 September. “Ek probeer die ogewondenheid onderdruk, maar dit gaan moeilik.” Die ouer skrywer se voorstelle het hom aan die dink, veral oor die titelverhaal:

“Ek het dit dus nie gehad oor ’n noodwendige gay konnotasie binne die verhaal self nie. Maar die wenke oor die verhaal het my wel aan die dink en ek dink ook die verhaal kan baat deur hegter skrywe en ’n hoër lading aan betekenis. Ek het begin werk aan die queen en dit wil lyk of dit gaan werk.

Ek sal jou graag ontmoet as jy in die Noorde uitslaan. Die benouende Pretoria-verwysings was vir my eers eienaardig totdat my dierbare vriend l. my daarop gewys het dat dit inderdaad so is (sy is mal oor Johannesburg) en dat ek dit bloot nie agterkom nie, omdat ek nie ’n ander verwysing het nie.”

November bring verandering. “Ek vertrek volgende week Oos-Kaap toe om die Otterwandelpad te gaan stap,” skryf hy, “en dan is dit Weermag toe vanaf 1 tot 30 Desember. E. waarsku dat hy reeds ’n kortverhaal oor ’n Otterstap geskryf het en dit lyk my nou ons stories kan nie anders as om in te teel nie.” Hy stuur ook sy nuwe adres saam en laat weet by voorbaat seënwense met Kersfees en hoop die ouer skrywer se Europese besoek “bring welverdiende rus”.

Twee maande later skryf hy: “Help! ’n Neurotiese wanhoopskreet want Die Uitgewer wil die manuskrip op die laatste Mei hê. Die blootstelling (Gerrit Olivier se tong), skielik dink ek ek is nog te jonk, (Elize Botha se moederskap), die KWB, Pretoria ...”

Intussen skryf die skrywer flink, en die ouer skrywer lees en help. Op 5 Mei skryf die jonger skrywer:

Oor “Storie”: Waarsku my gerus maar teen myself indien jy dink dis nodig. Dink jy die verhaaltjie het die “jy” (daar is net 4 verwysings na hom/haar) werklik nodig? Indien wel, is die verwysing bo aan bl. 3, “Ek het teruggestap na my motor en daaraan gedink dat hy baie anders is as jy.”, dan nie te eksplisiet nie? Aan die ander kant, moet ek nie miskien méér aandag gee aan die “jy” nie? Ek is egter bang vir overstatement en die ewige gevaar van sentiment.

In hierdie stadium dink die jonger skrywer ’n dwase dink: “Teen ’n waarskuwing hier en daar in, het ek tog besluit om aansoek te doen vir ’n pos op die redaksie van Die Uitgewer. Ek voel ek het die Kaap na Pretoria se benoudheid nódig.”

Die jonger skrywer is nou as’t ware in die pylvak, en hy voel opgewonde, en hy skryf ’n brief vol lof vir sy mentor:

Ek sit vanaand en tik met ’n onvoltooide, maar pragtige boek wat voor my op die tafel lê. Byderhand is ook ’n klompie briewe wat getuig van geduld en ek glo hier en daar ’n deernisvolle maar kopskuddende glimlag omdat jy, seker veel beter as baie ander, weet van die jongeling se vergrype en die wêreld wat op ’n jong (en ietwat weerlose) skrywer wag.

Wanneer ek die boek “pragtig” noem, bedoel ek dit ook inderdaad as ’n kompliment aan jou. Die omvangryke en, vir die public eye, onsigbare aandeel wat jy gehad het aan dié debuut val my vanaand vir die eerste keer werklik op: die keurverslag, klein goedjies soos die vlermuistrympie, die bundeltitel (o die bundeltitel) en hierdie verstommende kunswerk op die omslag. (I. het gisteraand na die boekie kom kyk en haar eerste reaksie was dat die skildery lyk soos ’n Josef of ’n Dawid deur een van die ou klassieke meesters.)

Baie dankie vir die mate waarin jy my aan myself bekend gestel het en die selfvertroue wat jy my help gee het om te wil skryf.⁷

En die mentor is ewe gul wanneer hy laat weet: “Jou omslag is pragtig. Hy is oopgespalk op die uitgewery se reklamebord: (s)omber en smeulend, maar in die finale analise, eensaam. ’n Waardige en literêre omslag.” En kort daarna: “Die akkolades het begin. Ek wens jou toe: sterkte om sukses te kan verduur.”

En die jonger skrywer geniet sy sukses. Hy lees die resensies, en kry die eerste briewe van sy (tot dusver onsigbare) akoliete. En hy wag om van sy mentor te hoor. Maar week na week, maand na maand lewer die posbus niks op nie, geen koevert met ’n Kaapse stempel en die bekende handskrif in swart viltpen nie. Nie eens ’n kaartjie nie.

Agtien maande gaan verby. Die jonger skrywer tob. Het hy iets verkeerd gedoen? Hoekom wil die mentor nie meer met hom kontak hê nie? Het hy nou ook ophou luister, soos sy pa? Hy gaan sit agter sy tikmasjien en skryf ’n brief:

Ter hand die jongste uitgawe van *Tydskrif vir Letterkunde*. En aan opgewondenheid skort dit nie. Oor my eie storie – natuurlik! “Ambisie is sy goeie reg, en ambisie is o.a. gelyk aan opportuniste en selfpublisiteit.” (Ek quote!) Hoe goed of sleg die storie is weet ek nie, maar die liriese aard staan my aan. Wat bydra tot my opgewondenheid is dat dié troostelose verhaaltjie (wat laat jou dink ek het Reve ontmoet – aan dié man is daar geen keer nie, praat aanhoudend van sy eie “pragboeke”), die enigste uit die droogte sedert my debuut, ’n verjaarsdaggeskenk aan jou geword het. Dit was nie bewustelik so bedoel nie (nie dat ek jou nie graag ’n geskenk sou wou geen nie), want ek het gedink dit sal die Mei-uitgawe haal en het ook nie geweet die Feb.-uitgawe word aan jou opgedra nie, maar prof. Elize het dit so goed gedink (miskien beskou sy dit ook nie as ’n bewustelike geskenk van my aan jou nie) en dat dit ’n geskenk geword het, is ek baie bly oor.

Maar wat in ’n veel groter mate bygedra het tot my opgewondenheid is jou storie en verslag. Sedert my terugkeer na die Tvl. April ná die Beraad en Gordonsbaai, het my ou energie begin terugkom (hoewel die advertensieskrywery baie daarvan opvreet) en my bewustheid van ’n gebrek aan leiding ook toegeneem. Ek het my weer gaan vergewis van “Dubbelportret” in *Standpunte 152* (“... sy moeilikheid kom na hom toe aan, meesal met ’n manuskrip onder die arm, en met die dreigement dat meer op koms is.”) En in die afgelope jaar of twee het ’n paar prulle met min talent hulself ook by my aangemeld en gevra dat ek asseblief tog na hul stories moet kyk en was hulle ook verontwaardig omdat ek nie gedink het dit is meesterstukke nie. Die ergste is dat ’n mens nie altyd lus het om ander mense se goed te lees nie, en dit is van alle dinge die tydrawendste.

Terug na Maart 1982, my ontmoeting met jou en die finale voorbereiding van my boek. Ek het gedink jy is ’n bietjie gekrenk omdat ek die aand na die fliek by die Baxter jou uitnodiging (en waarskynlik subtiele “pass” – of is ek nou te voortvarend) van die hand gewys het. Jy het ’n objektiewe afstand gehandhaaf die afgelope twee jaar, en daarvoor het ek baie respek, maar daarmee saam kry ek die gevoel jy dink ek eis te veel van jou. Ek het ook begrip daarvoor, want ’n paar mense het jou reeds “gebruik”, neem ek aan, maar hiermee wil ek verklaar dat ek van jou hou, baie van jou hou, en graag baie van jou wil leer. Of maak die 23 jaar in ouderdomsverskil dit onmoontlik? Maar ek wil nie ’n lidesverhouding hê nie.

Sorry, ek gaan ’n bietjie aan, maar dit pla my, iets krap en ek het gisteraand met L. hieroor gesels en wil dit uit die weg ruim. Ek verstaan ook dat jy besig is met ander projekte, maar ek word jaloers wanneer ek dink jy leer ’n klomp mense in ’n Letterkundige Laboratorium. Wag ek stel dit sleg. Wanneer ek lees van bv. Maupassant se vakleerlingskap by Flaubert besef ek my eie dringende nood.

En intussen skryf ek aan 'n storie vir *Stet 3* van 1984 waarvan ek die gasredakteur is. En 'n paar kort storiëtjies het hulself by my kom aanmeld, storiëtjies waarmee jy my sal kan help, as jy wil, maar asb. ek dring my nie aan jou op nie.

My grootste probleem is tyd. Ek moet te hard werk om genoeg geld te verdien en ek is bang die stories en roman word nooit geskryf nie, bloot omdat ek hulle verwaarloos het en hulle gekwyn het weens 'n gebrek aan aandag wat hulle sekerlik tog verdien.

My gedagte aan 'n MA is dus iets soos jou verhaal en verslag in *TvL*. Dit wil uiteindelik die probleme stel wat die skryf van 'n roman meebring, hoe hulle na die beste van my vermoë oorbrug kan word en só 'n bydrae lewer tot ander skrywers-in-wording wat teen dié tyd hopelik al 'n amptelike kursus in creative writing aan 'n universiteit of technikon hier ter lande sal kan volg.

Ek vra raad en aanmoediging.

Ek sou wou navors oor die gebruik van die outobiografiese "ek" en daarmee kan *terug na die natuur* my help, maar net so belangrik is my kennis van die collage, die jukstaposisie, en miskien is Borges en T.T. Cloete goeie voorbeelde, maar miskien is die beste aanknopingspunt die New Journalists en Pop Art. Maar ek sou ook graag wou gaan kyk hoe lyk Kenia vandag en hoe lyk post-AIDS Amerika. Miskien is ek te ambisieus.

Die Tydskrif vir Letterkunde het my ontstig en ek is nou heeltemal neerslagtig.

Goete, van harte. Hoop om gou van jou te hoor.

Wat die jonger skrywer van sy mentor kry, is kwalik 'n soen op die oor.
Eerder 'n soort 'afsê-brief':

Ná jou brief kan daar nie meer sprake wees van spontaneïteit tussen ons nie – altans, nie van my kant af nie. Jou vermetel insinuasies omtrent my bedoelings – terug- en erger nog, vooruitskouend, is so onwaardig as wat hulle onwaar is, en laat my met geen alternatief nie as om my te onttrek aan wat ek as 'n kollegiale vriendskap gesien het – niks minder nie, maar godweet, ook niks meer nie.

Ek is nie bereid om verdere gesprekke te voer omtrent vernederende en adolessente aantygings nie. Jou gesprek moet eerder met jouself wees. Jy moet jouself afvra: Ly ek nie aan selfkoestering nie?

'n Poeshou vir die jonger skrywer se ego. Hy skuif agter sy tikmasjien in en skryf 'n brief:

Jou hewige reaksie op en interpretasie van my brief het my baie ontstel.

My vertolking van ons wisselwerking die aand by die Baxter was geensins bedoel as onwaardige aantying teen jou nie, intendeel, ek wou 'n verklaring vind vir wat ek as 'n vervreemding tussen ons, die afgelope twee jaar, gesien het – bloot subjektiewe aannames. Daarom my openhartige, hartlike brief aan jou.

Albei my aannames (dat jy 'n "pass" gemaak het of dat ons vriendskap van so 'n aard is dat daar hoegenaamd vervreemding kan intree) blyk dus onjuis te gewees het, en dit was die oogmerk van my brief, onder andere, om uit te vind of ek die situasie reg gelees het. Die feit dat ek dit gruwelik verkeerd vertolk het, leer my iets van myself en van menseverhoudings in die algemeen.

Jou opdrag, dat ek myself moet afvra of ek nie aan "selfkoestering" ly nie, neem ek ter harte, maar miskien moet jy jouself dit ook afvra.

Hierop reageer die mentor vriendelik, maar met afstand. Once bitten ...
"Wanneer ons nie meer die behoefte het om mekaar seer te maak nie, sal ons weet dat die breuk geheel is," skryf hy. Drie maande later stuur hy aan

die jonger skrywer sy eerste brief as ‘soenoffer’⁸ (soos die jonger skrywer dit later sou noem en met ’n eie soenoffer sou beantwoord⁹). Die jonger skrywer antwoord dadelik:

Jou brief van 19 Junie is meer as ’n “soenoffer”. Maar miskien is dit goed dat jou eerste hewige en berekende brief my tog getref het. Dit was ’n uitklophou. Ons het X. (I. van my debuut se geliefde die afgelope 20 jaar) pas die dag begrawe toe ek jou brief kry en toe huil ek sommer oor die maaghou, I. se pyn en H. wat reeds ’n jaar dood is. Ewentwel. Maar waaroor ek die dankbaarste is, is jou wyse raad: “Jou talent is jou aanmoediging.” Want om myself “groot” en “volwasse” te kry, is ’n stryd. Om toe te lig: ek lees aan Emmanuel Reynaud se **Holy virility – The social construction of masculinity**. In die hoofstuk “Between men” die volgende:

“The son is brought up according to the principle ‘be a slave and you will become master’, but he is so used to obeying and submitting that he invariably seek shelter under the protection of authority to justify his thoughts and acts. The marks of his initiation are so deeply engraved in him that his eventual rebellion against his father is usually not more than the substitution of another one: he rids himself of one judge to create another of his choice.”

Ja, dit was ’n “gekwelde” brief. Nie dat ek nou minder “gekweld” is nie. Ek sit vir ’n maand op Jan Kempdorp in die army: nie besig met een of ander verhewe opdrag soos operasie DONDERWA gemoeid nie, nee, ek staan wag by 93 Ammo Depot, saam met verslaande sout van hierdie aarde.

Ek is wel bly om te hoor van jou werkboek vir kortverhaalskrywers. Jongmenere kan voortvarend wees in hul onsekerheid, ja. En ambivalente jong mans, wat soms oor die tou trap – uit die kas loer – het my ook al as skuldias “gebruik”, sou ek hulle dan verlei het. Snaaks hoe groot die lus soms, maar groter die skuld en die vrees. Ná die pragtige liefdestoneel in *Night of the shooting stars* tussen die twee bejaardes, besef ek watter simpel, siek term “dirty old man” kan wees.

Die skrywerskongres was vir my ietwat van ’n beproewing – Pretoria is die vreemdste stad. Daarom is jy en Elize wat so “blymoedig” bly voortwerk vir my ’n wonderwerk.

Dankie vir die gedagte my verhaal, ek is net soms so bang niemand fokken hoor my nie – ’n Pa-sindroom, want myne het net nooit geluister nie, wat praat nog van gehoor.¹⁰

Dis vir die mentor duidelik dat hy, nes hy jare vantevore in ’n soortgelyke artikel gelees het, vir die jonger skrywer ’n vaderfiguur geword het, en dat die jonger skrywer baie duidelik ’n probleem met vaderfigure het. Hy stuur ’n kaartjie: “Jy behoort **Afscheid van Mijn Ouders** van Peter Weiss te lees. (Hy is Duits; ek het hom in ’n Ndl. vertaling gelees.) Dié afscheid is gebiedend as jy wil groei. ’n Naelstring kan so maklik ’n wurgkoord word. Groete.”

Vir alle doeleindes is die vrede weer herstel, en die jonger skrywer raak weer fluks aan die skryf. Hy volg leesvoorstelle van sy mentor op, en deel sy ontdekkings van skrywers met hom:

Jou fassinerende poskaart van Sherwood Anderson het nogal vreemde reaksie tot gevolg gehad. In die eerste plek is die vreemdsoortige foto van dié man met die hoed, opgeslaande jaskraag en sigaret wat uit ’n wit pofhand hang – die swaar skaduwee en deel van ’n foto teen die muur – genoeg om ’n hele storie tot gevolg te hê. En toe, naartiglik op soek na “Hands”, kom ek by Campus Books af op die verstommende brokkie dat hy in Suid-Amerika by ’n literêre partytjie dood is deurdat hy in ’n tandestokkie verstik het. (“Aan” ’n tandestokkie? – wat is voorsetsels anders as kleingeld wat so

maklik verslyt, het my eerste baas, mev. Ansie Koorts – vriendin van Anna Uys en bewonderaar van die lieue wyle WEG – altyd my dit by UNISA op die hart gedruk.) Steeds op soek na “Hands” kom ek by die Wits-biblioteek af op Conrad Aiken, na wie ek lankal natuurlik ophou soek het, en lees toe dadelik “Life isn’t a short story” en “Round by round” en nou lê daar nog 39 verhale voor. Watter bedrewe vakman en waagmoedige eksperimenteerder! Tog vind ek sy styl moeilik, maar miskien is ek net bederf deur ’n Hemingway-gestrooptheid van “he said she said”.

Terug na die nimlike Sherwood. “Unlighted lamps” het ek in Engels l gelees, maar soos baie ander dinge het dit my ontgaan. “Hands” loop ek toe raak by Marcus de Jong maar in Nederlands vertaal en wel in ’n bloemlesing oor manlike homoseksualiteit in die 20ste-eeuse letterkunde. Teen R27-00 oorweeg ek egter nog aan die kopie; sal eerder ’n paar ander biblioteke probeer.

Weer eens dink ek jy moet TRUK ter harte neem. Hul waagmoed verstom my effens: “Amanda Mr Fassbinder”. Tussen Chris (Pret) en Cas (tras) sit ons met:

AMANDLA MR FASSBINDER. Mnr Fassbinder, filmregisseur, maak ’n film in Suid-Afrika; die onderwerp is terrorisme. ’n Ondersoek na die individu in ’n komplekse gemeenskap soos dié in ons land, gesien deur die oë van hierdie uitgesproke homoseksueel en ontsettend eensame man. Regie: Chris Pretorius met Tjaart Potgieter, Aletta Bezuidenhout, Peter Terry en andere. **In die MOMENTUM**, 26 Februarie – 9 Maart. Weekaande 20h00; Sa 17h30 en 21h00. Pryse: (*).

Hoe Pretoria dit gaan hanteer, sal ons moet sien. Met die opening van die Momentum-teater ’n jaar gelede was so iets ondenkbaar. Regisseur Fred Steyn het my gevra vir ’n “stukkie” vir die verhoog wat ek ook welwillend gelewer het. ’n Monoloog “Kastrasse” wat later “Die Bliksems” geword het oor ’n jongeling wat nie kan verstaan waarom ’n ouer gay vriend nie ’n klag gelê het nadat die polisie hom ’n nag lank geterroriseer het nie. Dan sy eie ontboeseming dat hy ook ’n “haasjagter” in die park was voordat hy tot “ander” insigte gekom het. Nodeloos om te sê dit het nooit die verhoog gehaal nie. Fred Steyn het ook nooit ontvangs erken of rede aangebied waarom dit nie in die “verskeidenheidskonsert”-program opgeneem is nie.

15 Februarie 1985

Gerrit Olivier se jonger broer wat ’n dokter is, vertel van ’n jong man en meisie wat in ’n motorongeluk op De Waal-pad dood is. By die nadoodse ondersoek blyk dit dat die jongeling se voëlkop missing is – wat later toe in die meisie se gorrel gevind word!

Ek vind Aiken meer en meer van ’n treurige man. “Your obituary well written” het my, waarskynlik weens die delikaatheid daarvan, tot trane toe ontroer.

Die naam Emma Tennant is aan my heeltemal onbekend. Ek dink ek het Ellen Gillchrist aan jou genoem. Haar roman **The Annunciation** is die eerste boek van sowat 300 bladsye wat ek in jare deurlees. Haar kortverhale **In the land of dreamy dreams** word deur Picador uitgegee. Hulle het nie die netheid van Tobias Wolff (sp?) se **Hunters in the snow** nie, maar haar temperament staan my so aan dat mens slordighede hier en daar mislyk. (Dit klink ook darem nou weer vreeslik hovaardig Koos Prinsloo!) Lees miskien “Revenge” as jy die kans kry.

Op ’n vlug tussen Johannesburg en Kaapstad het ’n Kanadese argitektuurstudent wat in London studeer (haar naam was Shelley – nou ja toe) my van Margaret Atwood vertel. Ek dink sy het **Surfacing** (of so iets) genoem. Ek sal wel **The dancing girls** onder oë kry.

Ek moet vir jou baie dankie sê vir Kate Chopin. Haar **Portraits** het ek pas aangeskaf en “Regret” gelees. Die vrou se eenvoud het my so aangespoor dat ek ’n verhaaltjie, voorlopig onder die titel “Die Wildbewaarder”, neergepen het. Nou hoop ek maar die

muse bly my naai, want ek loop al lank met die idee vir 'n langer storie, maar dié genre (nouvelle?) is aan my baie vreemd.

Dankie ook vir **Superfiction**. Ek het die nodige kopieë gemaak. Dit sê egter nie veel nie, want ons sit al halfpad deur Februarie en aan die M.A. het ek nog nie geraak nie. Charles Malan het wel op 'n keer vir my gesê, wie wil nou 'n M hê as hy al 'n boek(ie) geskryf het. Maar dis soos die liewe Elize sê, dié doopseël kry mens in hierdie lewe bitter nodig.

Ek is baie bly oor die komedie. Kom ons hoop dit word deel van hierdie baie exciting toneeljaar. Ná Opperman se **Môre is 'n lang dag** was daar by die Mark Ian Roberts se **The weekenders** (nie 'n grootse stuk nie maar fyn karakterisering – en dit lê reeds in die teks – en 'n ontstellende ontleding van die o so Suid-Afrikaanse (Amerikaanse?) man) en ook **The war at home** wat darem nou ook nie **Long days journey** is soos wat gushing Barry Hough dit wil hê nie, maar teater soos wat ons lanklaas hier gesien het. Ek stuur 'n storie van Brakman. Terloops, weet jy in watter bundel Peter Weiss se vertaalde **Afscheid van mijn ouders** opgeneem is?

11 Junie 1985

In jou laaste brief skryf jy van jou jongste verhale: “Roekeloos, reddeloos, literêr, en bewustelik so.” En nou sit ek hier met “Parlez-moi d’amour”. En dis godwonderlik lekker. Die verteller is soveel meer toeganklik

“... om te ly en nooit te mag hê nie?” En dan: “met soet venyn: ‘Up yours, C. Louis Leipoldt!’ Op ironie!

L. (ons het Sondag sy boek gevier), aan die ander kant, lyk 'n bietjie – wat sal ek dit noem? – “verwonder” oor dié nuwe aanslag in jou werk. Hy is natuurlik, om hom te quote, 'n st. 2-juffrou. Maar die direktheid en openhartigheid van jou Miss Amy-storie (en dit sonder om enige van jou kenmerkende, vernuftige subtiliteit in te boet) dink ek (gee Koos Prinsloo sy ongevraagde mening) verryk jou werk net. Doe so voort! Asb! Wat die storie nog verder vir my genietlik maak, is die inteel op die skrywer as skrywer, maar soveel anders as “Storie oor 'n storie”. Nié dat laasgenoemde verhaal nie van hoë gehalte is nie. (Pas **Metafiction** van Patricia Waugh gelees. Dis 'n nuwe boek in die New Accents-reeks. Aanbevelenswaardig.)

En hier sit ek by De Kat. Watter verlossing uit die kake van verstikkende verveling by Klerck, Marais en Potgieter se werwingsreklamemasjien. Jou kabaretuittreksel werk pragtig in die eerste uitgawe saam met Jan Vermeieren se illustrasie.

Met my eie skryfwerk gaan dit maar sukkel. Sien jou in die Kasteel.

Die jonger skrywer het weer 'n manuskrip gereed en op aandrang van Die Uitgewer (en teen sy beterwete in) stuur hy dit aan:

Dis reeds lank na middernag – daarom die handgeskrewe brief. Ek wil nie die res van die huis se toorn op my laat losbrand weens my kletterende tikmasjien nie. Maar nou sal jy dié aaklige handskrif moet aanskou.

Die slaaploosheid teister my sedert die KLAPROOS-manuskrip by Die Uitgewer lê. Ek verneem hulle beskou dit as 'n “warm patat”! Met Danie van Niekerk pas oorsee sal ek ook nie voor aanstaande maand natuurlik terugvoer kry oor die “tweede boekie” wat hulle so angstig onder oë wou kry nie.

Die nagmerries ry my ook bloots: Magnus Malan, Rena Pretorius en Merwe Scholtz op 'n heksejag! Stel jou voor ...

Waarom ek eintlik skryf: met die slaaploosheid saam is ek aangewese op Radio Allegro en lees; ter hand dus **One Writer's Beginnings** wat jy aanbeveel het. Op die flapteks: “They are a kind of present ... from Miss Welty to her audience,” skryf William Maxwell van die *New Yorker*. En daarvoor wil ek jou bedank, vir Miss Welty se geskenk

wat via jǎu by my uitgekom het. Dit laat my soms skaterlag, maar dikwels moet ek eers klaar huil voor ek verder kan lees. Die vertelling van die 2 muntstukke wat haar moeder gehou het – ogies van 'n dooie kindjie. Later haar oupa se oorlye, haar jongste oom, Moses, se trane toe sy suster (Eudora se ma) trou en die huis verlaat. En dié wysheid: "Emotions do not grow old."

11.40 nm. Saterdagand 17 Mei 1986

Sedert my brief van die 13de het joune van die 11de hier aangekom en het ek **One Writer's Beginnings** klaar gelees. God ja, dis van die verganklikheid vol. Die lewe lyk my deesdae net na een Groot Verlies en Afskeid. Die barones in **Out of Africa** wat die handvol grond optel, maar dit nie in die graf strooi nie. Daarmee woede ("Rage, rage against the dying of the light!") jeens die dood. O, en wanneer sy die glas whisky in die Men's Club lig met "To rose-lipped girls and light-foot lads" ...

Ja, **Klaproos**. Dis glo ook 'n "cock-poppy" op Engels en 'n "eenjarige onkruid"! Maar die titel dek   agt stories, want dit gaan alles oor verhoudings wat nie werk nie en die dood. ("Ons is afspie ling/van wat vergaan.") En die verhale (veral een) wil ook hulde bring, soos 'n nagmaakte papier-roos wat op Poppy-Day (11 Nov.) gedra word. Die Uitgewer het laat weet die manuskrip is na 'n buitekeurder. Wie, weet nugter. En dit is deurslaggewend. Ek meen, wat sal H.C.T. Muller met die skamele 58 bladsytjies doen? Maar ek is moeg vir ingee en toegee aan nie-artistieke oorwegings. As Die Uitgewer te bang is vir hul "openbare beeld", gaan die boekie HAUM toe, en as hulle Broederbondgewete ook besware het, sal Taurus beslis redding bied.

Die klapse op die omslag van Penguin se **First World War Poetry** is werklik mooi en baie broos.

"So secretly, like wrongs hushed-up, they went.
They were not ours:
We never heard to which front these were sent.

Nor there if they yet mock what women meant
Who gave them flowers."

Dankie vir die Reve-interview. Ironies leef, is seker maar die enigste antwoord.

Kyk of jy **The Fragrance of Guava** (Plinio Apuleyo Mendoza se gesprekke met Gabriel Garcia Marquez – die uitgewer is Verso ISBN 86091 765 7) in die hande kan kry. Ek sit ongelukkig met 'n geleende eksemplaar wat ek moet terugbesorg. S  Marquez oor sy "duodenal ulcer". "I've learned to live with Italy, like a secret lover – difficult, sometimes painful, but impossible to forget." Oor **Eenhonderd jaar eensaamheid**: "The Buendias were incapable of loving and this is the key to their solitude and their frustration."

Laat weet asseblief meer oor **Blue remembered Hills**. Dit is 'n lekker romantiese titel. Ja, fok: "We are such stuff as dreams are made on; and our little life is rounded with a sleep."

Die mentor gaan deur 'n af tyd. Hy begeer om "Nijhoffiaans weg (te) stap uit eie lewe". Soos die jonger skrywer verwag het, loop hy 'n bloutjie by Die Uitgewer vanwe  een omstrede verhaal in sy manuskrip. Hy soek troos by die mentor. Di  skryf:

En nou is ek by jou verhaal; Bly dat ek die omstrede verhaal, of liewers omstrede re l, binne konteks kon ervaar. Sy situasie verduidelik, regverdig en relatiewer hom. Artistiek in die kol. Maar regskundig gaan jou uitgewer probleme h . Die hof werk met growwe apparatuur. Konteks sal nie as verdediging aanvaar word nie. Ook nie dat dit om 'n

apparatuur. Konteks sal nie as verdediging aanvaar word nie. Ook nie dat dit om 'n dialoog-reël handel nie. Die skrywer sal gelykgestel word aan sy karakter. In mev. Du Preez se berugte aanval op die voorgeskrewe boek stel sy die mening van romankarakters pertinent gelyk aan die menings van skrywers. "Frans Venter is 'n rassis want sy karakter sê op p. so en so ..." "Alba Bouwer propageer Nasionalisme want een van haar karakters sê op p. so en so ..." En op hierdie onwetenskaplike grondslag het Ikeys nou 'n ondersoek na die voorgeskrewe boek gelanseer. Natuurlik skréé dié kwessie om 'n ondersoek, maar dan wetenskaplik gedink. Ek kan jou nie raad gee nie. Alternatiewe soos "Kafferboetie" sal jou waarskynlik nie pas nie: te mak vir jou situasie.

Van die verhaal self voel ek: 'n stuwal van feitlikheid wat net-net emosie teëhou. (Reeds sien jy barsies in die wal.) En dit wil gedoen wees: skote! Steur jou nie aan die skimpe oor "verestetisering" en "dekadensie" nie. Die burgery voel selfs in gestileerdheid 'n bedreiging, en tereg: styl is 'n rebellie teen die Establishment; teen alles wat middelmatig en lewe-ontkennend is.

Die boek verskyn elders, en die jonger skrywer wag op reaksie van sy mentor. Gedagtig aan wat vantevore gebeur het, skryf die mentor kortliks:

Netnou vertolk jy my swye verkeerd: ek het jou nuwe boek gelees, en ek is beïndruk. Maar meer nog: ek is dankbaar dat jy daardie moeilike ding reggekry het: jy het jou talent volkome verwerklik. Jou bundel is 'n waterskeiding.

En nou moet ek jou boweal sterkte toewens, want sukses kan 'n mens lam lê ook. Wees veral op jou hoede teen vriende wat jou tot kultusfiguur wil opvorder – jou talent is jou enigste verantwoordelikheid.

Die jonger skrywer is vinnig om die mooi woorde te ondervang met 'n brief van sy eie:

16 Februarie 1988

Dié papier was al tot by die adres in die tikmasjien toe die voordeurklok lui. Aanvallige 24?-jarige (o, hoe lieflik is u wonings heer der leërskaare, hoe begeer ...) wat toe na 'n Riana hier op die boonste verdieping soek (... en hunker my siel ...). Ek verduidelik toe maar skugter die pad boontoe (... van verlange ...), en met die omdraai lê jou mooi Keith Dietrich-kaart op die trap. Half vreemd, dat ek nog so half formuleer aan dié brief aan jou; en hier praat jy sommer so tussendeur.

Ek is bly die *Collage*-onderhoud het goed oorgekom. Ja, die nugter aanslag help soms, want die oomblik dat jy jousef begin sien as "skrywer" dink ek is jy in jou moer (en buitendien is naai vir my baie lekkerder as skryf).

Jou "waterskeiding"-kompliment laat my natuurlik gloei. Baie, baie dankie, want ek ken jou as "genadelose" leser. Dat die gebroeders my tot "kultusfiguur" sal wil "opvorder", gebeur ironies genoeg nie. Nou reeds van vier mowwe gehoor wat waargtig ontstel is omdat ek dan kwansuis so "eerlik" is; twee van hulle nogal sielkundiges! Ek sou dink, "rejoice, bliksems", maar nee, "too close to the bone." Dan is daar natuurlik ook die Hein Viljoens, maar hulle sal ons altyd by ons hê.

Ek is bly om te hoor van jou "stemme" wat weer praat. Myne swyg ...

Baie geluk met **Blomtyd** wat ek oor Kersfees onder oë gehad het. Ek het ook gehou van Marthinus Basson se onopgesmukke aanslag.

Voorspoed dan vir dié "onsedelike" jaar en maak die volgende keer wanneer jy in Johannesburg kom asseblief 'n draai.

En daar wen die jong skrywer toe 'n groot prys. En die koerant weier om die prys aan hom toe te ken (vanweë daai omstrede verhaal waarin die

staatspresident by monde van 'n karakter as 'meidenaaiër' uitgemaak word). Die boek verkoop soos soetkoek, en die skrywer laat weet:

Here H. , baie dankie vir die brief met jou *De Kat*-kommentaar. Ja, onder die ironie is ek natuurlik ontsteld, hewig! En die ou lyf stort toe ook in duie met 'n griep. Maar vanoggend is ek weer op en uit.

Dat die boek nou om die verkeerde redes goed verkoop (Taurus het laat herdruk; weer 'n oplaag van 'n duisend vermoed ek), is jammer. Dat die letterkunde weer [onduidelik] onder bespreking is, vind ek egter baie goed.

En oor pryse ... Die meeste van die tyd is dit maar 'n bedenklike bedryf, maar ons ysterpiel-society soek weners, REGTE weners. Kom naai my korporaal!

Die mentor stel 'n bundel kortverhale saam rondom die tema van homoseksualiteit en nader die skrywer vir toestemming om van sy verhale te gebruik. Dié laat weet: "Ek dink dis 'n wonderlike projek en ja, natuurlik kan jy die twee stories gebruik.

Ek het dadelik gedink aan daardie Haasbroek-storie van die seuns met die onderwyser en Etienne van Heerden se (weer eens) onderwyser-storie. En Bruwer se "n Moffie chaf 'n kaffer" wat in Taaldoos en Stet was. Hoe lyk die vrouefdeling?

Sommer vir die interessantheid stuur ek vir jou 'n storie van ene Dinah Silveira de Queiroz uit **Other Fires**; 'n Picador-uitgawe vroue-stories uit Suid-Amerika wat Alberto Manguel saamgestel het.

Die **Writers at Work 7** het ek reeds. Gekoop vir die Raymond Carver-onderhoud.

Kan jy dalk 'n afskrif van die Blaman-storie "Vader, moeder, zoon" vir my stuur, asseblief? Baie geluk en sterkte aan jou en Human & Rousseau met die bloemlesing. Hoop daar's 'n paar onwaardige stories darem ook in. En as 'n mens die woord *gay* kan vermy, waarom nie.

Maande verloop, en die jong skrywer lê besoek af in die Kaap. By die mentor kom hy egter voor dooie mansdeur te staan.

Dis Mea aan die woord; Mea Culpa – Jy lê swaar op my gewete, want ek was toe nie tuis toe jy my met vakansie gebel het nie. Ek sal jou nie verveel met die "storie van my sterfte" nie; jy sal weet hoe diep die "romantic agony" kan ingryp op 'n mens se bestaan. Alles is plus-minus onder beheer – di groot liefde is afgeskaal tot vriendskap. En miskien is dit beter so. Ek het nie meer die energie vir verhoudings van hoë voltage nie. Ek het net nie meer baie energie nie: "punt, uit", soos my Hollandse vriend, nou oorlede, altyd gesê het.

En ek merk dit veral aan my skryf. Al meer joernalistiek, al minder taal-onder-drukstukke. Al hoop wat ek het, is dat aanstaande jaar, D.V., genoegsame herstel gaan toelaat. Verlofjaar sien.

Dis 'n snikhete Pase in die Kaap. Ek bly binnenshuis en werk freneties aan herskrywings. Dae voor jou artikel oor Raymond Carver se afsterwe verskyn het, lees ek in **Best American Short Stories 1988** Carver se ontroerende verhaal oor 'sjechof se dood. Bel dadelik vir I. Hy bring my toe sy program vir **The Cherry Orchard** waarin hy 'n bladsy en 'n half aan Tsjechof se dood afstaan. 'n Kortverhaal-in-die-kleine. En I. noem wat Carver nie uitspel of dalk nie geweet het nie – dat dit 'n ou gebruik was in mediese kringe om die hart te probeer stimuleer met sjampanje. Meesal vergeefs. I. se tante onthou dat dit in haar kinderdag die seker teken was dat iemand gaan sterf – daardie fatale sjampanje-oomblik op die gekste uur van die dag of nag. Die sjampanje-draer as noodlotsboodskapper. Mag my boodskapper eendag bloedjonk en moedernaak wees.

En met ingevoerde sjampanje, if you please, want die plaaslike produk gee my hooikoors en kopseer, en wie wil nou in só 'n kondisie Anderkant aankom.

Dinge versleg stadigaan. Die jonger skrywer, in sy posisie as boekeredakteur, kom die mentor te na in sy keuse van resensente. Betrekkinge versleg. En toe, op 'n dag, kry die mentor 'n saaklike briefie:

Ek sien nie langer kans dat "And ou(sic) fathers that begat us" en "Die dood van Karel Viviers" in *Wisselstroom* opgeneem word nie.

Die aanhaling uit my brief aan jou (wat ek soos alle korrespondensie aan jou as persoonlik beskou) in die inleiding tot die bloemlesing is ook nie in orde nie.

Meer as 'n jaar verloop voordat die jong skrywer besluit om te verduidelik. Wat die ouer skrywer natuurlik nie weet nie (trouens, hoogstens twee of drie het geweet) is dat die jonger skrywer reeds geruime tyd gelede positief vir Vigs getoets is.¹¹

Ek skuld jou reeds meer as 'n jaar 'n antwoord op jou vriendelike brief waarin jy jou teleurstelling uitspreek oor my onttrekking aan die bloemlesing; ook skuld ek jou (en myself) duidelikheid waarom ek nie langer kans gesien het vir die bloemlesing nie. DIE bloemlesing het vir my iets van die NP se "hervormingsbeleid" van so 'n paar jaar gelede: verantwoordelik, "waardig" en "respektabel" is dit wel (werk van literêre *gehalte*), maar ongelukkig word die harde ou banale werklikheid so ver moontlik vermy. Die werklikheid van 'n wet wat seks tussen mans verbied. Ook die werklikheid van homoseksualiteit in die mynhostelle. (By Exclusive Books sien ek 'n boek wat dié versweë geskiedenis terugeis en jou wrintie 'n artikel oor juis seks op die myne; die enigste bydrae oor Suid-Afrika. Ook in die *Weekly Mail* van 'n jaar of vier terug was daar 'n lang artikel oor dié onderwerp.) Dis wat my so beïndruk van **Men on Men**. Daar is nie Aids-stories in omdat dit mode is nie, maar omdat dit so *werklik* is. En die wisselende gehalte van die stories is júis wat dit interessant maak. En ek dink dis 'n soort establishment-hang up, hierdie aanvaarbaar maak deur klem op gehalte en waardigheid. Die feit dat stories oor bv. die mynkampongs nie bestaan nie, moet juis deur die bloemleser uitgewys en moontlik verklaar word. Wat nie te moeilik hoef te wees as 'n mens in ag neem watter afmetings ongeletterdheid hier ter lande aanneem en wat daartoe aanleiding gegee het nie. Van die by-redes vir my onttrekking is natuurlik die aanhaling uit my brief en ook die patroniserende toon in die inleiding en nawoord. Maar voor dit begin klink of ek baklei: 'n groot deel van die goed lê ook by myself. Ek het jou waarskynlik op 'n voetstuk geplaas en nie daaraan gedink dat ons siening oor letterkunde baie verskil nie. Die spanning tussen die "universele" en die "betrokke" kunswerk is wat my eindeloos interesseer. (Die groot verskil ook tussen my en De Lange. Dat hy ewe casual Gunn se **Night Sweats** gryp en daarvan **Nagsweet** maak, vind ek immoreel en aanstootlik. Dis nie net 'n woord nie, dis ook 'n teken van die *werklike* besmette angssweet van Gunn se gestorwe en sterwende vriende!) Daarom ook my kritiek op **Snelvuur**. Dis juis die paradoksale van die grys gebied tussen werklikheid en artefak wat my so aandraai, en waarvoor ek respek het. En dis waar die katolieke so wonderlik is, natuurlik is die brood en wyn *werklik* die liggaam en bloed van Christus. (En nou klink dit seker nie net of ek baklei nie maar preek ook!)

Die kritiek wat ek het teen jou benadering, dink ek dus is (veral in hierdie tydsgewrig) baie geldig. Die kop bokant Eduan Swanepoel se bespreking van jou bloemlesing ("Moffies só respektabel?) was egter minder gelukkig. Ek wou juis deur die woord "moffie" te gebruik, die kwetsende aard van die woord ondergrawe. Maar dis natuurlik nou by nabetraging nogal lagwekkend presies hóé voortvarend en naïef die nosie

was. Dit was wel binne die konteks van *Vrye Weekblad* baie doeltreffend: By die party in Oktober 1989 om my en Ryk Hattingh se eerste Boekebylaag te vier, hoor Ryk hoe Max du Preez aan een van die direkteure wat hom met die produk komplimenteer, sê, "Ja, die moffies het hulle kant gebring." By die vergadering ná my befaamde kop sê Du Preez hoe hy nooit in sy lewe so 'n verskriklike woord sal gebruik nie! Ook die kritiek teen jou oor die kabaret dink ek het geldigheid, maar weer eens by nabetragting besef ek dit kon jou moontlik gekwets het. Dit was nie my bedoeling nie. Vir die toon wil ek dus verskoning vra, maar nie vir die kritiek nie. My brief oor **Snelvuur** (wat Danie Botha glo nie vir jou wou wys nie – vir sulke moffie-drama het ek geen tyd nie!) was egter saaklik bedoel en hoegenaamd nie om jou seer te maak nie.

Verder het my lewe die afgelope 18 maande vreemde wendings geneem. My beste vriend Christo Compion het in Bloemfontein gaan bly. By *Vrye Weekblad* het ek in Desember 1989, ná een van die onaangenaamste vergaderings waar Du Preez begin skree het oor hoe sleg die ekologie-bylaag is (omdag die "feminisme" en enigiets wat intellektueel of akademies klink hom uit sy benoude machokoppie uit bedreig), eintlik al besef ek moet daar weg. Toe loop ek die "Noord-Amerikaner" Don Caldwell op die lyk (misvoltreffer!) Lyf en beland met die GROOT Depressie in terapie. Ek probeer steeds herstel. En nie voor laasmaand het 'n uitweg gekom via *De Kat* nie. Ek is maar drie dae daar en voel reeds hoe iets van my ou self terugspyl. Hoop dit hou. Ek gaan sub en die fiksie en boekeblaai hanteer. Jou Judith-verhaal het ek dus onder oë gehad en by Irna aanbeveel dat ons dit so gou moontlik gebruik. Groete,

Ns. Soos jy seker aan die adres kan sien, het ek na jare uit Houghton getrek. Die laaste maande saam met so 'n straight bedreigde klein Engelsman was ook een te veel vir my "flegmatiese" natuur. Natuurlik wou ek ook weg van die herinneringe aan Don. Nou is ek reeds 6 maande in Gainsborough Mansions. 'n Baie mooi ou blok oorkant die Windybrow-teater wat in 1932 deur ene Charles Small ontwerp is (en nie Herbert Baker soos 'n klomp van die moffies hier in die gebou wil glo nie) en eers Ridgeway Mansions sou geheet het. Maar die woonstel wat ek huur is nou in die mark, so my tye van verandering het beslis nog nie einde gekry nie. Daar is darem dié goeie nuus dat my boek vanjaar in Nederlands verskyn.

Die laaste brief wat die mentor van die jonger skrywer ontvang, is gedateer 19 Julie 1991. Die mentor was beoordelaar van 'n kompetisie waaraan die jonger skrywer deelgeneem het, en toe ook gewen het.

Dankie vir die gelukwensing met "Die wond". Wat my ook vreugde gee is dat die wind my in die oor gewaai het dat "Slagplaas" op jou oorspronklike kortlys was.

Die Nederlandse uitgawe van my boek het vandeeweke lugpos hier aangekom: pragtige versorging en drukwerk. Ek behoort eintlik op cloud 9 te wees, maar is die afgelope 3 maande deurmekaar met 'n 25-jarige wat op pad Grahamstad toe die kar waarin ons gereis het afgeskryf het. Die motor is 'n wrak: enjin tien meter van ons in die veld, agterwiel af, stuurwiel af en ons in die kar (3 van ons) ongedeerd behalwe vir blou kneusplekke en hy ewe ongeërg. En toe twee geluksalige weke vakansie en hy bly so onverbonde soos seker net die jeug kan en onverantwoordelik en ek natuurlik verknog en met die sak patats. Ek gaan wel 4 Augustus Europa toe vir twee maande. Hopelik bring dit afstand en bevryding! Met die dat my emosies so deur die war is (en ek dog my depressie van laasjaar is iets van die verlede) sukkel ek ook met die manuskrip waaraan ek werk. Genoeg gekla.

Dus: waar hulle teenoor mekaar in die restaurant oor ontbyt sit ('n afspraak wat die jonger skrywer gemaak het), is die atmosfeer gelade. Die mentor is senuagtig, 'n uitwerking wat die jonger skrywer meermale op mense het. Normaalweg sou hy vir homself kon sê: Behou jou afstand. Neem waar, sonder

om waargeneem te word. So is jy nie weerloos nie. Kyk in by ánder se weerloosheid.¹² Maar vandag voel hy dis hý wat waargeneem word.

Langs hom op die sitplek 'n pakkie 'kondimente' wat hy vroeër die oggend op die stasie gaan koop het en vir die jonger skrywer wou vra om vir Markus, 'n digtersvriend, te gee wanneer hy terug is in Johannesburg. Hy het, ou veteraan wat hy is, aan elke geurige houër geruik.

"Ek het later maar ophou snuif," vertel hy vir die jonger skrywer, "was bang ek kry 'n horing van al die lekkerruikdinge." Trust dié ou nommer, dink die jonger skrywer by homself. Laat nooit 'n kans verbygaan om 'n pass te maak nie.

Die mentor haal sy bril af. Sonder die bril lyk sy oë weerloos. Kwesbaar. Of dalk fokus hulle net anders met die bril áf.

"Ek is jammer dat dinge so verkeerd geloop het tussen ons ..." begin die jong skrywer om die ongemaklike stilte te verbreek wat tussen hulle ontstaan het. "Dinge het nie verkeerd 'geloop' nie," val die mentor hom in die rede. "Jy het 'n aktiewe aandeel gehad in die vendetta teen my."

"'n Onvermoë om kritiek te verduur, is 'n swakheid in iemand se geestes-toerusting," gooi die jonger skrywer die mentor se eie woorde na hom terug. "Mag wees," sê die mentor skerp, "maar is kritiek die enigste vorm van vriendskap waartoe jy in staat is?"⁹

"Touché."

Nee: dié gesprek werk nie. Nóg die jonger skrywer nóg die mentor was ooit aggressief of aanvallend in gesprekke. Dit het hulle gehou vir briewe, of verhale. Dis 'n stukkie dialoog wat ons verteller versin het, en waarin hy o.a. wou sinspeel op 'n uitspraak van Anaïs Nin (sien voetnoot) in 'n artikel wat die mentor vir die tydskrif waar die jonger skrywer boekeredakteur was, gelewer het. Nee, wat in der waarheid gebeur het, is die volgende: Terwyl hulle gesels en ontbyt eet (waarvoor die mentor, terloops, moes betaal) het die mentor se gedagtes gedwaal: hy het weer die jong skrywer gesien soos hy hom meermale gesien het: op die jag, in Burgstraat (toe dié nog 'n viable beat was) of op die promenade in Seepunt, met sy Hilton Weiner-hemp en -broek, en 'n groot, kakiekleurige slaprandhoed, soos dié van Dietrich of Garbo sou gebruik het om hulle te vermom, sy oë tegelyk sardonies en kwesbaar agter die lense.

Tydens die ontbyt het hy hom verskoon en na die toilet agter in die restaurant gestap. Voor die spieël het hy die sweet van sy voorkop afgevee en water gedrink. Met die terugstapslag het hy die jonger skrywer se skouers gesien waar hy met sy rug na hom by die tafel gesit en by die venster uitgekyk het na die Saterdagoggendbedrywigheid van Langstraat. Sy skouers was skraal; sy nek het skielik dun gelyk. Die onskuld vanself, het die mentor gedink. Ek het hom vir jare blindelings vertrou. Hy moes homself herinner tot watter gemeenhede sy leerling in staat was.

Toe hy gaan sit, hoor hy iets knak. Hy kom vinnig orent. Op die sitplek van sy stoel lê sy bril, die raam gebuig en die een lens flenters. Hy kyk op.

“Het ek sowaar my bril op die stoel neergesit?” sê-vra hy verleë. Dis oor ek se gespanne is, dink hy. Hy maak die stukkende bril bymekaar en sit dit in sy skouersak. Die jonger skrywer vra of hy ’n spaarbril het, of hy veilig by die woonstel sal kan uitkom.

“Ja, wat,” antwoord die ouer man maak-onverskillig. “Ek het hiernatoo gestap.”

“Ek het iets vir jou,” sê die jonger skrywer aan die einde van die ete toe hy opstaan om te gaan. Hy haal ’n pakkie uit ’n designer-drasak en sit dit op die tafel neer. “’n Soenoffer, as jy wil.” En daarmee stap hy uit.

Die ouer skrywer neem die pakkie op, skeur die geskenkpapier af. Dis, soos hy verwag het, ’n boek. Die titel is nie mooi duidelik nie. Hy moet sy oë skreef om dit uit te maak. Dis sy protegé se jongste. WEIFELING. Hy lees die titel nadenkend, probeer antisipeer wat dit beteken, wat dit oor die inhoud mag sinjaleer. Wat hy nié sien nie, is hoe die jonger skrywer oomblikke later die straat oorsteek, op die oorkantste sypaadjie ’n vlugtige blik terug gee na die ouer skrywer waar hy agter die venster van die restaurant sit met ’n boek in sy hand, en dan sonder om te weifel in Kortmarkstraat afstap en tussen die mense op groentemarkplein asof in die niet verdwyn.

Voetnote

1 *Standpunte 152*. Sien ook hieronder.

2 Vgl. die volgende inskrywing in Julian Barnes se post-modernistiese roman, **Flaubert’s Parrot**:

“Is the great writer responsible for his disciples? Who chooses whom? If they call you Master, can you afford to despise their work? On the other hand, are they sincere in their praise? Who needs whom more: the disciple the master, or the master the disciple?”

3 Uittreksel uit ’n brief van die jong skrywer aan die ouer skrywer, gedateer 14 Junie 1984:

“Ek het my weer gaan vergewis van “Dubbelportret” in *Standpunte 152* (“... sy moeilikheid kom na hom toe aan, meesal met ’n manuskrip onder die arm, en met die dreigement dat meer op koms is.”) En in die afgelope jaar of twee het ’n paar prulle met min talent hulself ook by my aangemeld en gevra dat ek asseblief tog na hul stories moet kyk en was hulle ook verontwaardig omdat ek nie gedink het dit is meesterstukke nie. Die ergste is dat ’n mens nie altyd lus het om ander mense se goet te lees nie, en dit is van alle dinge die tydrawendste.

Terug na Maart 1982, my ontmoeting met jou en die finale voorbereiding van **Jonkmanskas**. Ek het gedink jy is bietjie gekrenk omdat ek die aand na die fliek by die Baxter jou uitnodiging (en waarskynlik subtiele “pass” – of is ek nou te voortvarend) van die hand gewys het. Jy het ’n objektiewe afstand gehandhaaf die afgelope twee jaar, en daarvoor het ek baie respek, maar daarmee saam kry ek die gevoel jy dink ek eis te veel van jou. Ek het ook begrip daarvoor, want ’n paar mense het jou reeds “gebruik”, neem ek aan, maar hiermee wil ek verklaar dat ek van jou hou, baie van jou hou, en graag baie van jou wil leer. Of maak die 23 jaar in ouderdomsverskil dit onmoontlik? Maar ek wil nie ’n liefdesverhouding hê nie.

Sorry, ek gaan ’n bietjie aan, maar dit pla my, iets krap en ek het gisteraand met Lukas hieroor gesels en wil dit uit die weg ruim. Ek verstaan ook dat jy besig is met ander projekte, maar ek word jaloers wanneer ek dink jy leer ’n klomp mense in ’n Letterkundige Laboratorium. Wag ek stel dit sleg. Wanneer ek lees van bv. Maupassant se vakleerlingskap

by Flaubert besef ek my eie dringende nood.”

Later haal die jong skrywer Hennie Aucamp aan: “Dit sou verraad wees om oor ’n mentor/leerlingverhouding (die ‘bloedskendige ondertone’ is noodwendig, dink maar aan Maupassant en Flaubert) te skryf, want dis die onsêbare wat moet woord word. Maar met ’n wisselwerking wat noodgedwonge afgeskaal is tot kollegiale vriendskap is dit anders gesteld, want soms is die skryf daarvoor ’n tydige balseming van ’n verhouding wat nooit heeltemal so intens en intiem was dat vernietiging van een van die twee identiteite ’n tragiese noodwendigheid was nie ...”[Weifeling – Koos Prinsloo; Hond Uitgewers, 1993]

Sien ook Prinsloo se voetnoot oor Maupassant [Weifeling, p. 27]

- 4 “Dit spyt my dat u nou eers van my hoor. Ook spyt dit my dat ek u nie kan help nie, want ek besef dat ’n hulpdiens aan medeskrywers gebiedend noodsaaklik is. Maar na jare van nie-amptelike hulp moet ek, vanweë ’n toenemende doseerdrag en gesondheidsprobleme, nee begin sê. Vriendelik.” [Weifeling; p. 12]
- 5 Brief 29 September 1981: “O ja, prof. Elize meen jy is ’n kenner van “jong talent”.”
- 6 “Ek het jou naam by ’n uitgewer genoem, en die uitgewer is geïnteresseerd in ’n bundel. Dis ’n uitgewery wat sy skrywers beskerm, ook teen hulself: jou bundel sal deur baie hande gaan – myne ook, as jy dit so verkies – en hoogs professionele aandag kry van die redaksie self.
Ek sal bly wees as jy gou van jou laat hoor, en al is dit net om te sê dat my soort raad en/of die toon waarop dit geskied jou nie aanstaan nie.”
- 7 ‘Hierin is Anaïs Nin ’n groot leermeester: dat sy mense in verbinding met hul ware sêlf, en só met hul talent, gebring het. Maar sy het mense ook geleer om konstruktief na ander te kyk, en hiervoor is haar dagboeke tereg beroemd. Sy het “portrette” van tydgenote geskep: van Henry Miller, Lawrence Durrell, Dali, Rank, Artaud en talle ander. Anekdotes, weet sy, waarborg nog nie portrette nie: jy moet weet wat dit is wat mense motiveer. Vooroordeel, gunstig of ongunstig, kan tot karikature lei.’
- 8 Drie maande later skryf die mentor die volgende brief aan sy eks-leerling:
“Ek is besig om van een woonstel na ’n ander te trek [sien Hennie Aucamp se verhaal “Die verbleikte lêer” waarin hierdie trek ook genoem word - Red.] – ’n kleinerige een, maar groot genoeg vir ’n uitgetredene. (En binne ’n paar jaar is ek dit.) In die proses van laaie skoonmaak – agheretog, die opgaarwoede – kom ek op die brief af wat ek net na jou BRIEF geskryf het. Dis die een wat ek moes gepos het. Ek moes my op die ironie en humor beroep het, al het ek ook hóé bygekóm gevoel. Ewentwil, menopouse het die ronde gewen. Vir wat dit werd is as ‘soenoffer’, die eerste brief:

19 Junie 1984

Sal wel telepatie wees: ek wou aan jou skryf oor jou nuwe storie. Baie mooi, met die “warm pessimisme” van ’n Tsjechof – en ’n slotreël wat ’n soeklig teruggooi oor die hele verhaal. En hier kom jou brief aan. ’n Nogal gekwelde brief. Miskien kan ek help – met regstellings en raad.

Gits, nee, ek kan my nie ’n enkele besonderheid van daardie eerste aand by die teater voorstel nie, maar een ding weet ek seker; ’n “pass” was nooit my bedoeling nie. Ek het nogal sku getrek om jonger mense uit te nooi vir tee of koffie, want almal skyn aan dié sindroom te ly: dat hulle glo dat ’n ouer man net één ding in sy verkalkte kop het. En op dié manier verbeur jongmense dikwels vriendskappe. (Uit insekriteit? Ek wens ek kon weet.) In een opsig is jy reg, al het jy die verbande verkeerd gelê. Ek het my ‘tegnies’ aan jou onttrek, soos ek my aan alle skrywers onttrek ná hul debuut. In ’n stadium moet ’n skrywer sy eie raadgever word, sy eie waardebehalter. En ná E. (wat bekroon is, soos ek aan die uitgewer voorspel het toe hulle sy manuskrip aan my voorgelê het) het ek my totaal onttrek aan die raadgewende bedryf: dit dreineer die bietjie kreatiewe energie wat jy nog oor het na ’n slopende dag op kantoor.

Jy vra aanmoediging. Jou talent is jou aanmoediging. Na windstiltes kom die roeringe en jy weet: iets in my is weer voltooi. Die wêreld se aanmoediging help niks tydens windstiltes nie. Geboortes kan nie gedwing word nie.

Sien ook die verhaal “Die verbleikte lêer” in Hennie Aucamp se bundel **Gewis is alles net 'n grap**, Tafelberg Uitgewers, 1995.

- 9 Sien “A portrait of the artist” in Koos Prinsloo se **Weifeling** [Hond, 1993], waarin die verteller die verhaal, en in 'n sin ook die bundel as 'n 'soenoffer' aanbied.

- 10 Uit die volgende brief wat die jonger skrywer stuur, moet afgelei word dat die eerste die mentor nie bereik het nie:

Dis jammer dat ek my handgeskrewe krabbelbrief van Jan Kempdorp se army-ammo-depot nie jou posbus bereik het nie, want dit was 'n spontane reaksie op jou “soenoffer”-brief en jou lesing by die Skrywerskring in Pretoria. In elk geval.

Ek is bly jou oorspronklike reaksie op my BRIEF (soos jy dit noem) het my later eers bereik; nadat jy reeds jou woede met my gedeel het. Jy's reg, ek was baie gekweld toe ek aan jou geskryf het en jou antwoord was 'n uitklophou. Hoekom ek dit sê: ek lees op wagdiens (omring deur barbare) in **Holy Virility** van ene Emmanuel Reynaud: “*The marks of his (the son's) initiation are so deeply engraved in him that his eventual rebellion against his father is usually not more than the substitution of another one: he rides himself of one judge to create another of his choice. And so he goes through libraries looking for intellectual guides who will think for him, or he becomes a member of a party that wil analyse for him, or he relies on a leader of a gang or organisation: in any case, whatever his tastes may be, his only difficulty is in selection, for fathers are like weeds – they grow everywhere.*”

En dan jou wyse raad: “Jou talent is jou aanmoediging.” Skielik ná die weermagkamp en die week in die Kaap, het ek weer energie om te skryf, alhoewel dié energie ondermyn word deur die Mammon van die reklamewese.

Gisteraand in terapie by die lieue dr. K. besef ek, ek sal my van die kruk wat my pa vir my is, moet emansipeer anders gaan ek bly klou aan mense en nie self ontwikkel nie. En dis vir my moeilik om te aanvaar dat my pa 'n kak is en was, want ek hou van hom (sy sagtheid soms en sy sin vir ironie), maar ek is diep binnekant ook nog bang vir die donner. K. dink dis goed dat ek skryf oor my voorvaders, daarmee sê hy maak ek vrede met my genealogie (sp?) en bevry ek my van “die erwe van die vaad're”. Miskien is die jongste storie in STET sielkundig vir my een van die gesondste goed wat ek kon doen.

Ek hoop jou knie-operasie is sonder enige onnodige pyn en lyding agter dié rug en dat jy goed aansterk.

- 11 Met die verskyning van **Wisselstroom** skryf Hennie Aucamp as volg in die nawoord: “In Afrikaans is daar net een artistiek beduidende teks oor VIGS. Dis deur Koos Prinsloo geskryf, en heet ‘Die dood van Karel Viviers’.

By al jou bewondering vir die vakmanskap van Koos Prinsloo en ander skrywers wat oor VIGS geskryf het, in watter genre ook al, moet 'n mens dit konstateer: literatuur haal tot dusver die angel uit 'n kondisie. Wat dit beteken om aan VIGS te sterf, word in dié stadium miskien op sy soberste en ontroerendste gesê deur diegene wat self aan VIGS ly.

... Om oor VIGS te praat wanneer jy weet dat jy dit het, sê Jarman, is 'n politieke daad: jy verbreek 'n taboe. Hy vergelyk dié versetdaad met die jare sestig toe die openlike erkenning van eie seksoriëntasie eweneens 'n 'politieke' daad was. Politiek, sê Jarman, word 'n nóg groter werklikheid wanneer daar oor konsentrasiekampe vir VIGS-lyers gespekuleer word.”

Verder in die onderhoud raak Jarman die volgende kwyt: “The fact that I have a creative outlet is for me the most important thing. I am grappling with the virus in all the work I do. All art is about morality.”

- 12 Sien ‘Armed vision’ deur Hennie Aucamp in **'n Bruidsbed vir Tant Nonnie**. Tafelberg, 1970.

P.J. Nienaber*

N.P. van Wyk Louw

Van Wyk Louw is met die verskyning van sy eerste digbundel, *Alleenspraak*, in 1935 reeds erken as die belangrikste Afrikaanse digter van Dertig. In 1937 volg *Die Halwe Kring*, daarna 'n versdrama, *Die Dieper Reg* (1938), 'n lang epiese gedig, *Raka* (1941), *Gestaltes en Diere* (1942), 'n hoorspel *Dias* (1952), *Nuwe Verse* (1954), 'n versdrama, *Germanicus* (1956), twee hoorspele, *Dagboek van 'n Soldaat* (1961) en *Die Held* (1962), en die digbundel *Tristia* (1962). In 1981 verskyn sy *Versamelde Gedigte*.

Van Wyk Louw het belangrike en insiggewende opstelle geskryf oor sy opvattinge omtrent kuns, kultuur en nasionale bewustheid. Hierdie opstelle is gebundel in verskeie publikasies van hom: *Berigte te Velde* (1939), *Lojale Verset* (1939), *Maskers van die Erns* (1935), *Die "mens" agter die boek* (1950), *Swaarte en ligpunte* (1958), *'n Wêreld deur glas* (1958), *Vernuwing in die prosa* (1961), *Rondom eie werk* (1970), en na sy dood verskyn *Deurskouende verband* (1977).

Nicolaas Petrus van Wyk Louw is op 11 Junie 1906 gebore en is die oudste van twee digterseuns (die ander een is W.E.G. Louw). Hulle vader was prokureur op Sutherland en hier het Van Wyk Louw tot sy dertiende jaar gebly totdat die gesin na Kaapstad verhuis het. In 1923 is hy na die Universiteit van Kaapstad waar hy die grade M.A. en B.Ed. behaal het. Nadat hy 'n jaar onderwys gegee het, is hy aangestel as lektor in Opvoedkunde aan die Universiteit van Kaapstad. In 1950 aanvaar hy 'n professoraat aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam, en in 1958 'n dergelike pos aan die Universiteit van die Witwatersrand. Hy is op 17 Junie 1970 in Johannesburg oorlede.

Ek het met Van Wyk Louw kennis gemaak deur sy latere skoonsuster Anna Neethling-Pohl. Ek het in Desember 1937 'n A.N.S.-Toer gelei na die Dietse lande en terselfdertyd gaan promoveer onder prof. G. Besselaar met 'n proefskrif oor *Die Afrikaanse Romantematologie*. Anna het my aan Van Wyk Louw voorgestel in Kaapstad. Dit was net in die tyd toe hy die Hertzogprys vir *Alleenspraak* geweer het, omdat hy dit nie saam met I.D. du Plessis wou deel nie. Daar was 'n hewige polemiekie daaroor in *Die Burger* en *Die Huisgenoot*.

Van Wyk Louw weier die prys en verklaar dat "die Akademie hom weer magteloos getoon het om te besluit oor sake waaroor hy hom juis die reg van 'n beslissing toeëien." (*Die Burger*, 7 Des. 1937)

In my boek *Rapier en Knuppel* (1965) gee ek die verloop van die polemiekie.

* P.J. Nienaber (1910-1995), jarelange skakelredaksielid van *Tydskrif vir Letterkunde* en Nasionale Voorsitter van die Afrikaanse Skrywerskring, is op 24 Mei vanjaar oorlede. Dié artikel was die laaste wat hy aan *Tydskrif* gestuur het.

Twee lede van die Akademie se keurkomitee (proff. E.C. Pienaar en F.E.J. Malherbe antwoord Van Wyk Louw (*Die Burger*, 11 Des. 1937), en publiseer die verslag van die Keurkomitee, soos dit verskyn het in die Akademie se *Bulletin*.

Met my eerste besoek aan Van Wyk Louw in Kaapstad het hy 'n baie rustige indruk op my gemaak, sodat ek sommer dadelik tuis gevoel het by hom. Hierdie toegeneentheid het my bygebly, ten spyte van latere familiegebeure.

Na my terugkeer uit Holland het ek hom 'n eksemplaar van my proefskrif gestuur. Hy het beleefd daarop geantwoord.

Baie jare later het ons weer met mekaar in aanraking gekom. Dit was in 1958 toe hy aansoek gedoen het vir die professoraat in Afrikaans aan die Universiteit van die Witwatersrand as opvolger van C.M. van den Heever. Abel Coetzee het homself as die aangewese kandidaat beskou. Hy was erg ontevrede omdat ek ook aansoek gedoen het. Abel het sy aanspraak gegrond op die feit dat hy jarelank die kollega van C.M. was. In werklikheid het hy die Departement vir C.M. bestuur. Toe C.M. siek geword het, het hy C.M. direk aangeraai om te bedank sodat hy hom kon opvolg. Dit was vir C.M. 'n skok. Hy het dit self aan my erken. Hy het gesê hy is nog nie eens dood nie, en nou word die lakens al uitgedeel. C.M. is kort daarna oorlede. Abel het vas geglo dat dit vanselfsprekend is dat hy C.M. opvolg as hoof van die Departement Afrikaans. Hy het ook al die lakens begin uitdeel. So het hy dr. S.C. Hattingh, senior lektor maar my junior, belowe dat hy die professoraat sal kry; ek sal hoofsaaklik eerstejaar-werk kry – groepklasse, opstelle en taaldril. Ernst Lindenberg was lektor. Dit is hy wat Abel die skokberig gebring het dat Van Wyk Louw van die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam, aansoek gedoen het. Abel het dadelik begin met 'n skinderveldtog: oor Louw en Sheila Cussons; dat hy van sy eerste vrou geskei het en Truida afgerokkel het van haar man. Nie daarmee tevrede nie, het hy broer Stoffel se vrou, Sheila Cussons, weer van hom afgerokkel. Dit het gebeur terwyl Stoffel, wat in Amsterdam gestudeer het, na Suid-Afrika gekom het om my vader, wat aan maagkanker gely het, op te soek. Stoffel was te laat, selfs vir die begrafnis. Hy het nog 'n maand by ons moeder gekuier voor hy terug is na Amsterdam.

Toe hy daar kom, vind hy dat Sheila bevriend geraak het met Van Wyk Louw. Dit was vir Stoffel 'n skok. Hy het hartroerende briewe vir ons geskrywe en gekla dat die "goue haan" sy vrou afgeneem het. Stoffel het in Amsterdam gestudeer. Gelukkig tref dit toe so dat Gawie, ons oudste broer, Holland toe is om gesondheidsredes (hy het aan kanker gely), en toe vir Stoffel beweeg het om terug te keer na Suid-Afrika, saam met Miep Luitingh, 'n studentemaat van my.

Sheila is later getroud met 'n Spanjaard en het hulle gevestig in Barcelona. Daar het Matty en ek haar opgesoek. Dit was nadat sy 'n ongeluk gehad het met 'n drukkoker en erg verbrand het. Sy het 'n hele klomp

gedigte geskryf; ek het hulle aan Danie van Niekerk van Tafelberg-uitgewers voorgelê. Hy het hulle dadelik gepubliseer. Nog meer bundels het gevolg. Ongeveer alle Afrikaanse literêre pryse het Sheila met haar digbundels verower. Sy woon nou in Kaapstad.

Sheila het haar verhouding met Van Wyk Louw nie probeer verdoesel nie. Sy het sy Bybel en knipmes aan N.A.L.N. geskenk. Die Bybel is waardevol in dié opsig dat Louw tekste wat hom getref het, onderstreep het.

Om terug te keer na die aansoek vir die professoraat aan Wits:

Abel Coetzee het Louw probeer uitskakel deur die storie omtrent Sheila rond te strooi. Hy wou my inskakel daarby, maar, tot sy verwondering, het ek daarbuite gebly. Hy het selfs die prinsipaal ingelig.

Met die onderhoud was Abel glo baie parmantig met lede van die Komitee; hy het hulle afgejak waar hy kon. Die plan was om vir hom 'n professoraat in taalkunde en volkskunde te skeep, en aan Louw letterkunde en die hoofskap te gee.

Louw het baie waardig opgetree, volgens prof. P. de V. Pienaar. Die prinsipaal het teenoor Louw opgemerk: "Now, let us take the bull by the horns: what about Sheila Cussons?" Louw het nie kommentaar gelewer nie, maar slegs kalm opgemerk: "I mellowed with the years."

Ek is ook opgeroep vir 'n onderhoud, maar het hopeloos gefaal; ek was te senuweeagtig.

Louw het die pos gekry. Abel was woedend en het lelik opgetree teenoor die prinsipaal. Ds. C.B. Brink, lid van die Universiteitsraad, kry Abel toevallig in die gang, op pad na die prinsipaal. Abel vertel hom dat hy die prinsipaal "op sy plek" gaan sit omdat hulle vir Louw en nie vir hom aangestel het nie. Ds. Brink probeer hom paai en raai hom aan om sy besoek met 'n week uit te stel en eers af te koel. Abel het net gesnuif en by die prinsipaal ingebars. Tevergeefs het die prinsipaal probeer om hom te kalmeer. Hy het tee laat kom. Toe gryp Abel die tee en skiet dit in die prinsipaal se rigting. Die prinsipaal het hom by die deur uitgestoot. Sy besluit het hy geneem: Abel kry nie 'n afsonderlike professoraat in taalkunde en volkekunde nie. Die Departement is nie verdeel nie.

Abel het met ses maande verlof gegaan; ek is gevra om waar te neem, wat ek aanvaar het. Ek het prof. S.P.E. Boshoff, 'n bekende taalkundige, gevra om Abel se taalkunde- en volkskundelesings waar te neem. Hy het ingewillig. Dit was 'n groot verligting. Daar was o.a. 'n student vir Honneurs. Van Wyk Louw het my gevra om hom volledig in te lig oor die organisasie van die Afrikaanse Departement. Ek het hom alle moontlike besonderhede Amsterdam toe gestuur, asook boeke wat hy nodig sal kry. Toe hy aan die begin van die universiteitsjaar 1959 op Wits aankom, was hy volledig ingelig. Aan Albert Wessels het hy erken hoe hy my optrede waardeur. Hy het die werkverdeling ingerig soos ek aan hom voorgestel het. Elke dosent het al die studente van die verskillende jare ontmoet. Abel was verantwoordelik vir al die taalkunde en volkskunde, behalwe historiese taalkunde vir die

tweedejaars wat aan my toevertrou is, en ook Middelnerlands (*Beatrijs*) vir die derdejaars. Ek het veel plesier gehad aan Middelnerlands omdat die studente hard gewerk het daarin, en gesorg het dat hulle die Middelnerlandse Grammatika van Le Roux en Le Roux onder die knie kry. Hier was Hennie van Coller, 'n uitstekende student; hy is vandag hoof van die Departement Afrikaans-Nederlands aan U.O.V.S. Koos Human van die latere firma Human en Rousseau het baie duidelik ook die klasse in Middelnerlands geniet.

Elke môre het Wyk voor die lesings begin het, na my kamer gekom en gesels oor die werk, oor nuwe boeke. So is dit hy wat eerste my aandag gevestig het op *Sewe Dae by die Silbersteins* van Etienne Leroux as 'n moontlike Hertzogprysboek. Ek het die boek dadelik gelees en met hom bespreek. Ek het dié roman met die tweedejaars behandel en kon gebruik maak van Louw se boek: *Vernuwing in die Prosa*. Ek het baie by Louw geleer, en was volkome op hoogte met die moderne prosa. As jy van hom verskil het oor 'n nuwe boek, het hy bedaard met jou geredeneer en jou oortuig wanneer nodig.

Abel het die eerste môre aan Wits alle simpatie by Wyk verbeur: toe ek hom aan Wyk wou voorstel, het hy sy rug op ons gedraai en sy kamer opgesoek. Wyk het hom van toe af geïgnoreer. Sy opdragte het Wyk nie persoonlik gegee nie, maar per brief.

Elke dag het die personeel om tienuur tee gedrink in die teekamer. Dit is hier waar in werklikheid die personeelvergaderings gehou is, en ons nuwe opdragte gekry het. Wyk was nie iemand vir formele vergaderings nie. Dr. Hattingh het goed ingepas en het ons altyd getrakteer op grappe en komieklikhede. Nooit het hy verwys na Abel nie. Abel het natuurlik nie saam tee gedrink nie.

Wyk kon lekker gesels en het graag grappies ten koste van homself oor sy familie vertel soos van sy oom Van Wyk na wie hy vernoem is. Die oom was baie siek, en sê aan sy vrou dat as hy voor haar te sterwe kom, moet sy met hul buurman trou. "My ou skat", antwoord sy, "ons het al so gepraat." Of 'n tweede een: Hy sê aan sy vrou as hy voor haar te sterwe kom, moet sy met sy ander buurman trou. "Waarom?" vra sy. "Omdat hy my op 'n keer met 'n beestransaksie verneuk het."

Wyk het gevind dat die Departement nog 'n leerkrag geregverdig het, en het die saak met my bespreek. Ek het dadelik aan Ernst van Heerden, lektor in die Departement Opvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch, gedink. Ernst, het ek hom vertel, het vir prof. J.J. le Roux aan die Universiteit van Natal, Pietermaritzburg, vir ses maande waargeneem, en het, volgens Gawie, baie goed gevaar. Daarby is hy 'n digter van betekenis. Ernst Lindenberg het saamgestem, en Ernst van Heerden is aangestel aan Wits.

Later die jaar het die Hertzogprys gekom (1962). Dit het uiteindelik gelê tussen Ernst van Heerden (*Die Klop*) en Uys Krige. Ek kan nou maar bieg

dat ek geglo het Ernst se digbundel verdien dit, en dat ek my vir *Die Klop* beywer het. Die prys is toegeken aan Ernst. Die notules van die Akademiesraad getuig daarvan.

Stoffel en Wyk was op 'n keer in verleentheid en het eenders gereageer. Stoffel was by my tuis. Ek neem hom saam Universiteit toe. Soos die toeval dit wil hê, kom hulle saam by die trap. Albei sien mekaar gelyktydig, en albei sê: "O!" Stoffel is saam met my na my kamer. Sy en Wyk se ervarings het my nooit beïnvloed nie. Met Sheila het ek dieselfde verhouding gehandhaaf as voor haar troue met Stoffel.

Ek het sporadies 'n briefroman gehou. (Elke week 'n brief aan my broer Gawie geskryf.) By 24 April 1960 teken ek aan dat die Nasionale Boekhandel onder leiding van Hennie Roux 'n groot onthaal gegee het na aanleiding van Van Wyk Louw se verowering van die Hertzogprys met *Germanicus*. Na die onthaal het Van Wyk Louw 'n paar van ons na sy huis genooi – die partytjie het geduur tot twee uur.

Vanaf 1962 het dit nie meer so goed gegaan met sy gesondheid nie: hy het moeilikheid met sy hart ondervind. Op 30 Sept. 1962 teken ek aan: "Van Wyk Louw kom hierdie jaar nie terug vir lesings nie; hy moet nog lank in die bed bly. Ernst Lindenberg en ek het sy lesings onder mekaar verdeel." Op 9 Nov. 1962 skryf ek aan Gawie, eksterne eksaminator vir die eerstejaars "Van Wyk Louw is baie in sy skik met jou eksterne eksamenwerk. Ons het dadelik opdrag gekry om die punte op te skuif soos deur jou aanbeveel; nou is daar heelwat meer eerste- en minder druipeklasse – slegs 22.5%. Ek het van die antwoorde wat jy nagesien het, uitgehaal en vir hom na sy huis toe geneem – hy was in die bed. Hy het hulle sorgvuldig nagegaan en gesê: "Gawie het deeglike werk gedoen. Ons kan met gerustheid sy aanbevelings aanvaar."

Op 3 Februarie 1963 teken ek aan: "Die C.N.A.-prys (R1000) gaan na prof. Louw vir *Tristia*. Alewyn Grové en ek van die Keurkomitee het so ooreengekom."

"Abel word blykbaar lid van die Publikasieraad", skryf ek op 8.6.1963. "Minister De Klerk het hom ontbied." "Dit sal vir hom 'n uitredding wees, want Wits gaan sy diens a.s. jaar op 60-jarige leeftyd beëindig," sê prof. Louw. Van Wyk Louw is deur 'n Engelse koerant gebel i.v.m. die Hertzogprys. Toe antwoord hy: "Die Hertzogprys behoort aan die Afrikaners. Die *Sunday Express* moet sy hande tuis hou. Die Afrikaners sal hulle probleme self oplos."

Rapier en Knuppel het ek aan Gawie gepos en skryf: "die boek vind baie byval by prof. Louw. Hy kan nie uitgepraat raak daarvoor nie." (11.3.1965) Op 3 Maart 1968 skryf ek aan Gawie dat prof. Louw in die bed is met 'n hart wat moeg is. Ek neem sy derdejaars vir 17de-eeus. Dinge lyk nie te goed nie; die hele kwartaal het hy twee lesings gegee. Ek neem een van sy lesings; Pieter du Plessis ook een."

Op 30 Nov. 1968 teken ek aan dat prof. Louw baie siek is; gister was 'n

krisisdag. Ek moes Truida help om hul seun Peter 'n paar dae verskoon te kry van die Weermag. Regter Hiemstra was voorspraak by sy broer die Generaal.

Op 17 Junie 1970 is Van Wyk Louw oorlede.

Nou weer terug na 1966. Op 15 Oktober 1966 teken ek aan in 'n brief aan Gawie: daar is 'n professoraat vakant vir Afrikaanse Letterkunde. Ek was nie seker of dit die moeite werd is om aansoek te doen nie, maar jy het my oortuig.

As referente het ek gekry: prof. S.P.E. Boshoff, prof. G. Dekker en prof. H.B. Thom. Getuigskrifte het ek gekry van mnr. A.J. Koen, direkteur Transvaalse Onderwysdepartement, mnr. M.C. Erasmus, sekretaris O.K.W., prof. P. Groenewoud, rektor U.O.V.S., prof H.J.J. Bingle, Rektor P.U. vir C.H.O., prof. B. Kok, prof. T.H. le Roux en minister N. Diederichs. As ek reg onthou: op die aanstellingskomitee het o.a. gedien: die prinsipaal, regter P.M. Cillie, mnr. W.B. Coetzer (voorsitter van Federale Mynbou), prof. Langham, prof. Jackson (vise-kanselier), mnr. Willem van Heerden en die vise-registrateur.

Ek het tot die ontugtering gekom dat prof. Louw klaar tussen my en Ernst gekies het toe hy my een aand na sy huis toe laat kom het om my te probeer oorreed om vir R.A.U. se leerstoel in Afrikaans aansoek te doen. Hy sal sorg dat ek die pos kry. Ek het prontuit geweier en gesê Wits se leerstoel kom my toe na al die jare diens daar; ek is ook die senior in die Departement. Intussen was dit nie meer 'n geheim dat Stellenbosch Ernst 'n leerstoel sou aangebied het, en hy dit bedank het ter wille van Wits. (Ek was met vakansie op die plaas.)

Op 16 Desember 1966 skryf ek aan Gawie: "Maandag bel die registrateur my en vra ek moet Donderdag half-drie in Johannesburg wees vir 'n onderhoud. Ek het amper geweier, maar gedagtig aan jou, ingewillig. Woensdagmiddag is ek toe Johannesburg toe om my voor te berei. Regter Cillie het vir my twee vrae gegee wat gestel gaan word, en gesê alles hang van die onderhoud af; ek het ten minste sy steun en W.B. Coetzer s'n – Coetzer onderbreek sy vakansie in Kaapstad en vlieg om teenwoordig te wees: hy is voorsitter van Federale Mynbou, en my buurman – 'n mynmagnaat. Twee-uur was ek daar met 'n handkoffer vol boeke, en plaas hulle in die kamer waar die onderhoud sou plaasvind. Die prinsipaal sê ek sit langs hom: "O," sê ek in Engels, "ek is dus ondervoorsitter van die vergadering." Dit breek die ys, en die meeste lag.

Na die gebruikelike inleiding deur die prinsipaal, sê hy ons beweeg van links na regs. Hy wil weet hoe lank ek al in Wits is, en of ek die oudste in die Departement is: "Ja – ek het al verskeie lede van die Departement oorleef: C.M. van den Heever, en dr. Hattingh.– al die ander het ná my gekom: prof. Louw in 1959, E. van Heerden in 1960, ens." Piet Cillie vra (i) vir watter afdelings van die werk is ek verantwoordelik; (ii) het ek navorsingswerk gedoen? Hier word ek mos toe welsprekend. (Dit moet ek

invoeg: ek was *niks* senuweeagtig nie; wou veg, want ek het geweet vanmiddag hang alles af van die indruk wat ek maak.)

Ek vertel van die reise en studie in argiewe en biblioteke i.v.m. die boeke oor die Afrikaanse Beweging, die letterkunde, my *Bronnegids*, *Bibliografie* – hoe hulle ontvang is, gewaardeer word, ook in die buiteland, Stalsprys, ens. (iii) Hy verneem gerugte dat ek na R.A.U. gaan ... ek het dit met vuur gestel dat dit gerugte is. “Natuurlik voel ek geveid en vereerd dat ek reeds daar aangestel is as hoof van die Afrikaanse Departement, maar dis nie korrek nie ...” Coetzer: (1) Ek hoef nie te antwoord nie, maar daar lê orals gerugte rond dat Ernst deur Stellenbosch ’n professoraat aangebied is, dat Wits hom een belofte het as hy Stellenbosch bedank, en dat hy op dié belofte Stellenbosch bedank het. Ek het verkies om nie daarop te antwoord nie. (2) Of dit my nie ontmoedig het om aansoek te doen nie. Ek het bevestigend geantwoord en gesê dat ek prof. Jackson gaan raadpleeg het, en dat hy my soos ’n heer ontvang het. Hy het gedink ek moet aansoek doen. Prof. Langham wou weet wat my bydrae was tot my bundel *Taalkundige Opstelle*, en ek ontdek in hom ’n vriend, want ons het lank saam gedien op die K.T.A. (Komitee vir Taaladvies) van die S.A.U.K., en hy praat vleiend oor my werk saam met hom op die S.A.U.K. Wagner wou weet van my boek oor *Plekname*. En toe vertel ek stadig, maar met oortuiging van my werk op dié gebied; buitelandse kongresse; lid van die internasionale raad. Of ek gevorderde studente het: Ja, en ek sê waaroor hulle skryf, wie hulle is: vier. Die prinsipaal wys vir hulle die dik boek oor die “Proceedings” van die kongres in Amsterdam, en sê hoe my *Pleknaamwoordeboek* hom beïndruk het. Wagner wou weer weet oor my navorsing, en ek gebruik die geleentheid om te vertel wat die Akademie (en ek) gedoen het ter verkryging van die R.G.N., en dat dit naby aan verwesenliking is, en dat hy ook baie geld sal kry vir navorsing. “Very good news; I want to congratulate you ...” Woodward wou weet oor temas in die Afrikaanse poësie. Ek antwoord, maar “heroic” ontwyk my; die prinsipaal gee die woord: “Quite correct Mr. Principal.” Almal glimlag.

Marais se vraag: “U is kompilator, geen letterkundige nie”. Toe sê ek net soos hy as historikus; ek vertel hom hoe hy argiewe besoek het om sy boeke te skryf; ek het net so te werk gegaan toe jy (Gawie) en ek die *Geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde* geskryf het, die feite geïnterpreteer het, ens. Ek noem die boeke op, en elke keer as ek die boek noem, “pass” ek dit aan na hom: *S.J. du Toit*, *Cachet*, *Ons Eerste Digtters*, *Geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde*, inleiding *Digtters en Digkuns*, en vra hom: Is dit kompilasie? Hy kyk hulpsoekend na prof. Louw. Goed, gaan ek voort: ek het gekompileer, maar is dit nie ’n diens wat ek bewys het met die *Bronnegids* nie, en verduidelik die waarde en betekenis van die boek.

Hy wou verder weet hoe ek dit regkry dat die Engelse studente soveel liefde en waardering openbaar vir die Afrikaanse taal en kultuur vandat

hulle deur my hande gegaan het. Hy sê hy as prinsipaal is bewus daarvan. Toe vertel ek hom hoe ek hulle met liefde behandel – liefde wek liefde; hoe ek die Departement help opbou het lank voor die huidige mense gekom het, hoe ek die studente se oë probeer oopmaak vir wat mooi in Afrikaans en die Afrikaanse letterkunde is, ens.

LeMay wou nog weet oor die boeke wat ek saam met my broer geskryf het – hoe ons te werk gaan. Ek sluit af met hom: “Die Bybel sê hoe mooi is dit as broers saam woon en saamwerk.”

Of ek die ekspert is oor die ontstaansteorieë van Afrikaans? “No, my brother.”

Prof. Bozzoli: Hoeveel tale ek ken?

Toe kom die tee; die prinsipaal sê ons moet eers tee drink. Hy sien die boek oor D'Arbez, en sê hy het as kind Van Oordt op Wellington leer ken. Ons val weer weg. “Mr Van Heerden, I am ready”, sê ek vir Willem. Willem ruk soos hy skrik. Almal bars uit van die lag; Willem wou weet oor hoe die Departement saamgestel is; ek het hom alles vertel.

Die prinsipaal vra of daar nog vrae is. Geen. Of ek 'n vraag het? “Nee,” sê ek, “ek wil net baie dankie sê vir die wyse waarop ek vanmiddag as kollega behandel is ... Op die vraag wat ek wil vra, sal hulle tog nie antwoord nie”. Almal glimlag.

Toe sê ek: “Well, I'm off to my farm in the Free State. Merry Xmas, and a Happy New Year to all of you.”

“The same to you,” kom dit van 'n koor.

Ek is dankbaar dat ek sterk, oortuigend opgetree het, nooit gewefel het nie, almal in die oë gekyk het, met 'n helder stem gepraat het, getoon het dat ek vertrou en geloof in myself het – toe moes hulle dit ook glo. Tevere is ek daar weg; tevrede met myself, al het ek geweet die pos bly Ernst s'n. Ek was daar meer as 'n uur, en dit was vir my soos vyf minute. Tevere dat ek deurgedruk het, my selfrespek behou het.

Toe ek by die registrateur se kantoor kom, vertel die tikster hoe sy vir my gebid het, dat mnr. Herholdt (die registrateur) aan my kant staan. Ek kom by die navraagkantoor, en toe vertel die klerk hoe hy vir my duim vasgehou het.

Die aand bel Piet Cillie: “Nien, ek is trots op jou; jy het vanmiddag geskitter. Almal sê jy het 'n indrukwekkende vertoning gemaak. Die Komitee gaan by die Senaat aanbeveel: twee professorate! Dit sal eers a.s. jaar afgehandel word. 'n Spesiale professoraat vir jou in die vroeë Afrikaanse letterkunde. Prof. Louw se voorstel. Totsiens, Nien – lekker vakansie.”

En nou sal ek verder vertel van Louw as hoof van die Departement Afrikaans, en wat verder gebeur het.

Kritiek

Van Wyk Louw kon kritiek op sy werk verdra, maar nie onsinnige kritiek nie. Ek verduidelik met 'n staaltjie.

'n "Kritikus" (Abel Coetzee), wat 'n byltjie te slyp gehad het met Van Wyk Louw, het een van sy boeke in *Die Vaderland* afgemaak, en verwys na Van Wyk Louw soos volg: "My vriend Van Wyk Louw, het 'n swak boek geskryf". Maandagmôre loop Van Wyk Louw hom raak in die gang van die Universiteit Witwatersrand. Hy glip voor die sg. kritikus in, stoot sy bors uit en sê sissend deur sy tande: "Ek gee nie om dat jy my boek probeer verkleineer het nie, maar om my *jou vriend* te noem: that was the unkindest cut of all."

Daar is nooit personeelvergaderings gehou nie, in teenstelling met Van Wyk Louw se voorganger. Toe is selfs notule gehou, en moes die dosente skriftelik verslag inhandig van wat die afgelope week in *elke* lesing behandel is. Die kritiek was nie altyd vriendelik van 'n ondergeskikte wat homself as hoof van die departement beskou het nie. Van Wyk Louw, daarenteen, het met sy personeel by die teetafel gesels oor ons werk. Dit was 'n vaste instelling: elke oggend om 10-uur het ons saam tee gedrink in die personeelkamer. Elke dosent het 'n beurt gekry om te betaal. By hierdie teetafel is personeelsake bespreek – nie formeel nie, eintlik sommer so terloops. "Ek is nou besig met die honneursmense met die eksperimentele poësie," het hy meegedeel. "Petrus, hoe ver het jy met Middelnederlands gevorder? Watter teks gebruik jy? *Beatrijs*? Pieter, is jy nog besig met Etienne Leroux? Onthou daar is darem ook ander prosaskrywers. Ernst, is jy al by die Dertigers verby?" Hy het nie altyd gewag vir 'n antwoord nie, maar skielik gesê: "Ek sien in gister se *Rapport* skryf Willem van Heerden oor sy reis deur Afrika, en waarsku hy dat die reus wakker word." En dan gesels ons oor die toekoms, oor die "Bruinmense" – hy het nie gepraat van Kleurlinge nie –, oor die Hertzogprys. Sy voorspellings oor wie die prys gaan kry, of behoort te kry, was gewoonlik raak.

Toe ek voorsitter was van die Akademie, het hy my meer as een keer te hulp gekom as daar probleme was. Ek dink aan die keer toe Uys Krige nie die Akademieprys vir vertaalde werk in ontvangs wou neem nie. Dit was Van Wyk Louw wat hom opgebel het, en Farao se hart sag gemaak het.

Ek het eenkeer 'n boek vir die eerstejaars voorgeskryf wat nie sy goedkeuring weggedra het nie. Terwyl ons in die gang afstap na ons lesings, sê hy: "Petrus, ek dink ons moet 'n bietjie oor daardie boek gesels." Ons het later gesels, en ek het naderhand saamgestem dat daar geskikter boeke is. Van Wyk Louw was beslis, maar het nooit gedwing nie. Hy was 'n goeie baas wat sy personeel nie as ondergeskiktes nie, maar as kollegas in die ware sin van die woord beskou en behandel het. Daar is spanwerk gedoen, en daarom het jy elke môre met 'n glimlag universiteit toe gegaan.

Hy wou graag sien dat sy personeel navorsing doen, en het hulle steeds aangemoedig. As 'n nuwe boek van een van ons verskyn het, is die boek feestelik ingehaal, en 'n plek toegeken, openhartig, op die akker van die Afrikaanse letterkunde.

Eksamentyd was 'n tyd van spanning. Van Wyk Louw kon hom geweldig bekommer oor die uitslae. As die eksamenantwoorde terugkom van die

eksterne eksaminator, is ons almal aangesê om te kom beraadslaag. Hy was nie so baie geïnteresseerd in wie en hoeveel met onderskeiding geslaag het nie, eerder wie en hoeveel gesak het. Dit het altyd opgeval hoe baie, selfs van die eerstejaars, hy by hulle name of gewoontetjies geken het. Hoe weet ek nie, maar hy het altyd geweet watter student laat slap lê het, watter student hardwerkend was.

En nou het Ann Brown gesak. Eers het hy sy eie antwoord op sy vraag nagelees, gepeins, 'n punt neergeskryf. Dan moes elkeen van ons sy besondere antwoord weer nalees en herwaardeer. "Ons kan almal 'n fout maak; dit is nie wiskunde-antwoorde nie. Lees asseblief weer".

Soms kon die punte verstel word, soms nie. As dit nie moontlik was nie, was hy tevrede. Nooit het hy 'n antwoord van een van ons nagelees, en ons oordeel in twyfel getrek nie. Sy dosente se menswaardigheid en selfrespek het hy altyd gerespekteer.

Uit bostaande is dit duidelik dat Van Wyk Louw vir *al* die studente klas gegee het: 1ste, 2de, 3de jaar, honneurs, of studente vir die doktorsgraad. Hy het nie gemaak soos sommige hoofde van departemente: om net beskikbaar te wees vir nagraadse studente nie. Hy wou *al* sy studente leer ken, hy wou *almal* onderrig. Hy het nie hard gepraat nie, maar wel so dat almal hom kon hoor. Nooit, sover ek weet, het hy enige dissiplinêre moeilikhede met studente gehad nie.

Ek weet dat studente geen lesing van hom wou misloop nie. Hy het 'n besondere metode van lesing-gee gehad: meer asof hy met sy studente gesels, hulle uitlok om saam met hom te dink. Van ons dosente het Van Wyk Louw se tegniek probeer toepas, maar nie daarin geslaag nie.

Hy was toeganklik vir sy studente. Hulle het gekom en gegaan na en van sy kantoor. Spreekuur het hy nie gehad nie – al was daar 'n kennisgewing op sy deur. Die hele dag was spreekuur. Ek weet dat hy nie net studieprobleme met hulle bespreek het nie, maar ook persoonlike probleme. Hulle het vertroue in Van Wyk Louw en sy oordeel gehad. Vir baie was hy 'n biegvader. Maar, soos 'n biegvader was hy lojaal, en nooit het hy geheime wat aan hom toevertrou is, na buite rondgestrooi nie.

Hy het saam met hulle gelewe. Kort voor 'n eksamen, kom drie dame-studente die gang af, en natuurlik glimlag hulle vriendelik – lag selfs uitbundig. Toe die studente verbykom, vra hy: "Lag julle vir my?" "Nee, professor," antwoord een, "ons lag vir 'n ander grap." Wat het hy gedoen? Hy het nou saamgelag.

Van Wyk Louw was nie 'n grapmaker nie: daarvoor was hy te diepsinnig. Maar hy was 'n hartlike mens. As ek aan hom dink, sien ek altyd 'n fyn glimlaggie om sy mondhoeke lê, 'n byna verborge glimlag in sy oë.

Van Wyk Louw was lief vir studente, vir kinders; vir alle jongmense; vir sy eie kinders, Reinet en Peter, was hy *baie* lief. Ek weet hoe graag hy hulle onderrig het, veral in die letterkunde – en klassieke mitologie. In *Die Jongspan* het in die dertigerjare verskeie van sy vertellings vir kinders

verskyn.

Hy het soms na buite die indruk van 'n harde mens gemaak. En tog het my seun ondervind dat hy 'n klein hartjie gehad het, veral waar kinders op die toneel verskyn het. My seun Gawie was in Matriek op die Hoërskool Helpmekeer. Hy was redakteur van hulle jaarblad. Van Wyk Louw se *Germanicus* is deur die matriekklas opgevoer, en Gawie moes 'n nuwe foto hê van Van Wyk Louw. Hy is 'n fotograaf; het op sy Honda, wat hy met 'n wedstryd gewen het, geklim en is na Van Wyk Louw se huis in Linden, sonder afspraak. Dit was 'n paar maande voor sy dood. Hy het geweier om afgeneem te word. "Nee, Gawie, glad nie."

Gawie was oud genoeg om te weet dat hy nie moes aandring nie. Verleë het hy gegroet: "Totsiens dan, oom Wyk."

Van Wyk Louw moes die teleurstelling op sy gesig gesien het. Toe Gawie by die hek wil uitgaan, het hy hom teruggeroep. Hy het vir Gawie geposeer ... Ek glo dit is van die laaste foto's wat van Van Wyk Louw geneem is.

Van Wyk Louw-kamer

Van Wyk Louw is 'n nederige mens, en juis daarom 'n groot mens. Dit is die indruk wat sy kamer op die besoeker maak.

Truida Louw het tydelik in Pretoria gewoon terwyl sy vir TRUK gehelp het. Ek het haar vertel van die museum wat vir Bloemfontein beplan word. Sy was gewillig om saam te werk.

"Die meubels is in Johannesburg gestoor, Petrus. Ons kan eendag daarheen gaan wanneer dit jou pas."

Truida was gewillig om met my bakkie te ry. Die meubels was in die kelder van die huis van mev. Neon Roets, lektrise in Afrikaans aan die Universiteit van die Witwatersrand.

Ek kon uitsoek wat daar was en nodig gehad het. As ons vroeër die museum beplan het, kon sy die nodige meubels gehou het, veral die studeerkamermeubels. Sy studeertafel was sy leuningstoel met 'n greinhoutplank oor die arms; hier het hy ongeveer al sy gedigte, essays en briewe geskrywe; agter die stoel 'n staanlamp, en 'n matjie voor sy voete. Die "studeertafel" was haar seun Peter se eiendom, maar hy was gewillig om dit aan die museum in bruikleen te gee – later het hy Van Wyk Louw se armhorlosie geskenk.

Truida het nog beskikbaar gestel hul eettafel met uittreklengtes; twee muurakke vir boeke wat hulle uit Holland saamgebring het; 'n bamboesblomhouer (ook uit Holland), verskillende afdrucke van Hollandse en Vlaamse skilderye; foto's onder andere van hulle huis in Clifton, Kaapstad. Talle personalia van Van Wyk Louw het Truida vorendag gehaal: 'n beursie, paspoort, barometer, brille, muntstukke wat hy versamel het, die beroemde beitelkje, 'n manuskrip van gedigte, kledingstukke, soos toga's wat hy gedra het by die ontvangs van eregrade van verskillende Universiteite, sy reiskoffer, ens.

Later het sy skoonsuster Anna Neethling-Pohl sy mansjetknopies geskenk, asook sy kiere.

Die nodige vertoonkaste is gemaak vir die museum; die materiaal is keurig gerangskik daarin, sodat die kamer van Van Wyk Louw 'n groot aantreklikheid is vir besoekers, en veral vir leerlinge en studente – die kamer van die grootste Afrikaanse digter.

In Van Wyk Louw se kamer hang daar 'n masker wat ek by Johanna Wassenaar gekoop het, en nog my eiendom is.

Truida het vir my as persoonlike aandenking aan Van Wyk Louw 'n porseleinplakkie gegee waarop geskryf is 'n gedig in Italiaans. Toevallig kom dieselfde week by my 'n brief aan Van Wyk Louw van 'n suster oor die vertaling van dié besondere gedig. Die vertaling was ingesluit. Hier was alles bymekaar nou. Die brief en vertaling het ek by die RGN laat bly, maar die plakkie na die museum gebring.

Aart van der Leeuw het twee van Van Wyk Louw se boekrakke gekoop. Truida het my daarvan gesê. Ek het Aart genader en hy was gewillig om hulle terug te verkoop aan die museum. Ek het hulle by hom gaan haal met my bakkie, en na Bloemfontein geneem.

Of hy maklik vriende gemaak het? Ek glo nie. Maar ek weet wel, as hy eenkeer sy vriendskap aan iemand gegee het, was hy lojaal. En tog, as iemand sy vertrouwe geskok het, was die breuk finaal. Dirk Opperman wou 'n verlore vriendskap herstel. Ek was in die Kaap op besoek. Dirk het my gevra om vir Van Wyk Louw 'n bottel kosbare, verouderde Kaapse wyn saam te neem. Ek het dit gedoen; die bottel wyn vir hom in sy kamer gaan gee. Toe hy hoor van wie dit kom, het hy die bottel saggies in sy snippermandjie staan gemaak. Ek het dit vir die goeie gewer verswyg, en is bly daarvoor.

Wat myself betref: Van Wyk Louw het van Amsterdam gekom om die leerstoel aan Wits te beklee. Ek het, glo ek, my bes gedoen om hom tuis te maak en in te lei in die werksaamhede van Wits. Hy het my nooit gesê dat hy dit waardeer nie, maar een môre kom hy na my kamer en oorhandig aan my die seldsame bundel, die tweede druk van 1890 van die eerste Afrikaanse digter, D.C. Esterhuyse, ook van Sutherland. Voorin staan geskrywe: "Aan Petrus, in vriendskap van Van Wyk Louw." En toe stel hy voor: "Kom ons noem mekaar op die naam". Vir my was dit aanvanklik moeilik om iemand van sy statuur aan te spreek as *Wyk*.

Maklik met vreemdes gesels?

Ek dink nie so nie. Maar hy was 'n heer, en het altyd teenoor almal, vreemdes en bekendes, soos 'n heer opgetree. My indruk is dat hy 'n teruggetrokke mens was; dat hy nie maklik geselskap gesoek het nie, en seer seker nie van vreemdes nie. Hy was 'n aristokraat.

Waaroor hulle gesels het? Ek weet nie: ek was nooit by Van Wyk Louw as hy alleen was nie.

Eerste Gedig

Dit is toe ek die *Bronnegids by die Studie van die Afrikaanse Taal en Letterkunde* uit tydskrifte en koerante saamgestel het, dat ek op die eerste gepubliseerde gedig, sover ek weet, van Van Wyk Louw afgekom het. Dit het verskyn in *De Goede Hoop* van 15 November 1921. Op bladsy 169 is dit afgedruk: *By een Siekbed*. Hy het dit geskryf, het Van Wyk Louw my vertel, terwyl hy in die bed met pampoentjies was. Daarom die somberheid in die gedig, die verlange na die dood. Die vorm is nog onbeholpe. Hier volg die gedig:

Donker die dag en die wolke is swart,
Swarter gevoele bruis op uit mij hart.

"Is daar 'n God wat ons lewes regeer,
Of word ons soos stof deur die lot meegesleur?"

Wanneer deur die wolke een sonstraal mag skijn,
Dis net om te spot met mij lijde en pijn.

Te spot deur te wijs van die tije wat was,
Die tijd wat begraaf' lê in puine en as.

Ag, hoe kort gelede
Het die lot gelag
Helder, skoon en lieflik
soos een lentedag!

Maar mij lewe is te gou
in donker nag geblus –
Ag, dat ik net soos die lente
in die graf kon rus!

Mij liggaam gestrek op een siekbed
Verwag net een spoedige graf –
Die siel wat geduld'loos so oprijs
wag nog een ewigheid af.

Maar wat is dit wat soos een ligstraal daar skiet
Mij siel te verlig? Dis een voëltjie se lied!

Nie sugtend en sag, van die sonlig
van lente so haastig verbij,
Maar helder en heerlik en hoopvol
Van sonne wat nogmaals sal skijn.

Daar breek deur die wolke die sonlig,
Verheerlik, verhelder die dag:
En die lied van die voël soos 'n sonnestraal
Verdrijf uit mij hart ook die nag.

Oor sy ander digwerk as student aan die Universiteit van Kaapstad, kan 'n mens nalees by D.J. Opperman in sy proefskrif: *Digiters van Dertig* (1953).

Erelidmaatskap van die Akademie is in 1973 aangebied aan N.P. van Wyk Louw. Die Huldigingswoord is deur my uitgespreek:

“Dit is vir die Akademie ’n groot voorreg om sy hoogste onderskeiding, die Erelidmaatskap, aan die mees vooraanstaande letterkundige figuur in Afrikaans, prof. dr. N.P. van Wyk Louw, toe te ken. Reeds drie maal is prof. Louw se skeppende arbeid met die Hertzogprys bekroon, en wel op die gebied van die poësie, die drama en die kritiese prosa. Dit is ’n aanduiding van sy hoë verdienstes as skrywer en van sy veelsydigheid.

Maar vandag wil die Akademie ook homself eer deur die naam van N.P. van Wyk Louw toe te voeg tot die ererol van geleerdes en volksfigure wat elkeen op sy gebied tot die geestelike welsyn en roem van die Afrikaner bygedra het.

Wanneer daar gebrek aan stof is by die huldiging van ’n bekroonde, neem ’n mens jou toevlug tot lewensbesonderhede en lyste van publikasies. Met Van Wyk Louw is dit nie nodig nie – in elke literatuurgeskiedenis is hierdie gegewens te vind.

Die eer wat ’n volk aan sy groot skeppende kunstenaars betoon, is ’n maatstaf van sy eie beskawing, want hulle is die vertolkers van die volk se diepste wese, hulle vind die bevrydende woord vir die onkenbare magte wat in die volk se hart worstel en deur hulle word ‘die skoonheid en die luide faam van lettere langs die eeue af basuin’. Wat Afrikaans geword het en vandag is – van die eerste naïewe tasinge van die sogenaamde kombuistaal tot die magtige instrument wat in die simfonie van die Wes-Europese belletrie saamruis –, het ons te danke aan groot skeppende geeste, soos o.a. N.P. van Wyk Louw.

As groot digter, dramaturg en essayis het hy ons taal ’n nuwe glans en tekstuur gegee. Maar sy invloed as leier was nie tot die eng-literêre beperk nie. As hoogleraar in die Afrikaanse taal en letterkunde aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam, het hy ook die Suid-Afrikaanse wêreldbeeld in stamverwante land uitgedra. Deur sy kontakte met leidende figure in die Nederlandse geesteslewe het hy ’n groot bydrae gelewer tot ’n simpatieker begrip van ons land en sy strewe in hierdie eeu van omwoeling en veranderende winde. Op sy eie spesiale manier het hy die onuitroeibaarheid van die Afrikaanse denke as verheffende en opbouende krag bewys en steeds beklemtoon. Daarvoor wil ons hom dank en eer.”

Charl-Pierre Naudé Emanuel Swedenborg

Langer as die ander, het hierdie man
Effens eenkant gewandel onder die volk,
En soms op hul Hemelse name na 'n wolk
Vol engele geroep. Hy kon dan
Sien wat aardse oë nie beskore was:
Die fel vlakke, die kristal-labirint
Van God, en menigtes wat maal in die grint
Van die Helvloer se vuurwarm plesierlas.
Hy't geweet die Glorie en Verdoemenis
Met al hul mites, is ook in die siel;
Soos die Griek het hy geweet dat die wiel
Wat draai, dae, die Ewigheid se spieëls is.
In dor Latyn het hy lyste gemaak
van die Laaste wyke, deur tyd onaangeraak.

Jorge Luis Borges
(vertaal uit Spaans)

Die suiwer stryd

Che Guevara was tot die suiwer stryd verbind,
die skoon vlam en die onverdunde reg,
die helder doel, die ongekorrupteerde weg.
Sy enigste dak was Marx, en die pampaswind.
Hy't met die bundeltjie Neruda styf teen sy bors
geslaap, en voorgelees daaruit op parade.
Ondanks oorlog was skoonheid sy hoogste waarde,
uit die blink stroom geskep, utopia sy dors.
Nog nie vermoed ... (Selfs die mooiste en onskuldigste
liefde slaap tog soms met 'n mes onder die kussing ...)
Die stryd was reeds syne, toe die digter
'n bleker, en maer Che vra: "Hoe voel oorwinning?"
"Ek kan nie ophou veg nie," het hy uit die newel
geantwoord. Vreesbevange. Kort daarna gesneuwel.

Refleksie

Ek't die Hemel gesien; en weet die mens het 'n siel:
in 'n ruit wat argeloos deur die wind gewaai word
draai stadig, 'n ander, geestelike wêreld;
ons astrale liggame sit in glas vas, gespeël.
Ons was kinders destyd voor die oop, skuinsgehelde
hortjies van die louvres waarin die vallei
onder, op sy kop lê in verbeelding se velde,
en onderstebo mense op die wolke rondgly.
Dit was duidelik: dié ryk waarin wesens wemel
wat met 'n hefboom beheer word, was die Hemel.
In daardie vensters het die hiernamaals geskyn.
Wat 'n vreemde vermoede: die engele in ruit
vervaag as dit donker word en die Hemel verdwyn
eenklaps eendag, wanneer die luike sluit.

Inversie

Die Rede, self 'n kollektiewe waan,
kan nie bewys dat God nie bestaan nie.
Hulle wat jy in die dag nooit raakgesien
het, kom soms uit die diep droom, om jou bed staan.
En tog, kan 'n mens sê dat God dood is? Miskien.
Maar met jou elmboë, op 'n lessenaar nogal,
materie, 'n niet, op die ingekeerde heelal.
Lank leef die biddendes, hulle gee nie op nie
maar soek na die Oorspronklike Een, astronome
van die nanag wat deur metafoor-lens, en drome
lewende rokkies aantrek vir die poppies
in die middel van hulle atome.
Maar net oor die taslike gis die seularis:
die arme, arme fundamentalis.

Hennie Aucamp Die onsigb're naelstring*



The Batman Adventures 3

Kritici het al meerdere male daarop gewys dat my boeke soms in pare of in tritise gebeur.

Prof. Elize Botha het byvoorbeeld één resensie oor *Hongerblom* (1972) en *Wolwedans* (1973) geskryf, want haar fyn intuïsie het haar gesê dat beide boeke, ofskoon totaal verskillend in toon, “uit dieselfde periode stam”. ’n *Baksel in die môre* (1972), ’n koproduksie met my niggie Margaret Bakkes, gebore Aucamp, is ’n bewustelike aanvulling by die streekboek *Op die*

* Praatjie gehou in die Boekesentrum, Naspersgebou, Kaapstad op 25 Maart 1995, n.a.v. *Die blote storie* (2) (1994) en *Gewis is alles net ’n grap* (1995).

Stormberge (1971) waarvan ek die redakteur was. Met die verskyning van *Wat bly oor van soene?* (1986) het ek self daarop gewys dat dié bundel kortverhale die regstreekse neerslag was van *Die blote storie (1): 'n werkboek vir kortverhaalskrywers* (1986). En so pas, met die verskyning van *Gewis is alles net 'n grap* (1995), het beide J.C. Kannemeyer en Abraham de Vries die mening uitgespreek dat *Gewis is alles net 'n grap* die sluitstuk is van 'n drieluik wat begin het met *Wat bly oor van soene?*, gevolg deur *Dalk gaan niks verlore nie* (1992).

Voor ek iets meer sê oor die ooreenkomste – of vermeende ooreenkomste – tussen pare boeke en tritise boeke (ja, daar was nóg 'n soort drieluik, nl *Dooierus* (1976), *Enkelvlug* (1978) en *Volmink* (1981)), wil ek die volgende stelling waag: dat daar tussen alle boeke – alle tekste, trouens – van dieselfde skrywer, “die onsigb're naelstring (is) wat nie breek”. Dit is presies waarmee navorsers na die totale produksie – die oeuvre – van 'n skrywer hulle besig hou: hierdie bindingsdraad tussen tekste wat oor dekades strek. Ek vind dit jammer dat plaaslike navorsers hierdie hoogs kreatiewe vorm van navorsing, nl. oevrestudie, so onderverkend laat bly. Alles van een hand – verhale, gedigte, romans, briewe, dagboeke, resensies – kan na een psige herlei word. 'n Eugène Marais en 'n M.E.R. was byvoorbeeld net so volledig aanwesig in hul resensies, voorwoorde tot ander se boeke en in hul briewe aan die pers as in hul primêre skeppings.

Die sogenaamde juvenalia oftewel jeugwerk van skrywers, skilders en komponiste, bevat dikwels belangrike sleutels tot die binneskappe van hierdie skeppers. Die jong Uys Krige skryf byvoorbeeld op negejarige leeftyd 'n brief in Engels oor die vredesvierings in die Kaap in 1919 wat toe reeds ál die sintuiglikheid en die romantiese vaart van die latere Uys Krige demonstreer. Hier volg die betrokke brief, soos aangehaal deur Etienne van Heerden in sy opstel “Die goue seun: Krige se vroeë vormingsjare”:

“We went to see the ‘Peace Celebration’ on Monday night. Parliament House was the prettiest of all. It was decorated with lovely coloured red, blue and orange. The Station was like a big yellow castle. I saw the little lights on the ships, and I saw the rockets going up in the sky, and they looked like big snakes. I was sitting on one of those blocks by the arch, and I saw nothing but hats bobbing up everywhere.”

Ook ék het onlangs die byna onheimlike ervaring gehad dat ek in verbinding gebly het met die kind wat ek eenmaal was. Ek het 'n jaar of drie gelede 'n stel fabels vir alle ouderdomsgroepe geskryf, onder andere 'n fabel oor die fatale romanse tussen 'n skoelapper en 'n sprinkaan. Dis 'n herskrywing van 'n fabel wat ek op veertienjarige leeftyd op ons plaas Rust-mijn-ziel geskryf het en wat ek destyds – raai, sonder enige ironie – “Vlinderita” genoem het. My inspirasiebronne was die gelyknamige *romantjie van Eliza-beth Vermeulen* en 'n Wena Naudé-opvoering, *Vlindertjie gewond*, laasgenoemde na *Madama Butterfly* van Puccini. (Die Puccini-assosiasie werk deur tot in “Vlinderita” se nuwe titel, naamlik “Een skone dag”.)

Daardie fabel, “Vlinderita”, het totaal verdwyn, soos manuskripte maar gedurig weggeraak het in die pre-fotokopieerder-, pre-woordverwerkerjare. Maar toe ek “Vlinderita” ná ses-en-veertig jaar herskep, was alles weer daar: die karakters, die intrige, die agtergrond. Veral die plaasagtergrond: die populierbos langs Holspruit, die rooi sloot in die vlei waar die akasias so bedwelmend soet ruik in die lente. Ek het my verbeeld dat ek met ’n paar slim variasies op my ou tema gekom het, tot ek met ’n skok besef het dat ook hierdie variasies deel was van die oorspronklike fabel. O, ja, Katherine Anne Porter is reg waar sy in haar beroemde essay oor Willa Cather skryf:

“I have not much interest in anyone’s personal history after the tenth year, not even my own. Whatever one was going to be was all prepared for before that. The rest is merely confirmation, extension, development. Childhood is the fiery furnace in which we are melted down to essentials and that essential shaped for good.”

“Speurgodjies” na die sogenaamde Dekadensie by Aucamp sou by “Vlinderita” kon begin. Oorsensitieweit, ’n bewustheid van liefde as noodlot, “high camp”, dit sal u alles in hierdie fabel terugvind. En in die stadium van die oorspronklike “Vlinderita” het ek nog glad nie van Oscar Wilde gewee nie, wat nog te sê sy “fairy tales” gelees; en van Jules Renard se *Histoires naturelles* sou ek eers aan die universiteit hoor.

Dis ’n illusie dat ons radikaal verander met die jare. Dis waar dat ons soms op grond van lewens- en lees- en droomervarings gedwing word om kennis te neem van ons “unused self”; maar die “nuwe selwe” – ek leen by Opperman – bly in gesprek met ons oerself. Ons oerself bly ons sentrale kragverwekker.

Sal ’n mens ’n ou Franse sêding ligtelik aanpas en gelate besluit: Hoe meer die mens verander, hoe meer bly hy dieselfde?

2

My praatjie heet “Die onsigb’re naelstring”.

Ek wil oor *Die blote (2)* en *Gewis is alles net ’n grap* praat en gaan, uit nuuskierigheid in die eerste plek, maar ook om ’n sekere eenheid aan my praatjie te gee, voort met my “onsigb’re naelstring”-teorie.

3

Toe J.C. Kannemeyer en Braam de Vries die moontlikheid noem dat my jongste kortverhaalbundels ’n drieluik sou kon wees, het ek flouerig met hul saamgestem. Dit gaan wel later in dié praatjie blyk hoekom ek so “flouerig” was.

Natuurlik is die gemelde here reg. Die titels van my jongste bundels is duidelik in gesprek met mekaar. Eers is daar ’n probleemstelling: *Wat bly oor van soene?* Dié probleemstelling word in ’n mate deur die betrokke

bundel self ingelos, en by name deur een van sy motto's, naamlik 'n gedig van Kaváfis wat ek vry uit Engelse, Nederlandse en Duitse bronne vertaal het. Hier volg die gedig:

HUL OORSPRONG

Hul verbode genot het gebeur
en, van die bed af opgestaan,
trek hulle haastig aan, sonder praat.
Afsonderlik en heimlik verlaat hulle die gebou
en soos hulle onrustig oor die straat stap
lyk dit of hul weet dat iets aan hul kleef
wat dalk kan verklap: die bed van so pas.

Maar wat 'n aanwinst vir die lewe van die Kunstenaar:
môre, oormôre, of ná jare sal hy die eerste reëls neerskryf
– die kragtige reëls – wat hier begin het.

Geen ervaring, hoe banaal op sigself, is betekenisloos as dit omgesit word in iets duursaams nie: dit is wat Kaváfis in soveel woorde sê.

En die geloof in *gees*-draende skeppings word letterlik die antwoord van die bundel *Dalk gaan niks verlore nie* op sy voorganger se vraag: *Wat bly oor van soene?*

Dis natuurlik debatteerbaar hoe optimisties Germanicus is wanneer hy teen die einde van die gelyknamige toneelstuk sê: “En dalk gaan niks verlore nie”. By Germanicus – soos by Van Wyk Louw en Tsjehof – is optimisme soms moeilik te onderskei van wanhoop. As van Tsjehof se optimiste sê dat die wêreld oor 'n duisend jaar 'n beter plek mag wees, lug hulle volgens my 'n diep gesetelde wantroue in die mens eerder as geloof in die mens. Iets van my argwaan oor die veronderstelde optimisme van Germanicus slaan deur in die titel van my jongste verhaalbundel, *Gewis is alles net 'n grap*. Dié titel is miskien nie so sinies as wat dit binne die konteks van “Skoppensboer” van Eugène Marais klink nie. Ek vind dit in werklikheid onmoontlik om aan myself as 'n volslae sinikus te dink. Miskien ly ek bloot aan morele disleksie, want ek lag deesdae al hoe harder oor dinge waaroor 'n mens nie veronderstel is om te lag nie. In dié sin sluit ek aan by die akteur Jack Nicholson wat ek laat saampraat in die motto's tot *Gewis is alles net 'n grap*. Jack Nicholson – onthou u hom nog as die sinistere Joker in *Batman?* – sê onder andere: “I no longer can tell the difference between comedy and drama”.

Ja, die ouderdom kom met gebreke, en party is op die koop toe tegnies van aard. James Thurber het byvoorbeeld op ouderdom 59 gesê: “With sixty staring me in the face I have developed inflammation of the sentence structure and a definite hardening of the paragraphs”.

Nou ja, so lank 'n mens oor Thurber kan lag of oor wie of wat ook al, solank kan jy oorleef.

Nie net oorleef nie, maar leef, met hoofletters: LEEF. Die wonderlikste

ding van 60+ is dat jy uiteindelik die hanswors, die Joker, die sater in jousef kan vrystel en jousef so koelbloedig kan dekonstrueer as wat jou toegewydste vyand dit nie kan doen nie.

Ek gaan nie veel meer sê oor die ooreenkomste tussen my jongste verhaalbundels nie. Al drie titels is aan die letterkunde ontleen. Om op te som: *Wat bly oor van soene?* kom uit 'n verhaal van Bertolt Brecht, getiteld "Die trofeë van Lucullus"; *Dalk gaan niks verlore nie* kom uit die drama *Germanicus*; *Gewis is alles net 'n grap* kom uit Eugène Marais se mees dekadente teks, naamlik "Skoppensboer". Hiermee verklaar ek onboetvaardig dat ek 'n literêre skrywer is – 'n skrywer wat, teen Van Wyk Louw se credo in, *glo* dat daar wel weer letterkunde uit die bestaande letterkunde te haal is.

Die heersende opvatting omtrent inter- intratekstualiteit strek sowel die kritikus as die skrywer tot voordeel, mits dié opvatting dinamies en kreatief aangewend word. Plagiaat, volgens my, is nog altyd 'n geldige begrip; en 'n skrywer wat niks te sê het nie, gaan sy leser verveel, al stop hy sy teks tot barstens toe vol aanhalings en sinspelings.

Laat ek vir 'n oomblik in die oordeel oor myself sit.

Wat bly oor van soene? het gevolg op my werkboek *Die blote storie*. Ek het van my verhaalbundel 'n tweede werkboek probeer maak. Verhaal na verhaal het geproklameer dat dit 'n artefak is, by wyse van 'n opdringerige begeleierstem wat ál tussen verhaal en leser kom. Die skrywer cum spelbederwer is, wat my betref, iets van 'n modeverskynsel: en modes – ook literêre modes – het 'n manier om stilweg van die toneel te verdwyn. Wat bly, is die *storie*: onvervals, onaangedik deur selfbewuste teorie. ('n Verhaal wat sy teorie en tegniek spontaan absorbeer, en nie soos 'n knopie in sy lapel dra nie, is natuurlik iets anders.)

Die sonde waaraan *Dalk gaan niks verlore nie* ly, is dat dit soms alte opsigtelik besig is met die hersirkuleringsgedagte. Ek hersirkuleer temas uit my eie werk, maar ook temas uit groter bronne, soos byvoorbeeld *Die Bybel*. En weer kan die leser hom na enkele verhale ingeloop voel: hy wou stories lees, en nou sit hy met variasies op temas.

Met *Gewis is alles net 'n grap* het ek "literatuur" probeer afsweer. Ek het teruggekeer na die oerbronne van vertelling: anekdotes, grappe, liegstories. En 'n paar verhale lank het dit klopdisselboom gegaan. Ek het gevoel dat ek my by die kampvuur kan aanmeld tussen manne soos P.G. du Plessis, Jan Spies en Ferdinand Deist.

Maar 'n booswig was reeds in die verhaal "Die laaste huisgerief" werksaam: so soetjies aan het dié verhaal 'n dekonstruksie van die kontreiverhaal geword. As die benadering in *Wat bly oor van soene?* metatekstueel was, en as die strategie in *Dalk gaan niks verlore nie* hersirkulering was, dan is dekonstruksie dié handgreep in *Gewis is alles net 'n grap*. Maar ek lieg darem nie heeltemal nie: daar is 'n hele paar ouderwetse stories in dié bundel, presies soos die ondertitel beweert. Stories sonder 'n versteekte

agenda.

Sal ek in selfflagellasie sê dat die hang na literatuur en esteties óók deel is van “die onsigb're naelstring” in my werk?

4

Skryf oor die skryf van stories is vir my byna net so lekker soos die skryf van stories self.

Die blote storie (2) en *Gewis is alles net 'n grap* kan as 'n tweeling gesien word, hoewel nie identies nie.

Nee, nou oordryf ek totaal.

Die naelstring tussen my twee jongste bundels is in werklikheid baie dun; baie, baie dunner as dié tussen *Die blote storie (1)* en *Wat bly oor van soene?* My jongste bundels het los van mekaar in die tyd gebeur en die een is nie 'n reaksie op die ander nie.

Eintlik is daar net twee raakpunte.

In my verhaal “En hoor jy die kosmiese dreuning?” verwys ek na die verhaal “Mal Gert” van I.D. du Plessis, en in *Die blote storie (2)* staan “Mal Gert” daar as voorbeeldverhaal.

Toe ek 'n paar jaar gelede ál I.D. du Plessis se verhale gelees het, het ek op ses – helaas net ses – afgekom wat die tand des tyds oorleef het. Twee van dié ses hoort myns insiens in standaardbloemlesings, naamlik “Mal Gert” en “In die Kompstuijn”.

Die insluiting van “Mal Gert” is ook iets van 'n persoonlike huldeblyk. I.D. du Plessis was 'n leeftyd lank 'n pleitbesorger vir die kortverhaal, en het dit dikwels “die sonnet van die prosa” genoem. Reeds in die jare dertig het hy 'n hoogs gesofistikeerde M.A.-kursus oor die kortverhaal aangebied.

Die probleem met sy verhale is dat hul slotte jou meesal in die steek laat. Dis gelukkig nie die geval met “Mal Gert” en “In die Kompstuijn” nie: die slotte van dié twee verhale is nét reg; hulle fluit soos 'n sweeps slag by jou ore verby.

“Mal Gert” werk naamlik met 'n romantiese veronderstelling: sê nou daar is werklik nog 'n oerdier – 'n lewende oerdier – verskuil onder die kors van die Karoo?

Die ander raakpunt wat *Die blote storie (2)* en *Gewis is alles net 'n grap* het, is visueel van aard.

Wanneer u my verhaal “'n Piazzetta in privaatbesit” lees, behoort u *Die blote storie (2)* byderhand te hê, want die Piazzetta-tekening waarna ek verwys, is die een wat op die buiteblad van *Die blote storie (2)* verskyn. As u geduldig is, kan u my beskrywing van die tekening aan die omslag kontroleer:

“My Piazzetta ... het 'n netjiese baadjie aan, een van goeie materiaal, straks fluweel, en met 'n opslaankraag; en op die koop toe het hy 'n dik

slapbandboek in sy linkerhand, sy duim
om die agterblad, sy wysvinger in die boek,
om nie sy plek te verloor nie, sy ander vingers
om die voorkant van die boek gebuig. Dis net
sy hare wat hom met Piazzetta-kwajongens
verbind: kort geskeer, maar dig op sy kop
en dig om sy ore, permanent deurmekaar, of
dit net met die vingers gekam word."

Ek het my Piazzetta in Firenze gekoop: 'n faksimile van die oorspronklike tekening, op sterk papier. Dit was redelik goedkoop, en ek het 'n paar ander faksimileë gekoop as geskenke vir vriende.

My Piazzetta is geraam en het in my kantoor in die Opvoedkunde Gebou in Stellenbosch gehang. Dit het 'n soort ikoon en 'n gewete geword, want elke keer dat ek daarna kyk, het dit 'n passasie in die roman *Die moeder (La Madre)* van die Italiaanse skryfster Grazia Deledda geaktiveer. Ek haal dié passasie in dr. Con de Villiers se voortreflike vertaling aan:

"Daar is die seun, vlak voor hom: gespanne,
brandend, soos die yster wat uit die vuur
kom en op die hamerslag wag om sy vorm
te ontvang; elke woord kan hom nou baat
of skaad."

Weet mense wat hulle in die onderwys begeef aldag wat 'n verskriklike verantwoordelikheid hulle op hulle neem? Net dwase en idealiste, so lyk dit my, storm in die onderwys in: selfs die engele hou hulle versigtig eenkant. Toe ek my kantoor op Stellenbosch ontruim het, het ek uiteraard ook my ikoon van die muur gehaal. Ek gaan nooit weer die Piazzetta teen 'n muur hang nie, het ek besluit: my onderwysjare is vir goed verby.

Maar toe ons begin dink aan 'n buiteblad vir *Die blote storie (2)*, toe weet ek onmiddellik wat dit sal wees: 'n Piazzetta in privaatbesit.

5

Tyd om op te hou.

Ek het beloop om te sê hoekom ek flouerig saamgestem het toe J.C. Kannemeyer en Braam de Vries gevra het of ek my drie jongste bundels as 'n drieluik beplan het.

'n Skrywer – of moet ek liewers sê: *hierdie* skrywer – wil graag glo dat hy volkome intuïtief werk; dat sy strukturerings en oplossings vanuit 'n verhaal self gebeur.

Hy probeer vergeet dat daar boekrakke agter hom oprys wanneer hy voor 'n onbeskrewe vel papier gaan sit. Hy probeer sy verlore onskuld herwin voor daardie vel wit papier. Hy probeer vars kyk na dinge, met die ongeskonde naïwiteit van 'n Adam in die Paradys.

Dr Con de Villiers het dikwels gesê: Naas talent is naïwiteit 'n skrywer se grootste bate.

Ek leef al lank en het gevaarlik baie geskrywe. As ek skielik sou ophou skryf, kan u maar weet wat gebeur het: ek het – verstrooid soos ouer mens nou eenmaal is – my laaste bietjie naïwiteit iewers laat lê. En dán sal die silwer draad vir my afgesny wees; die kruik by die fontein gebreek wees. Gaan lees maar weer 'n slag Prediker 12.

Verwysings

- The Batman Adventure no 3 1995 DC Comics, A division of Warner Bros; (c) 1995 DC Comics, A division of Warner-Bros. – A Time Warner Entertainment company. Published under license by AMERICOM (PTY) LTD. IN 1995, CNR 102 IVY ROAD & FANNY AVENUE, NORWOOD, 2192, JOHANNESBURG.
- Botha, Elize. "Ontgogeling is sleutelwoord", *Hoofstad* 23 Augustus 1974.
- Deledda, Grazia. "Die moeder", vertaal deur C.G.S. de Villiers en opgeneem in *Twee vroue*. 1966. Johannesburg: Perskor.
- Kafávis. Sien motto tot *Wat bly oor van soene?* 1986. Kaapstad: Tafelberg.
- Porter, Katherine Anne. "Reflections on Willa Cather", *The Collected Essays and Occasional Writings of* –. 1970. New York, N.Y.: Delacorte Press.
- Thurber, James. Aangehaal in *The Writer's quotation Book*; verdere informasie onbekend.
- Van Heerden, Etienne. "Die goue seun: Krige se vroeë vormingsjare", opgeneem in *Die veelsydige Krige*, onder redaksie van J.C. Kannemeyer. 1988. Kaapstad: Human & Rousseau.

Universiteit van Stellenbosch

Joan Hambidge Hugh Grant gly in die modder*

Dit was jy wat opgemerk het hoé die man, vertolk deur Hugh Grant, se oog gesprink het ten aanskoue van sy vrou se verraad. Kirstin Scott-Thomas dansend met Polanski se vrou in *Bitter moon*.

Dit was jy wat verraad teenoor my, vertolk deur myself, gepleeg het in 'n opsienbare saak deur jou aanhangig gemaak. 'n Relasie *buite* konteks gesien, word altyd morsig en 'n moddergooiery.¹

Niks kón my voorberei op hierdie saak nie. Vanoggend lees ek in die dagblad van Hugh Grant se skandaal. Die akteur is in Hollywood betrap met 'n prostituut, ene Divine. Daar word net gepraat van “lewd sex” en die leser maak die afleiding dat dit waarskynlik orale seks moes wes.

Het Hugh Grant dit dalk ter wille van reklame gedoen? Dit het immers alles plaasgevind net 'n paar weke voor die vrystelling van *Nine months*. Die gevolg: binne die eerste week rol die dollars in en Hugh Grant vra publiek om vergifnis.

Hoe sou Elizabeth Hurley voel oor sy “verraad” of verraad? Is sy dalk sêlf 'n meisie-met-'n-verlede soos die pers intimeer en daarom mag sy nie juis openbaar te velde trek teen sy gedrag nie? Laat *Estée Lauder* hul meisies toe om in die openbaar te verskyn met mans-met-'n-reputasie, wonder 'n mens.

Sou jy ook hierdie parallel kon raaksien? Of is jy klaar met 'ons' verbintenis? *Buite konteks* gelees word elke liefdesverhouding of sekstransaksie vir die betrokkenes 'n blote verleentheid, 'n banaliteit selfs. (Vir my, moet ek byvoeg, was jou klag van seksuele teistering meer as 'n verleentheid. Dit was die bewys van 'n duplisiteit. Teenoor my het jy een rol vertolk; teenoor ander mense 'n rol van die arme verswelgde, die *ingénue*. *Hoe herstel 'n mens ooit van publieke verraad?* Jy lê in my arms, jy lê teen my vasgewikkel. Ek proe jou in my mond; die sagtheid van jou lyf. Jou vel is so sag, mymer jy en jy vertel my van jou vorige liefdesverhoudings. Met mans. Hoe pynlik die eerste keer met 'n man was en dat dit met ons anders en teer is. Ek hou jou styf vas. Jy slaap oor. Die volgende oggend vertrek jy. Jy soen my saggies.)

Ek beleef vele teenstrydige emosies oor jou en vind dit toenemend moeiliker om van jou te herstel. *Sou jy werklik niks gevoel het nie?* Of het jy alles vanuit 'n agterna-perspektief gereduseer tot onwelkome kontak, tot teistering? Jy bewaar egter – nes ek – die swye. 'n Paar maal tydens die saak het die foon gelui. *Sou dit jy wees?* Twee, driemaal ry ek verby jou. Ons albei óorbewus van mekaar, maar sonder enige blyke van herkenning. Jy sit immers langs 'n man – ek probeer van jou wegkom. Letterlik en

* Uit *Sonderspel* wat eersdaags by J.P. van der Walt verskyn.

figuurlik. Ek onderneem 'n reis na die VSA en in 'n restaurant begin ek onbedaarlik huil. 'n Man probeer my troos, maar hy is waarskynlik meer verleë as ek, weet nie wat om te sê, of te doen nie. Is daar ooit kwytskelding vir iets soos dié? As 'n mens toneelspel kon aanwend in 'n verhouding. Maar dit deug ook nie, want voordat 'n mens dit besef, raak iemand deel van jou bewussyn, jou drome – jou onthou.

Die verhaal is soos 'n litteken wat 'n dieper wond verraa, skryf ek in 'n ongeposte brief aan jou in New York. Ek sit in die *Skyline* en die hele stad lê soos 'n plakkaat voor my. Hoeveel ander eensame mense sit op hierdie oomblik en kyk na die silhoëet van NYC?

Ek bel die digter Casper Schmidt. Ek laat twee, drie boodskappe op sy antwoordmasjien. Hy antwoord nie. Ek is mismoesdig hieroor, want Casper, 'n psigiater sou kon verduidelik, 'n teorie gee. (Kort na my terugkeer in Kaapstad, lees ek in die koerant dat hy reeds tydens my besoek aan New York dood was. Tog was die antwoordmasjien nog aan.)

In Julia Kristeva se *Powers of horror – an essay on abjection* (1982, p. 4) lees ek: “Abjection on the other hand, is immoral, sinister, scheming, and shady: a terror that dissembles, a hatred that smiles, a passion that uses the body for barter instead of inflaming it, a debtor who sells you up, a friend who stabs you ...”

Ten slotte word dit seker waar van ons: die wond kan nie meer van die mes geskei word nie; die moordenaar van die vermoorde. Sou jy ooit die voldonge finaliteit van ons verbintenis begryp?

1. Vide *Rapport* 29 Mei 1994: “Swye oor student en Joan Hambidge”.

Moses Mayekiso

Ouma:

ons eet nie meer marogo nie
ons drink bier uit bruin bottels
ons jag nie meer met opgewonde honde in die oggend nie
onr ry met BMW's en in hysbakke met spieëls
ons luister nie meer na die mokgalabje se stories van ons badimo nie
ons luister nie meer nie

Ouma: jy moet pleit vir ons by badimo
sit wors en pap op hulle nors grafte
pleit vir ons: Ouma

Koud

dis koud in kanada
are vries die hart stol
die wonde bloei nie eers nie

die kinders speel bofbal en praat engels
die bleek woude het nie doringbome nie
die gletsers het die goud weggespoel
en die leeus is lankal dood

'n piet-my-vrou vlieg verby
suidwaarts Afrika toe
waar die karoo skroei en die doringbome geel bot dié tyd van die jaar

o dis koud in kanada

Waarheid

galilei en newton gewaar hom die eerste keer
deur glimmende teleskope
vang hom vas in vaal formules
waar lykbesorgers in wit jasse hom eeue lank oopspalk
in die loodkiste van die wetenskap:
wet is jy en tot wet sal jy terugkeer

maar einstein krap sy boskasië
en bohr skrik hom boeglam:
tyd loop terug een en een is drie sterre tuimel gevaarlik

hy stap uit die proefbuis by die voordeur uit
tussen die planete in
mense kyk verwonderd na die skitterende chaos
lykbesorgers kreun: ons wette ons wette waar is ons wette?

Laat my gaan

trek die buisie uit manne
en skakel die masjiene af
gooi die antibiotikum weg
en laat my gaan

gee bietjie my hoed en my pyp
dat ek kan uittrek verby die teerpaaie en die loeiende rooi waens
uittrek tot by die sagte heuwels van my jeug

pyp opsteek die kooltjie rustig trek en rooi
indaba hou met al die oupatjies en oumatjies

die nag daal saggies
my hondjie lek my warm hand en koud

Oompie

my oompie is dood in sy stroois
die snorretjie yl grys korreltjies blink kop en waardig

verdeel gou die kissies van sy lewe:
grys OK-kombers kiekies van die familie en die fees op morija
'n paar note onder die katel 'n verslete ou pak aan 'n spyker en dis maar
dit

o ja: rametsi vat seblief sy siek ou hond
my oompie lê morsdood in die kooi
maer en kierts

Dokter

bleek jas verspotte stetoskoop op die ore
tas-tas oor die ribbe om die dood te besweer
nog 'n pil nog 'n buis om die donkerte weg te keer
maar hy sluip van agter af
verby die niere deur die pankreas
gou nog 'n pil nog 'n buis
maar hy draf deur die buise deur die masjiene
tot in die sweterige hande van die man in die jas

Basie

jy moenie bang wees nie basie:
die koring sal volgende jaar weer hoog staan
die boere drink steeds op reitz se mieliefees
juffrou lettie gee sierskrif vir standerd twee by die nylstroomse laerskool
in vanzylsrus preek dominee du toit bloedig lank op sondae
jongmans in datsunbakkies ry om en om die plein saterdagaande in
bloemfontein
 op soek na meisies om te spyker
carnarvon behoort die tweede liga (karoostreek) weer te wen
die droogte in die noord-kaap pla maar
en op jeffreys skinder hulle oor mejuffrou skulpiefees
 en oor dominee se egskeiding

basie jy moenie bang wees nie
dis jou kontrei dié

H.P. van Coller

Die politieke magospel rondom taal en letterkunde in die nuwe Suid-Afrika*

In die oorgang van 'n ou na 'n nuwe – skynbaar meer Utopiese orde – is demokratisering vandag die kernkwessie in Suid-Afrika. In die sg. Freedom Charter van die ANC word gestel dat “the People will govern”. Hierdie strydkreet vang nie net die eggo's op van die Griekse woorde *demos* (die mense) en *kratos* (outoriteit) nie, maar verwoord ook die ideaal van volksgesag wat ruim 500 jaar voor die geboorte van Christus sy beslag gekry het in antieke Griekeland. Hierdie eietydse ANC-manifes het dieselfde ontwapenende idealisme wat dit omgeef.

Vertaal na die onthutsende werklikhede van die politiek as magospel, het die begrip *demokrasie* in die eietydse Suid-Afrika egter heelwat implikasies. Omdat 'n demokratiese regeringsvorm hoë premie plaas op onder andere politieke gelykheid, algemene stemreg en meerderheidsregering (Ranney 1966: 89) spreek dit vanself dat *taal*, en wetgewing wat daarmee verband hou, van die grootste belang is. Wanneer 'n taal bv. geen amptelike erkenning geniet nie word die sprekers daarvan die reg van die geleentheid tot gelykwaardige deelname in die politieke proses ontsê. *Gelyke politieke geleenthede* is egter een van die hoekstene van die demokrasie (ibid.: 91). *Demokratiese beginsels* behoort in 'n hoë mate die uitgangspunte te bepaal waarop 'n taalbeleid vir die multilinguïstiese Suid-Afrika gegrond sal word; dit is onderliggend aan die sinvolle beplanning van onderwys en opleiding en vorm die kern van enige Statuut van Menseregte. Omdat daar egter geen instemming oor die term *demokrasie* en die inhoud daarvan bestaan nie, is dit duidelik dat die werklikheid korte mette maak met slagspreuke en manifeste.

Wanneer gekyk word na die belangrikste voorstelle vir 'n nuwe taalbeleid vir Suid-Afrika, nl. dié van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (wat ook die grondslag vorm van die Nasionale Party se voorstel), die voorstel van die ANC en dié van die Linguistevereniging van Suid-Afrika, val sekere gemene delers op. Hoewel daar onderling verskille bestaan ten opsigte van die gevisualiseerde nuwe taalbedeling, stel al drie voorstelle demokratiese beginsels sentraal, word die bemagtiging van sprekers ter sprake gebring en is dit duidelik dat al drie voorstelle die noue verband tussen taal en ander lewensfeer, soos die politiek, sinjaleer.

Te dikwels word die begrip *letterkunde* egter gesien as 'n term wat slaan op estetiese produkte (tekste) wat bykans vanself uit die hemel val as meesterwerke. Selde word besef dat tekste hierdie status slegs verwerf na 'n ingewikkelde en (soms) selfs bisarre proses. Hierdie *proses van*

* ATKB-Gedenklesing, 2 November 1993

kanoniserings is eintlik slegs begrypbaar wanneer besef word dat ook die literatuur in die breë ondergeskik is aan 'n groter kulturele sisteem. Dit impliseer dat enige sosiale of politieke verandering die literêre sisteem direk raak.

Daarom is dit ook duidelik dat hierdie groep meesterwerke (die *kanon* genoem) hoegenaamd nie iets is wat stabiel en onveranderlik is nie, maar verband hou met norme en waardes binne 'n bepaalde geografiese en historiese kader en daarom verweef is met ideologie en mag. Selfs met die opkoms van 'n nuwe wetenskaplike paradigma kan sosio-politieke aspekte nie buite rekening gelaat word nie. Uit Kuhn se teorie blyk bv. dat die keuse vir of teen 'n bepaalde paradigma dikwels bepaal word deur sogenaamde "eksterne" faktore wat verband hou met politieke faktore (De Vries 1984: 140).

Die woord *kanon* het sy oorsprong in die Grieks (*kanón*; Lat. *canon*) en het oorspronklike beteken *reël*, *norm* en *maatstaf*. Met die verloop van tyd het die betekenis verruim om betekenis soos *gesaghebbend*, *normatief* en selfs *korrek* in te sluit. In die Bybelse sin het die begrip *kanon* die betekenis van 'n inklusiewe versameling tekste waarvan sekere ander tekste uitgesluit word. So gebruik Benson bv. die term wanneer hy die outentisiteit van Chaucer-tekste bespreek in sy versamelde werke (Benson 1987: xxii). Onderliggend aan hierdie veronderstellings is daar die geloof dat daar êrens 'n setel van outoriteit bestaan wat 'n stel onveranderlike norme toepas waardeur materiële objekte (bv. boeke) met *intrinsieke waarde* as't ware aan die lopende band geselekteer word sonder veel probleme. Die talle dwalings onderliggend aan hierdie ietwat naïewe opvatting is legio: die ontologiese aard van die literêre werk – sy ingewikkelde bestaanwyse – word hoegenaamd nie geproblematiseer nie en die veronderstelling dat interpretasie as hermeneutiese proses wetenskaplik (kan) geskied, word nie bevraagteken nie. Boonop glo min mense vandag nog dat waarde 'n inherente eienskap van 'n objek is en nie direk verbandhou met funksies en norme nie.

Wat die laasgenoemde betref het Mukaróvský so ver gegaan om te suggereer dat die literêre werk bloot 'n versameling buite-estetiese waardes is. Barbara Herrnstein-Smith (1984: 11) gaan hiermee akkoord wanneer sy beweer dat "all value is radically contingent being neither an inherent property of objects nor an arbitrary projection of subjects but, rather the product of the dynamics of the economic system." Hierdie benadering maak waarde 'n produk van sistemiese kragte en terwyl dit nie sekere intrinsieke eienskappe van objekte buite rekening laat nie, sien dit waarde as 'n verhouding tussen die klassifisering van 'n objek en die funksie wat dit moet vervul (ibid.: 17). Die kanon kan derhalwe nooit 'n statiese konstruksie wees nie omdat norme, funksies en waarde altyd in voortdurende skommeling is. Harris se klassifikasie is 'n poging om Fowler se indeling van 1979 aan te pas en te onderskei tussen 'n stabiele (diachroniese kanon

en die veranderende (sinchroniese) aspekte van kanons.

'n Mens sou kon beweer dat daar telkens op 'n gegewe tydstip literêre werke is wat kanonieke status verwerf ná 'n seleksieproses – hoe verskillend hierdie prosesse ook mag wees selfs binne dieselfde geografiese gebied. Daarom volg dit ook logies dat daar terselfdertyd verskillende kanons kan bestaan binne dieselfde taalgebied. Werke behorende tot die sogenaamde klassieke Wes-Europese letterkunde het nie net 'n gemeenskaplike estetiese grondslag nie, maar ook 'n gemeenskaplike kulturele verwysingsveld en historiese agtergrond. Die proses om deel te word van die stabiele, diachroniese kanon – die sg. klassieke werke – is weliswaar kompleks en dikwels langdurig, maar berus steeds op 'n magspel. Hierdie proses van evolusie en verandering (ook van waardes) kom merkwaardig ooreen met die sienings van Jurij Tynjanov wat reeds in 1927 verwoord is (Striedter 1969) en sterk die sistemiese benadering tot literatuur. Wat in die oog gehou moet word is dat kanoniseit *nie 'n inherente eienskap van 'n bepaalde werk is nie, maar* (om Guillory 1987: 484 verkeerd aan te haal) *“that which in a given context of reading signifies inclusion.”*

'n Werkbare hipotese van die begrip *kanon* is dat dit 'n versameling tekste is wat deur 'n bepaalde gemeenskap, op 'n spesifieke moment beskou word as waardevol en werd om bewaar te word, én wat boonop funksioneer as verwysingspunt vir literêre uitings, oordele en die studie van literatuur (vgl. Fokkema en Ibsch 1992 en Mooij 1985). Hierdie siening van die kanon as *maatstaf* is in direkte konflik met die *keurslyf*-siening van Culler (1989) wat die kanon beskryf as 'n sinistere maaksel van verbruikerskapitalisme. Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die begrip *kanon* kan slaan op enige versameling tekste wat normatief gehanteer word soos 'n kanon van jeugliteratuur en selfs die didaktiese kanon wat verwys na tekste wat bv. binne 'n bepaalde vakgebied onderrig word.

Die kanon in die laasgenoemde betekenis (hoewel dikwels daarna verwys word as die “Eurosentriese” kurrikulum, *Time*, Julie 1991) word tans oral aangeveg. Dit is veral die sogenaamde demokratiese kragte in Suid-Afrika wat heelwat skerp aanvalle ten opsigte van “eksterne” en “interne” aspekte van die tradisionele didaktiese kanon gerig het. Wat die sg. “eksterne” aspekte betref, word die verwyte geopper dat mense uitgesluit is van besluitnemingsprosesse wat verband hou met die nuwe kurrikulum. Wat “interne” aspekte betref, word kritiek veral gerig op die inhoud van kurrikula: “European universal’ knowledge has become a ‘totalising discourse’ but has silenced and marginalised indigenous or local knowledges” (*NEPIDocument* soos aangehaal deur Retief 1993: 24).

Die hele proses van literêre kanonisering moet in feite beskou word in verband met die proses *van standaardisering*. Beide prosesse is gegrondves op 'n inherente teenspraak: hulle maak 'n kniebuiging in die rigting van demokratisering maar word ook herhaaldelik gesien as

uitsluitend en diskriminerend. Om werklik die kompleksiteit rondom hierdie begrippe onder die loep te kan neem, moet literatuur gesien word binne die poli-sisteamteorie. Binne 'n bepaalde sisteem is daar 'n veelheid van verhoudings, wat die literêre sisteem betref, nie slegs tussen tekste nie, maar ook tussen aspekte wat verband hou met produksie en verbruik. Tussen al hierdie konkurrerende en onversoenbare elemente is daar geen harmonie nie, maar 'n stryd om oppermagtigheid.

Kanonisering is, nes standaardisering, 'n proses van insluiting en uitsluiting wat gegrondves is in die magspel. Hierdie magstryd betrek alle verhoudings: intellektueel, institusioneel, sosiaal en polities. Standaardisering het 'n demokratiese doel – om alle sprekers van 'n taalgemeenskap gelyk te laat deel in 'n spesifieke linguistiese variëteit wat bo-persoonlik en bo-dialekties is en in feite 'n onnatuurlike linguistiese variëteit is. Die keuse vir 'n spesifieke variëteit (die sogenaamde standaardtaal) op 'n spesifieke tydstip berus derhalwe nie slegs op ideologiese voorkeure nie, maar dit behoort ook gebaseer te wees op pragmatiese oorwegings: dit behoort geografies, funksioneel en sosiaal gemeenskaplik en neutraal te wees (Geeraerts 1990: 432).

Wanneer hierdie twee prosesse vergelyk word, is daar opvallende ooreenkomste in 'n multi-kulturele situasie. Die standaardvariëteit sluit soms aspekte (bv. woorde) van die verskillende dialekte in maar is geensins 'n versameling daarvan nie: dit is die bo-dialektiese variëteit en daarom ook 'n ideale taal. In 'n spesifieke taalgebied bestaan daar dikwels ook verskeie kanons, bv. die kanon van jeugliteratuur, ontspanningsliteratuur en letterkunde. Weer eens is hierdie laasgenoemde kanon nie 'n blote hutspot van bestaande kanons nie; tog kan enige werk behorende tot die ander kanons te eniger tyd deel word daarvan.

Omdat beide kanonisering en standaardisering klem plaas op die skepping van een algemene en gemeenskaplike kulturele verwysingsraamwerk, word hulle beide gesien as belangrike instrumente in die proses van nasiebou. Binne hierdie idealistiese paradigma word die gemeenskaplike verwysingsraamwerk gesien as 'n skatkamer wat vir almal op gelyke basis toeganklik is en daarom ook deur almal gekoester moet word. Onderliggend aan beide die prosesse van kanonisering en standaardisering, is egter 'n kolonialistiese mentaliteit – onderworpe (en onderdrukte) mense moet ten alle koste geakkultureer word, m.a.w. ingelyf word in die dominante kultuur ten einde hul werklik te beskaaf. Dit is hierdie mentaliteit wat ook die groot dryfveer was agter die verengelsingsveldtog in Suid-Afrika – veral in die onderwys – aan veral die begin van die twintigste eeu. Zietsman (1992: 23) haal bv. Milner se woorde in hierdie verband aan: "... the thing which matters most is (...) education ... Dutch should only be used to teach English and English to teach everything else." Steeds speel hierdie uitgangspunt geen geringe rol in Engeland se betrokkenheid by die huidige anglisering van Namibië en die verwagte aanslag in Suid-Afrika nie. Dit

verklar nie alleen die sterk aandrang op standaardengels in kolonies so uiteenlopend soos Nigerië, Ghana, Indië en Suid-Afrika nie, maar ook die stabiele letterkunde-kanon (met 'n toespiting op literatuur uit Brittanje) waardeur Engelse letterkunde in al hierdie plekke onderrig is.

Hierdie selfde kolonialistiese instelling tref 'n mens verder *eksplisiet* aan in stellings waarin die Wes-Europese kanon as die enigste verwysingsraamwerk vir beskaafde mense beskou word. *Implisiet* kom dit na vore in die afhanklikheid van wat Snead (1991) genoem het die Westerse metafisika. Dit staan in die teken van die afwesigheid van 'n teenwoordigheid naamlik "the referential absence of non-Europeans, particularly where one would most expect to find them" (ibid.: 39). Dat hierdie hovaardige instelling egter dikwels groot wrewel wek, blyk al uit die volgende aanhaling: "In this day and age British (White) preferences do not count in the Black World. As Langston Hughes himself put it a half a century ago: 'If white people are pleased, we are glad. If they are not, it doesn't matter'" (Herrnstein Smith 1983:13).

In die heersende magstryd in Suid-Afrika is die beginsel van regstellende aksie sentraal. Dit tref ons aan in die aandrang op "bevoordeling" van die inheemse tale bo die ampstale Afrikaans en Engels. Tog word één van dié laasgenoemde tale, Engels, verkies as *verslagtaal* wat in die praktyk nie soveel verskil van 'n *ampstaal* nie. In die proses kom 'n vreemde logika en selfs teenstrydige beredenerings uit die verf: terwyl getalle in die demokratiese politieke proses as deurslaggewend beskou word, speel sprekersgetalle by die rangordening van tale hier te lande skynbaar geen rol nie en word telkens gesê dat alle tale gelykwaardig is. Voorts val dit op dat swart belangegroepes Engels verkies as onderrigtaal, selfs op primêre skoolvlak en vaardigheid daarin beklemtoon, net om later op teenstrydige wyse regte vir hulle eie inheemse tale op te eis sodra Afrikaans ter sprake kom. Daardeur word die ou Apartheidspook van "verdeel en heers" vandag op vreemde wyse weer tot lewe gewek. Die keuse vir Engels is nie bloot pragmaties nie, maar spruit dikwels ook uit die feit dat dit die enigste beduidende linguistiese opposisie is vir Afrikaans, wat steeds deur baie swart belangegroepes as 'n draer van 'n bepaalde kultuur en ideologie beskou word.

Die linguistiese situasie in Suid-Afrika is taamlik ingewikkeld met elf hooftale waarvan siZulu die grootste huistaal – bykans 22% van die totale bevolking; siXhosa ongeveer 19%; Afrikaans 16% en Engels 9%. Wanneer tweedetaal voorkeure in ag geneem word, is Afrikaans en Engels die belangrikste tale wat elk deur ongeveer 44% van die bevolking begryp word. Die Nuwe Suid-Afrika gaan steeds taalverskeidenheid toon hoewel daar genoeg aanduidings is van 'n versweë agenda by talle belanghebbendes waarvolgens Engels die enigste verslagtaal ('n eufemisme vir ampstaal) moet wees. Idealistiese toekomsverwagtings lei dikwels ook tot die half-naïewe siening dat een hoofkommunikasietaal alle verskille soos mis voor

die son sal laat verdwyn. Op 'n wye front word egter meegedoen aan die omvorming van Engels as die enigste amptelike kommunikasiemedium. In die verlede is daar al dikwels gepraat van sogenaamde *harmonisering* van die Afrikatale. Hierdie proses is 'n poging om bv. die Ngunitale en Sothotale te standaardiseer op so 'n wyse dat elke groep verteenwoordig sou kon word slegs deur een geskrewe taal (Van Wyk 1970: 108). Pogings hiertoe het tot dusver gedurig misluk vanweë linguistiese en praktiese redes, maar prominente swart akademiëci het in die afgelope tyd weer eens hierdie ideaal opnuut verwoord. Terwyl Engels gesien word as die taal wat 'n belangrike rol sou kon speel in die uitwissing van die agterstand in opvoeding en onderwys, is dit duidelik dat die taal as grammatiese konstruksie ook nie onaangetas gelaat gaan word nie. Daar word toenemend beweer dat standaardengels diskriminerend en "Europees" is (vgl. bv. *Bua!* 1993: 30). Selfs die ANC het vereenvoudiging aanbeveel (Retief 1993: 18). Dit is 'n hoogs sensitiewe aangeleentheid wat met groot omsigtigheid benader moet word omdat dit so nou verweef is met kwessies soos regstellende aksie, akademiese standaarde en kanonisering. Vereenvoudiging skep korttermynvoordele soos groter deelname van mense aan bv. die onderwys en die media, maar beteken vanselfsprekend 'n verlaging van standaard, en nog gevaarliker, 'n algaande groter wordende kloof tussen sprekers van bv. standaardengels en hierdie nuwe variëteit. 'n Leerling met 'n goeie beheer van 'n ontwikkelde taalsisteem soos standaardafrikaans het dalk 'n beter kans om selfs in Engels verder te studeer as een wat slegs 'n pidgin soos Namlish beheer.

By universiteite in Suid-Afrika is die situasie ook uiteenlopend: Engelse universiteite onderrig uiteraard in Engels en bied ook enige vorm van oorbrugging in hierdie taal aan. Terwyl daar dikwels gepraat word van die sogenaamde "ghetto" en die "ivoortoring" wat mekaar op gelykwaardige wyse ontmoet, laat dit mens dink aan die persoon wat in die Tweede Wêreldoorlog op "gelykwaardige" wyse toebroodjies van haas- en perde-vleis verkoop het: sy mengsel was een haas en een perd! Hoeseer die ivoortoring hom moet oopstel vir 'n nuwe kultuur ten opsigte van bv. sosiale gedrag, op linguistiese vlak is dit die ghetto wat die opofferings moet maak omdat die onderrigmedium standaardengels is. Daardeer word studente vanselfsprekend ook geakkultureer omdat die standaardvariëteit altyd draer van kultuur in die wydste betekenis van die woord is. Tog sal selfs die Engelse universiteite hul opofferings moet maak. Soos Sisulu (aangehaal deur Retief 1993: 9) sê: "We are no longer demanding the same education as whites, since this is education for domination. People's education means education at the service of the people as a whole." So 'n uitgangspunt sal die tradisionele didaktiese kanon grootliks beïnvloed.

Die besluit van 'n Afrikaanse universiteit soos die UOVS, om oorbrugging aan te bied in Engels, is in feite die teenoorgestelde: die "ivoortoring" stel sy kultuur ondergeskik aan dié van die "ghetto". Die implikasies van so 'n

besluit is eerstens dat dit voortgesette onderrig (die sogenaamde “hoofstroom-onderrig”) in Engels noodsaak soos reeds ingestel is deur die fakulteit Natuurwetenskappe. Op die kort termyn het hierdie besluit bepaalde voordele deurdat dit blyke gee van ’n veranderde gesindheid. Op die langer termyn hou dit waarskynlik finansiële voordele in vir ’n universiteit wat vir subsidie afhanklik gaan wees van ’n nuwe regering wat Afrikaans moontlik nie ter wille gaan wees nie.

Op die lang termyn kan dit egter die Afrikaanse karakter van die universiteit in die gedrang bring: die vinnige verengelsing van die UWK na oopstelling en die *aanvanklike beperkte* gebruik van Engels is ’n sprekende voorbeeld. So ’n proses sou ook ernstige implikasies inhou vir die onderwys in Afrikaans op primêre én sekondêre vlak binne die Oranje-Vrystaat-streek omdat ’n Engelstalige universiteit voorbereidende onderwys in dieselfde taal noodsaak. Selfs oorweldigende bewyse dat moedertaalonderrig kinders ten goede kom (vgl. talle UNESCO-verslae en Beukes 1992) het die aandrag op onderrig in Engels nie enigsins laat afneem nie.

Die situasie tans herinner sterk aan die taalsituasie in Suid-Afrika aan die begin van ons eeu. Toe is beklemtoon dat Engels toegang bied tot ’n internasionale wêreld, dat Engelse onderrig op skool kinders geensins benadeel nie want “Hollands (Afrikaans) komt van zelf” (Zietsman 1992: 81) en dat die proses van nasiebou versoening impliseer. Die hele proses van verengelsing het toe momentum gekry deurdat akademiesgeskoolde Afrikaners hul kinders in Engels begin opvoed het. Dit is tans opvallend dat dit weer eens akademië is wat voorloop deur hul kinders in Engelse skole te plaas. Wat egter destyds radikaal anders was, was die sterk nasionale gevoel by Afrikaanssprekendes, veral by die leierskorps. Steyn (1980: 182) beskou “’n taalbewuste en taalgetroue groep intellektuele leiers” as ’n noodsaaklike element van enige geslaagde taalbeweging.

Daar is egter ook ander gevolge van die UOVS se besluit waarop gewys moet word. Een daarvan is die spanning wat dit kan skep op ’n harmoniese kampus, veral as die stormagtige stryd van die jare Dertig en Veertig as voorbeeld moet dien. Die voorafgaande stellings word bevestig deur taalontwikkelings aan die Universiteit van Wes-Kaapland en die teknikons. By al hierdie opvoedkundige instellings word Afrikaans stelselmatig by deure en vensters uitgesmyt terwyl daar by hierdie instellings meestal ’n groot meerderheid Afrikaanssprekende studente is. Ondervinding by parallelmedium-onderrig toon dat daar groot ongelukkigheid by studente bestaan indien onderwys in die twee tale na hulle gevoel nie gelykwaardig is nie. Dit impliseer dat veral die kursusinhoude en die vraestelle gelykwaardig en ideaalgesproke dieselfde moet wees. Op die lange duur kan dit die doodsklok beteken vir die handboek in Afrikaans wat na jare se stryd homself in ’n bykans ontoeganklike mark gevestig het. Kollegas het nou reeds probleme in hierdie verband.

Die grootste nadeel van die besluit ten aansien van die taal van die

oorbruggingsprogram is egter die bevestiging van 'n stereotipering, nl. dat Afrikaans die taal van die onderdrukker is en dat akademiese “bevryding” slegs in Engels kan geskied. Hierdie sindroom dat Afrikaans inherente beperkings het, strek verder en word veral versigbaar in sulke uiteenlopende aspekte soos die naamgewing van besighede wat selde in Afrikaans is en bepaalde taalregisters en sosiolekte (soos studentetaal) wat Afrikaans marginaliseer. Die gulde geleentheid om te toon dat Afrikaanse instellings oopstaan vir alle mense en dat Afrikaans 'n inherente waarde het *ook as onderrigtaal*, is vir ewig gemis. Sodoende word een teken uitgestuur: mense van kleur kan slegs geakkomodeer word in Engels. Pas 'n mens hierdie logika toe op primêre en sekondêre onderrig in Suid-Afrika, dan het Afrikaans geen plek meer nie.

Die argument dat sekondêre onderwys by swart skole in Engels geskied en dat daarom gekies word vir oorbrugging in Engels, is net ten dele waar. Ten spyte van die onderrig in Engels, is leerlinge se standaard in Engels volgens wetenskaplike ondersoek nie beduidend beter as hul Afrikaans nie. Volgens die jongste taalAtlas van die RGN is die taalkleur van die Oranje-Vrystaat en Noord-Kaapland, die voedingsgebied van die UOVS, ook Afrikaans. Die afleiding is daarom seker geregverdig dat dit uiteindelik politieke oorwegings is wat so 'n besluit genoodsaak het. Dit spel probleme vir Afrikaans in 'n nuwe uniale Suid-Afrika en in die voorgestelde Vrystaat-streek.

Die vrees wat ek uitgespreek het, kan slegs in historiese konteks begryp word. 'n Mentaliteit van Engelse oppermagtigheid het aanleiding gegee tot 'n proses van verengelsing wat nie net bygedra het tot die Tweede Vryheidsoorlog nie, maar na afloop daarvan ook Afrikanernasionalisme gevoed het. Op sy beurt het dit 'n beduidende rol gespeel in die uiteindelijke oorwinning van die Nasionale Party in 1948 én die formulering van die beleid van Apartheid wat oorspronklik gegrondves was op idealistiese ideale. Die res is geskiedenis. Party mense mag hierdie neo-positivistiese verklaring bevraagteken, maar wat nie bevraagteken kan word nie, is die feit dat politieke gebeure in Suid-Afrika dikwels die gevolg is van wat Jung noem *enantiodromia* of die pendulum-effek. Onoordeelkundige besluite oor Afrikaans – op watter vlak ookal – kan weer eens gevaarlike gevolge hê.

Afrikaans is die taal wat die wydste gebruik word in Suid-Afrika en het drie variëteite: Oosgrensafrikaans, Oranjerivierafrikaans en Kaapse Afrikaans. Die standaardvariëteit berus hoofsaaklik op Oosgrensafrikaans. Daarnaas is die laasgenoemde die belangrikste omdat dit volgens Carstens (1991: 244) nie net 'n sosiolek of geolek (dit is 'n taal van 'n sosiale groepering binne 'n bepaalde streek) is nie, maar ook wyd beskou word as “alternatiewe” Afrikaans. Alternatief nie net omdat dit hoofsaaklik gepraat word deur bruin mense nie, maar in die woorde van Willemse, die taal van die gewone mens (Snyders se “ordinary mens”) en die taal van die “struggle”

is (Willemse 1984: 228). Dit is daarom nie net *alternatief* wat betref die *sprekers* nie, dit verteenwoordig 'n ander *ideologie*, het 'n ander *leksikon en fraseologie* en volgens resente navorsing (Du Plessis 1986, 1987) ook 'n alternatiewe *evolusie*. Hierdie variëteit is ook die enigste in Afrikaans (die standaardvariëteit vanselfsprekend uitgesluit) met 'n groeiende korpus literatuur.

Kaapse Afrikaans bied derhalwe vandag die grootste bedreiging vir standaardafrikaans binne 'n paradigma van mededinging en vervanging. Hoewel sommige akademici voel dat die tyd gekom het om op 'n formele vlak al die "broers en susters" (variëteite) van sogenaamde standaardafrikaans te standaardiseer (vgl. Gouws 1992: 18) en om Kaapse Afrikaans selfs in skole te gebruik, voel ander, soos ek self, heel anders. Die eksklusiewe gebruik van Kaapse Afrikaans, met sy gebrek aan goed ontwikkelde hoër funksies, sal daartoe lei dat duisende leerlinge daardeur 'n agterstand ontwikkel ten opsigte van die standaardtaal. Om Kaapse Afrikaans te sien as iets anders is ook in feite voortsetting van die apartheidsindroom. Die beste manier om enige variëteit aanvaarbaar te maak, is om dit "op te gradeer" (vgl. Trudgill 1979: 22). Wat gedoen moet word is om sprekers gelyke inspraak te gee in die prosesse van standaardisering in die ware gees van demokratisering.

Wat kanoniserings betref, is die probleem selfs kompleks. 'n Literêre kanon is geanker in 'n kultuurbodem. Paradigmaveranderinge geskied wanneer die onderliggende en verbindende sisteme van die paradigma verander. Die huidige kanons in Engels én Afrikaans sal slegs verander nadat 'n politieke, sosiale en estetiese verandering hom (of "haar") voltrek het in die Nuwe Suid-Afrika. Dit beteken egter nie dat daar nie nou reeds gewerk kan word daaraan nie. Hier kan die universiteite 'n beduidende en ordende rol speel. Veral op die vlak van my eie dissipline, die letterkunde, kan dit geskied deur die inkorporering van alternatiewe tekste – ook in die sekondêre fase. Sodoende sal blyk dat letterkunde nie bloot die lewe spieël nie, maar tewens help skep.

Dames en here, vergun my 'n woord van dank aan die Afrikaanse Taal- en Kultuurbond. Meneer Louw, u uitnodiging aan my om hierdie geleentheidslesing te hou, beskou ek as 'n besondere eer. Die Afrikaanse Taal- en Kultuurbond het oor 'n tydperk van veertig jaar waardevolle diens bewys aan Afrikaans en aan 'n dienssektor waar veral Afrikaanssprekendes werksaam was. Hartlik geluk met u veertigste verjaarsdag! U samesmelting met die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging is geensins 'n verskraling van werksaamhede nie, maar sinvolle rasionalisasie. Ek wens u graag sterkte toe met u werk ten bate van 'n besondere taal en al sy sprekers.

Bibliografie

- Alexander, Neville. 1992. "Taal, onderrig en nasiebou ...". 'n Onderhoud met Neville Alexander". *Karring. Tydskrif vir die onderrig van Afrikaans*. Somer, pp. 21-24
- Batsleer, Janet; Davies, Tony; O'Rourke, Rebecca and Weeden, Chris. 1990. *Rewriting*

- English*. pp. 1-177.
- Benson, Larry d. (gen. ed.). 1988. *The Riverside Chaucer*. Oxford: The Oxford University Press, Third Edition.
- Beukes, Anne-Marie. 1992. "Moedertaalonderrig in 'n demokratiese Suid-Afrika". *Pei Linguam* 8(1), pp. 42-51.
- Carstens, W.A.M. 1991. *Norme vir Afrikaans: Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. Pretoria: Academica.
- Culler, J. 1989 as quoted in *The Times Literary Supplement*, November 24-30.
- De Vries, Gerard. 1984. *De ontwikkeling van wetenskap. Een inleiding in de wetenschapsfilosofie*. Groningen: Wolters-Noordhoff.
- Du Plessis, T. 1986. *Afrikaans in beweging*. Bloemfontein: Patmos.
- Du Plessis, T. 1987. "Politiek en die ontwikkeling van Afrikaans". *Tydskrif vir Letterkunde*, 25(3), pp. 75-80.
- Even-Zohar, Itamar. 1990. *Polysystem Studies. Poetics Today*, vol. 11, no 1, Spring.
- Fokkema, Douwe en Ibsch, Elrud. 1992. *Literatuurwetenskap en Kultuuroverdracht*. Muiderberg: Dick Coutinho.
- Fowler, Alistair. 1979. "Genre and the Literary Canon". *New Literary History* 11, pp. 97-119.
- Geeraerts, Dirk. 1990. "Het dialect en de dialectiek, de Verlichting en het Vlaams. *Dietsche Warande en Belfort*, Jaargang 135, nr. 4, Augustus, pp. 432-441.
- Gouws, Thomas. 1992. *Paradigms Lost. Sense-Making Fictions in the Africanisation of Afrikaans*. Inaugural lecture, 5 March. Inaugural Lecture Series, University of Bophuthatswana.
- Guillory, John. 1987. "Canonical and Non-canonical: A critique of the Current Debate". *ELH*. The John Hopkins University Press. Vol. 54 no. 3. Fall, pp. 483-527.
- Harris, Wendell V. 1991. "Canonicity". *PMLA*. Vol. 106 no. 1, pp.110-121.
- Herrnstein Smith, Barbara. 1984. "Contingencies of Value", in Von Hallberg, 1984, pp. 5-39.
- Herrnstein Smith, Barbara. 1989. Presidential Address 1988. "Limelight: Reflections on a Public Year". *PMLA*. Vol. 104 no 3, pp. 285-293.
- Lefevere, André. 1987. Systems thinking and cultural relativism. *Journal of Literary Studies/Tydskrif vir Literatuurwetenskap*. Vol. 3 no. 4, Desember, pp. 23-34.
- Maartens, Jeanne. 1992. "Taalbewustheid in die Afrikaanse klaskamer". *Karring. Tydskrif vir die onderrig van Afrikaans*. Somer, pp. 11-15.
- Malan, C. en Smit, B. (reds.) 1986. *Skrywer en gemeenskap*. Pretoria: H.A.U.M. Literêr.
- Miller, J. Hillis, 1987. Presidential Address 1986. "The Triumph of Theory, the Resistance to Reading, and the Question of the Material Base". *PMLA*. Vol. 102 no 3, pp. 281-291.
- Mooij, J.J.A. 1985. "Noodzaak en mogelijkheden van canonvorming". *Spektator*, 15, pp. 23-31.
- Mooij, J.J.A. 1987. *De wereld der waarden. Essays over cultuur en samenleving*. Amsterdam: Meulenhoff.
- Mukarovský, Jan. 1970 *Aesthetic Norm Function, and Value as Social Facts*. (Prague, 1934), translated by Mark Suino. Michigan: Ann Arbor.
- NEPI Document (National Education Policy Investigation)*. 1992. Project of the NECC, Cape Town: Oxford University Press.
- Ranney, Austin. 1966. *The Governing of Men*. New York: Holt, Rhineman and Winston, Inc.
- Retief, F.P. 1993. "Die demokratisering van die onderwys en opleiding". Ongepubliseerde lesing, Jaarvergadering van Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Pretoria.
- Snead, James. 1991. "Racist Traces in Postmodern Theory and Literature". *Critical Inquiry*, 33(1), Spring, pp. 31-39.
- Steyn, J.C. 1980. *Tuiste in eie taal*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Striedter, Jurij (ed.). 1969. *Texte der Russischen Formalismus, I Texte zur allgemeinen Literaturtheorie und zur Theorie der Prosa*. München: Fink.
- The Times Literary Supplement*, November 24-30, 1989.

- Trudgill, Peter. 1979. "Standard and Non-Standard Dialects of English in the United Kingdom: Problems and Politics". *International Journal for Social Language*. Vol. 21, pp. 9-24.
- Tynjanov, Jurij. 1927. "Über die literarische Evolution" in Striedter 1969: 433-62.
- Van den Heever, R. 1987. *Alternative Education; Vision of a Democratic Alternative*. UTASA-publication.
- Von Halberg, Robert (ed.). 1984. *Canons*. Chicago and London: The University of Chicago Press.
- Whose America? 1991. *Time*, July 8, pp. 25-29.
- Willemsse, Hein. 1984. "Poësie se nie-hegemoniese vorm", Malan en Smit, 1986: 227-230.
- Zietsman, P.H. 1992. *Die Taal is gans die volk. Woelinge en dryfvere in die stryd om die Afrikaner se taal*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

UOVS

Pieter H. Pretorius Vlug 4711

Sy skoenhakke het stadig maar seker al hoe dieper in die donker mosgroen modder ingesak. Hulle het sy pa laat op 'n Saterdagmiddag begrawe. Hy onthou hoe die koue reën langs sy nek ingeloopt het, hy moes die swart sambreel hou en haar stut. Sy het hom om sy lyf vasgehou, haar swart kop teen sy hygende bors vasgedruk, sy het sag gesnik. Dit was bitter koud en deur die klam van haar groen jaskraag kon hy die bekende soet parfuum ruik.

Sy het nie geweet nie, maar dit is al bykans nege maande gelede dat hy sy werk gelos het. Die Maandag na die begrafnis is hy kantoortoe om te bedank. Die einde van die maand het hy sy salaris- en pensioentjeks gekry en reguit lughawe toe gery waar hy dit by die bank gedeponeer het. Hy het eenkant by 'n tafel gaan sit, drank bestel en met 'n diep sug van verligting vir die eerste keer na die begrafnis los en vry gevoel. Hier het hy hom nou elke dag verlustig en verkyk aan die vliegtuie wat opstyg en losbreek van die aarde. Dit was die enigste plek waar hy vry was en daarom het hy elke middag met trae treë, stram skouers en 'n benoude keel teruggegaan na sy kamer.

Elke oggend was dit 'n maskerade, dieselfde ritueel het op die stoep onder die donker veranda afgespeel. Hy het sy swart aktetas van sy regterhand oorgedra na sy linkerhand, sy het sy hand 'n drukkie gegee en hom op sy wang gesoen want hy wou en kon nie in haar donker oë kyk nie. Deur die busvenster kon hy sien dat sy op die stoep bly staan en waai totdat die bus om die draai was. By die lughawe het hy eers die koerant gekoop, by dieselfde tafeltjie gaan sit en sy aktetas langs hom oopgemaak en begin werk.

Die dag se vlugrooster was die eerste item wat aan die beurt gekom het, hy het net belanggestel in die oorsese vertrektye en hulle in sy geel notaboek neergeskryf. Na hy tee gedrink het, staan hy op en stap na die saal waar hy sy inskrywings kontroleer met dié op die groot bord. Van daar stap hy na die vertreksaal om deur die wye venster te kyk na die bedrywighede onder op die aanloopbaan waar die grondpersoneel soos miere skarrel om die vliegtuie gereed te kry. Dit het hom gefasineer, vasgevang in 'n gevoel van opwinding, wat telkens opwel as hy sien die trappe word nader geskuif na die romp vir die bemanning om aan boord te gaan. Later kom die passasiers onder hom verby en bestyg die trappe om veilig binne die silwer kokon te verdwyn. Hy sien hoe sommige deur die vensters waai en hy het verlangend gewens, gebid om een van hulle te wees. Vasgenaël staan hy stram en kyk hoe die trappe weggerol word. Wanneer die motore se revolusies opgejaag word, begin sy hartklop toeneem, hy word een met die magtige versnelling as die vliegtuig draai om die aanloop te begin. Met die vertrekslag haal hy diep asem terwyl sy

vuiste wit bal van inspanning, hy hou sy asem op totdat die wiele die grond verlaat. Eers as die wiele invou, ontspan hy glimlaggend en draai om vir sy volgende taak. Teenoor die vluginskrywings in sy notaboek word die name van die soort vliegtuie aangebring, hy probeer dit memoriseer. Dan blaai hy na die weerkaart in die koerant en teken die besonderhede aan teenoor die vluginskrywings. Wanneer die laaste oggendvlug oorsee vertrek, haal hy die toebroodjies uit wat sy gereeld elke oggend vir hom insit en smyt dit uit in die naaste asdrom. In die kroeg gaan sit hy weer soos gewoonlik eenkant, haal die blou lêer uit die aktetas en begin weer met dringende ywer aan sy plan werk. Hy is die afgelope paar dae seker dat sy plan foutloos is tot in die fynste besonderhede, maar die belangrikste van alles was dat sy absoluut niks daarvan moes weet of ooit uitvind nie, gelukkig het net hy die kode van sy aktetas geken, sy plan was veilig. Al wat nou gedoen moes word, was om die vlugkaartjie te koop. Daar was meer as genoeg geld in sy rekening, sy paspoort was in orde en hy kon aan niks dink wat dalk nog kon skort nie. 'n Vlieg beland in sy leë glas en spartel ruglangs al in die rondte, vlerke vasgevang in die taaisoet lagie drank op die bodem. Met 'n skewe trek om sy mond staar hy 'n ruk daarna en merk dan langs die glas, die berig op die voorblad van die koerant. Die prys van buitelandse vlugte is nou drasties verlaag, maar die aankoop daarvan moes minstens 'n maand voor die vlug gedoen word. As hy weer na die vlieg in sy leë glas kyk, besluit hy.

Hy staan op en stap doelgerig na die outomatiese teller waar hy die geld trek, gaan sit weer by sy tafel en maak sy aktetas oop. Hy kontroleer die inligting in die lêer en maak 'n paar aantekeninge in sy notaboek. Hy bestel 'n dubbele rum en coke, drink dit met die grootste genoegdoening as hy die verslae kroegman 'n groot footjie gee. 'n Glimlag dans om sy mond wanneer hy flink aanstap na die kaartjieskantoor. Maande se vertwyfeling rol van sy skouers af as die kaartjie na Londen veilig in sy aktetas lê.

Sy wag hom weer in op die donker stoep soos altyd. Vir die eerste keer in bykans nege maande kyk hy reguit, byna vreesloos in haar donkergroen oë en tog merk hy dat sy vir 'n oomblik frons. Sy kon tog onmoontlik iets vermoed, sy mag nie. Volgens sy uitgewerkte plan moes sy net soos altyd een middag op die stoep staan en wag en wag, vir altyd. Die frons het hom gehinder en hy was baie bekommerd oor 'n moontlike fout wat êrens by sy sorgvuldige plan ingesluip het.

Dieselfde aand gaan hy sy plan driekeer baie deeglik deur. Sy vlug vertrek presies oor 'n maand, nege maande na die begrafnis. Hy sal haar daardie oggend soos gewoonlik op die stoep groet, oorstap na die bushalte en lughawe toe ry. Maandag, twee dae voor sy vlug, sal hy in die stad eers 'n paar stukke nuwe klere en 'n tas koop om op die lughawe te laat. As hy dit nie doen nie sal sy onmiddellik onraad merk as hy die Woensdagoggend met 'n tas klere werk toe gaan. Alles moes ook net so in sy kamer bly, hy sou niks saamvat nie.

Toe hy die Woensdagmiddag, presies 'n week voor hy sou padgee, by die halte afklim, merk hy dadelik dat sy hom nie weer inwag op die stoep nie, iets was verkeerd. Sy was nie daar nie. Hy het die deur oopgesluit en versigtig die donker gang afgestap, sy was nêrens, ook nie in die agterplaas nie. Dit was skokkend vreemd, eienaardig en onverstaanbaar. Hy het oorgestap na die buurmense, hulle het niks geweet nie en dit was nou reeds donker. Iets moes gebeur het want daar was ook geen teken in die kombuis dat sy besig was om aandete voor te berei nie. Dieselfde aand tienuur skakel hy die predikant om te hoor of dié nie dalk iets weet nie. Hy het deur die nag vir haar 'n paar drankies geskink en gewens die polisie kom berig dat hulle haar lyk êrens gekry het. Dit het nie gebeur nie en sy het ook nie opgedaag nie. Verward het hy die volgende oggend gesien sy bus vertrek sonder hom.

Tienuur die oggend was sy nog steeds weg. Hy het die polisie geskakel. 'n Rukkie later was hulle daar en die sersant het hom deeglik uitgevra oor alles wat relevant kon wees. Hy het hulle selfs die name en adresse gegee van enkele van haar familielede van wie hy geweet het. Die vrouekonstabel het gevra watter klere sy laas aangehad het. Al wat hy kon onthou, was dat dit iets groens was met swart skoene. Die predikant het 'n draai gemaak, die polisie was weer later driekeer daar, sy het weggebly en niemand kon dit verstaan nie, hy die minste van almal. Dit was nou al Saterdagoggend en paniek het om sy kaal keel kom klou want Woensdag kom al nader en sy sorgvuldige planne sou heeltemal skeefloop as sy nie gou opdaag nie. Waar de hel kon sy wees? Wat sou gebeur as sy Woensdagoggend nog nie opgedaag het nie? Hy kon tog nie alles uitstel tot sy eendag opdaag nie. Hy was nou vier dae laas op die lughawe, dit het hom hewig ontstel. Sondagoggend, terwyl hy woedend op die stoep sit en wag met 'n dubbele rum en coke hou die predikant voor die huis stil. Hy het die glas drank agter die varingpot gestoor, opgestaan en op die trappies gestaan en wag. Toe begin die skinderpreek. Hy het nie eers 'n tiende ingeneem van wat die predikant sê nie. Al wat in hom gemaak het, was wat hy Woensdagoggend moes doen wanneer sy vlug vertrek. Die predikant het hom met 'n koue handdruk gegroet en gesê dat elke mens dikwels voor 'n keuse te staan kom en dan links of regs moes kies, hy moes ook ten laaste onthou dat hy 'n geliefde kind van sy ouers was en altyd in die boesem van die kerk welkom was, die gemeente sou onophoudelik vir hulle bid. Hy het gesien hoe die stram predikant sy kop skud terwyl hy die motordeur oopmaak en ry. Hy het die glas agter die varing uitgehaal, in die drank het 'n groen tor met swart voelhorings gedryf.

Terug op die stoep met 'n vars dubbele in sy hand het hy lank na die geel kanarie in die hok gestaar. Heelwat later het hy skielik opgestaan en in die kombuis die groen druppende tor vies aan een swart voelhoring uit die opwasbak geruk en teruggestap na die stoep.

Hier het hy opgereik na die hokkie, dit van die balk afgehaak en op die

muurtjie staangemaak. Hy het die kanarie met die bonsende hart versigtig uitgehaal en bly laat wegvlieg in die helder blou lug in, die klouende tor het hy in die hok gesmyt, dit weer opgehang aan die dwarsbalk en hy is vinnig die donker gang in om sy lêer na te gaan.

Maandagoggend sluit hy die voordeur vasberade agter hom toe en haal die bus na die lughawe. Tienuur skakel hy die huisnommer, dit lui lank voor hy neersit en neem dan 'n taxi stadtoe om die klere te koop volgens plan. Met die nuwe tas en klere is hy binne drie ure weer terug by die lughawe waar hy die tas ingee vir Woensdagoggend. Hy skakel weer, niks. Dieselfde aand sit hy weer onder die groen donker veranda en kyk angstig hoe 'n vliegtuig in die verte opstyg. Sy grootste vrees is dat sy weer, skielik enige oomblik kon opdoem uit die donkerte.

Hy skrik wakker in die nag as hy haar bekende soet parfuum ruik. Sy kussing is papnat van die sweet, hy luister oomblikke lank in die donkerte of hy weer haar sagte voetstappe by sy deur kan hoor. In die ganglig sien hy die voordeur is op knip. As hy haar kamerlig aanskakel, sien hy alles is nog net so onaangeraak soos toe sy weg is, hy ruik egter nog steeds haar walmende soet parfuum. Sy is goddank nie in die huis nie. Die groot staanhorlosie slaan driemaal, dis reeds Dinsdagoggend en hy kan nie verder slaap nie. Die blou lêer se inskrywings word weer vergelyk met dié in sy geel notaboek. As die son geel tussen die verlepte rooi malvas opkom deur die kombuisvenster, voel hy sy slape bars van spanning, sê nou net sy kom nou die trappies opgestap? 'n Uur later neem hy verlig die eerste bus lughawe toe.

Hiervanaf skakel hy elke uur om te hoor of sy nie daar is nie. As sy sou antwoord, sal hy net die foon neersit. Later die middag net voor die bus vertrek, oorweeg hy dit om die nag by die lughawe deur te bring, maar hy besluit baie teensinnig daarteen. Die aand sit hy weer in die donkerte op die stoep onder die groen veranda en wag finaal en benoud op haar koms. Eers heelwat later skrik hy hom nugter as hy die dooie kanarie onder op die derde trappie sien lê. Daar het reeds 'n menigte miere oor en deur die sagte borsvere gewriemel. Hy het hom versigtig aan sy geringde pootjie opgetel en sorgvuldig onder die tuinkraan afgespoel en toe sag op die boonste rakkie in die yskas neergelê. Die nag slaap hy feitlik niks nie, elke keer as hy wegraak voel hy bekende swart miere al laer en laer teen sy klam bors afvoetel in vyf soekende kolomme. Hy staan dan telkens op om in die kombuis water te gaan drink, elke keer as hy die yskasdeur oopmaak en die koue kanarie sien, klop sy hart in sy keel. Lank voor die son opkom, is hy reeds geskeer en aangetrek. Goddank die eerste bus kom oor tien minute, hy gaan haal die koue stil kanarie uit die yskas en druk dit met wrewel tussen haar twee wit kussings in. Met 'n bonsende hart sluit hy vir oulaas die voordeur, lê die sleutels finaal onder die matjie en stap bly teen die trappies af. Wanneer die bus om die draai verdwyn, hou die bleek predikant se motor gevolg deur die polisie, voor die huis stil.

By die lughawe eet hy eers ontbyt en sien op sy horlosie dat dit nog twee ure is voor sy vlug vertrek. Hy gaan haal sy nuwe tas by die bagasietoonbank af en stap doelgerig af na die verkleekamer. Hier trek hy vinnig aan nadat hy eers versigtig al die etikette van die klere afsny met die rooi sakmessie wat hy uit sy aktetas haal. Sy ou klere laat hy net so op 'n hoop agter, hy stap by die vertrek uit sonder om links of regs te kyk en koop vir hom 'n donkerbril by die kiosk. Hy stap met die trappe af na die buitelandse vertreksaal en gaan sit met sy rug na die ingang. Sy hande bewe, hy sukkel om die koerant stil te hou, later sit hy dit plat voor hom neer op die mat, maar hy kan nie 'n woord lees nie, hy is te opgewonde. Elke nou en dan kyk hy hoe laat dit is. Sy asem hyg as die passasiers gevra word om aan te meld vir die vlug na Londen, dan pak 'n doodse angs hom. Hy herken die sersant wat voor by die doeanetoonbank staan. Hy voel of hy enige oomblik inmekaar kan stort. Die ry beweeg vorentoe. Die sersant gaan hom beslis herken, hulle sal wag tot hy voor by die toonbank kom en hom dan voorkeer en ondervra. Hulle sal beslis, want waarom sal hulle nou juis hier wees? Hoe de donner het hulle uitgevind hy vertrek vandag? Die sweet pêrel teen sy kloppende slape af, die ry beweeg vorentoe. Hy laat sak sy kop en kyk stip na die skewe sirkelpatrone wat inkrimp op die mat tussen sy voete. Net effens bo sy linker skoenpunt fladder 'n verblinde geel mot op teen die rok van die vrou voor hom, hy ruik skielik weer die bekende soet parfuim en dit voel vir hom of hy enige oomblik kan opgooi. Hy loop hom vas teen die toonbank. Hy moet opkyk. Die sersant kyk en kyk dwarsoor hom. Hulle vra sy paspoort. Die beampte vra hoe lank hy in die buiteland gaan bly en dan kan hy nie 'n woord uitkry nie. Hy mompel iets van 'n maand, die sersant praat met iemand langs hom agter die toonbank en dan word sy paspoort teruggegee. Hulle vra hom om vorentoe te beweeg. Skielik is die sersant weg. Die mot op die vrou se rok fladder verward op, boontoe en saam met hom by die deur uit. Wanneer hy verdwaas stilstaan, kom neem 'n vriendelike lugwaardin hom behulpsaam aan die arm en vra sy instapkaart. Sy beduie hom na sy sitplek en vra of sy die aktetas bokant sy kop in die rak kan plaas. As hy 'n oomblik huiwer, glimlag sy weer en sê-vra dat dit seker sy eerste vlug is. Hy kan net instemmend knik. Sy belowe om hom later ietsie te bring vir sy senuwees.

Sy hande klem krampagtig om die stutte, met geslote oë en knersende tande wag hy dat hulle hom tog in elk geval van die vliegtuig gaan afhaal, dan hoor hy dit. Die motore se klank neem toe in intensiteit, die vliegtuig begin beweeg, hulle draai stadig en skielik hou hulle stil. Die spanning het nou so in hom opgelaai dat hy voel hy raak weg in 'n nare beswyming, vir die tweede keer is hy baie naby aan opbring.

Iemand vat hom aan die elmboog terwyl hy dof hoor daar word met hom gepraat. As hy sy oë oopmaak sien hy weer die vriendelike glimlag van die waardin. Sy skuif by hom verby en neem die leë sitplek langs hom in. 'n Ligte

vibrasie in sy rug laat hom besef dat hulle stadig vorentoe beweeg. Die volgende oomblik word hy teruggedruk in sy sitplek. Hy sluit sy oë en voel hoe hulle voortsnel oor die aanloopbaan en dan val die aarde onder hulle weg, hy is vry. O God, hy is eindelijk na maande en maande vir ewig vry!

Hy kom eers 'n rukkie later agter dat sy met hom praat terwyl sy vir hom 'n tissue aanbied. Verleë bedank hy haar en vee vinnig die trane skelm agter sy donkerbril weg. Sy het opgestaan en toe sy 'n ruk later terugkeer met 'n rum en coke het sy skouers ophou ruk. Sy het teen hom vooroorgebuk, sy sitplekgordel losgemaak en hom met sy das gehelp. Hy het nou eers die donkerbril afgehaal en die warm talmende geur van haar parfuum geruik, hy was werklik vry.

Na middagete bedien is het hy nog lank na die vlietende wolpatrone onder hom gekyk en so vir die eerste keer in presies nege maande na die begrafnis salig soos 'n gelukkige soet kind vas aan die slaap geraak. Sy het hom ure later met 'n glimlag wakker gemaak.

Dit is nag as hulle begin daal vir die landing. Hy is heeltemal uitgeslaap en 'n uitbundige gevoel van opwindung wel in hom op. Sy groet hom vriendelik met die hand bo by die trap en as hy afstap in die vreemde bring hy sy hand op na sy gesig en ruik weer die warm talmende geur van haar parfuum, hy glimlag. Die feit dat hy gladnie vooraf blyplek bespreek het nie, het hom nie in die minste gepla nie, dit was vir hom nou deel van 'n nuwe reis. Na hy uitgeklaar en sy tas afgehaal het, besluit hy om eers 'n drankie te maak en rustig die eerste treë van die nuwe avontuur te beplan, hy moes reël vir blyplek. Die kroegmeisie wys hom 'n paar adresse in 'n gids, hy teken dit versigtig aan in sy geel notaboek en stap bly na die uitgang om 'n taxi te haal.

Drie treë af teen die trappe buite die gebou staan hy doodstil om eers die vreemde vars winterlug diep in sy longe in te asem en ook om sy oë gewoon te maak aan die lig buite. Dit reent. Hy kyk af na die groen weerkaatsing van die neonlig, in die olierige water op die swart teerblad, skarrel 'n geel mot verward ruglangs in skewe sirkels krimpand in, al hoe nader aan die donker bek van die swart afvoerpyp.

Hy voel sy skoenhakke stadig skuins gly oor die gladde swart olievlak van die teer, hy kyk af en sien hoe groen weerkaatsings van die neonlig klampand vasslaan om sy enkels. Die koue reën loop langs sy nek in, sy klem die swart sambreel bo en stut hom. Sy hou sy stram lyf vas, sy nat kop tussen haar jong bonsende borste vasgedruk, sy snik sag. Dit is bitter koud en deur die muwwe klam van haar groen jaskraag ruik en proe hy weer die soet parfuum van die jong weduwee.

Cas Vos

Besoek aan operahuis

Vir Ters en Dirk

Skemer slaan al tent op toe Janna V. Tebeneva
op gesag van Nikolai, die trompetter, ons inlig
dat 'n Russiese opera soos 'n swanger vrou wag.
Die operahuis praal met die glorie van 'n paleis,
oordek met rooitapyte vir dames uit glaskoetse.
'n Bruid vir die Tsaar (van Mey), ons geskenk
by die aand van Russiese lof en lieflikhede.

Die wind dra die reuk van meisies met arms vol rose,
ek kry hoendervleis as hulle my vleierend streef;
my oë is 'n kamera wat skones heelhuids inprent
om in skemerdrome koninginne in ere te hou.

Voordat die Tsaar sy bruid se skede invaar,
soek ons die plek van vinnige verligting –
dàár laat stanke uit die put ons asemloos,
terwyl lelieslanke dames vir spek en lone wag.

Ons kry ereplekke, oë fokus op Tsaar en bruid.
Voor ons hurk engele sonder 'n kraak aan die huid,
die sagte Russiese son maak hulle ooglustig,
hulle gitswart hare glinster in maanlig.

Teen pouse gloei ligte stralend soos die son,
in die voorste ry sit vorstinne op trone,
fermsagte borste, oë sing en lag plesierig;
versier met moederaarde se gesogste skatte,
is hulle van meer waarde as engele met harpe.
Kyk in die operaspieël, manne van Rusland,
wie is die allerfraaiste in die ganse land?

Joanan Rutgers Deze Oudheid

Terug naar het verleden, naar de bouwmeesters
van tijden die de verbeelding te boven gaan,
maar die roepen om aandacht, die geestelijk
ons meer nabij zijn dan ooit tevoren.

Het verleden is niet vast te houden, alleen
in de ziel liggen mooie, dierbare beelden.
Losliggende eilanden die een geheel vormen,
waaruit een ongekende roos opbloeit;

Afrodite, verlost door de stem van Sapfo,
evenals Gongula, tedere vriendinnen, wellustig
opgaand in hun zoete liefde. Nergens bang
voor een driedimensionaal schaamtebesef.

Alles is weg. Er is geen houvast meer,
wij zijn de weerspiegeling van de toekomst;
ruïnes zie ik, omgeven door sceletten
en ruimtewezens in aanbidding voor Gaia
op zoek naar souvenirs.

Verlorene

Alle fantasie is collectief
onbewuste dat ronddraait
als een zweefmolen
die breekt in tweeën
breekt
tot in de heilige plek
tussen je benen.

Als mijn hersens verdwenen zijn
wanneer de dood mij wenkt
dan zal ik je opzuigen
als gras dat verbrandt
de hitte van zand
een stervende oase
humor en gekte.

De wal is verder dan ik dacht
het is een verzameling
vol dodelijke sporen
laat me sterven in jouw klem
sterven – want de dood
is uitkomst.

Kadavervoedsel (in Venetië)

En als wij sterven
wans onze angst
is vroeg te moeten
vroeg te zullen sterven

dan zal ik vervloeien
tot geurige was
je beschermen met
een waas van vlezigheid
al ben ik onmachtig
en als wij verdrinken
dan is dit
de limiet van liefde op aarde.

Blanco (voor Judith)

Meisje van zeventien
met je wuivende zomerrok
in de trillende hitte,
ik werd waanzinnig
toen je het blauwe badpak
langzaam uitdeed, bibberende
maagd, met je wiebelende borsten
in de hemel bedrijven ze de liefde
volmaakt, zonder lichaam, eeuwiger
ergens zal ik daar alsnog van
verdriet en heimwee sterven
(beticht me niet van blasfemie)
maar die billen en die blonde poes
ai ai ai
waarschijnlijk wil ik helemaal weg zijn
helemaal weg
in jou.

Omniversum

De waanzin van het huis,
het bed en de televisie,
de planken die recht staan,
de muziek zonder mensen,

Rimbaud, mijn vriend, wat nu?
er zal nooit een groter dichter
opstaan uit het Rijk van Jahweh
en ik wilde teveel in één leven.

Haar zuchten worden luid,
ik ben het spook dat
door de muren gaat,
zij liggen naakt op bed
en lust is groter dan onszelf.

...

De stilte, de leegte, het heelal.

Een dierentuinleven Voor Vladimir Majakovski (1893 – 1930)

In het kille Rusland, waar de wodka
krachtig vloeit, waar dichters koningen zijn,
lopen jongemannen met opgeheven hoofd
tijdens armoede en verdrukking. Een dapper
volk met grote idealen, maar altijd op zoek
naar moedertroost. Het vechtersbloed
van de baby-dichter vocht tegen een wiegedood
van speeltjes krijgen. Hij moest het iemand kwalijk nemen
en zijn bloedende vuistjes richtten zich omhoog,
naar de geboortesterran. Hij hoefde niet altijd te
luisteren naar de stemmen in zijn hoofd, hij kon ze ook
alleenlaten, maar hij bleef die gevangen olifant in een
muizehol. In de realiteit gaf men hem geen
ruimte, zodra hij eigenheid tentoonspreidde,
werd dat getorpedeerd. Hij ontvluchtte zijn
verwoesting en hij verdween in de kelder.
Achtervolgd door sadistische moordenaars. Onderin
de kelder hing een bord met pasfoto's van
eerdere slachtoffers, hij zou de volgende zijn,

al verdrong hij zijn kelderangst met de daar
op een plank staande flessenfamilie alcohol,
hij moest vroeg of laat weer naar de doem
van oorlog en mensenhaat en vervreemding.
Oorlog is niet weg te zappen naar een martelwerktuigenmuseum,
evenmin naar sprookjesland. Verbitterd keek hij om zich heen
en hij weerspiegelde de gebrokenheid. Maar in zijn bevlogen
hang naar eenheid verloor hij slag op slag. Hij moest capituleren.
Vluchtend naar de zolder, waar hij nog het beste vrij kon zijn,
waar hij sliep en waar hij zijn gedichten maakte. Daar
droomde hij van Lilja, al was zij nog zo krenkend, ze gaf zijn
bange hart een alibi om te vluchte. Maar overal vond hij
de dreigende angst om vermoord te worden, al was zo 'n daad
niet echt meer nodig, vond hij, want wat is een mens zonder liefde?
Een Russisch roulette zonder uitkomst.

Barend J. Toerien

Uit 'n brief*

Bloemfontein, 26 Januarie 1901

...

Mevrou Pienaar het ingekom
en Mevrou Raal en Mevrou Roux en nog meer
en hulle vertel my hul stories
en ons huil saam en ons lag saam en geséls
vrot Hollands en vrot Engels
die hele agtermiddag.
Met nat nagte stroom die water deur die seil
en spoel binne (soos dit maar weet hoe om te doen
in hierdie land) onder die tentflap
en besop die kombes
want hulle slaap op die grond.
Toe terwyl ons daar sit
seil 'n slang binne.
Hulle hardloop na buite en ek
val dit aan met my parasol.

Dit was 'n pofadder soos ek later verneem.

Mevrou Pienaar het ses kinders
van vyftien af tot twee jaar, en sy weet nie
waar een van hulle is nie.
Sy was somer net so van hulle weggevat.
Haar man word aangehou
iewers in Bloemfontein en mag haar nie besoek nie.
Sy is verwagting, kraam oor drie weke, dog
moet op die kaal grond lê, styf en seer
en het geen sitding nie, moet hurk
op 'n opgerolde kombes.

...

Met liefde, jou
E.H.

* Emily Hobhouse. *Boer war letters.*

Naaukeurige en uitvoerige beskrywing*

Simon van der Stel
weet te vertel
dat toe hy 200 myl noord
op 'n baie hoë berg oornag het
hy duidelik kon sien
dat die maan nader is as die astronome meen
– dit was 'n stil nag en helder –
want toe daardie *planeet* oor sy kop laag vaar
sien hy gras daarop wuif
en kon hoor die geluid van die maan in beweging.
Hieroor lag hy hom byna dood, die Kolb (Peter)
besoeker en beteweter
onwetend dat hierdie land in jou kan insypel, dat
Sy Ed. van der Stel reeds voos osmoos
was met maan-vibrasies van Boschjes Mans
en Hottentoes
se Groot Anders Makum Ding
geondergaan
met voetstamp en sing
al onner al onner deurie maan.

* Peter Kolb

Arij van Bengale*

'n Storie van 'n Oosterling
spook by my telkemale
al weet ek ook maar bittermin
van Arij van Bengale.
Van die VOC is dik boeke vol
skeepsdiensstasieverhale.
Dus luister: Willem Adriaan het
vir Arij van Bengale

gevonnis tot harde lewenslange
arbeid met blok en kettingbande
en toe die slaaf te sterwe kom
– dis nou Arij van Bengale –

laat poshouer Hamerling vir hom
met blok, kettings en al begrawe.
En so het hy aan sy einde gekom,
bandiet van Bengale.

Tog nie. Die goewerneur Van Assenburgh
die nuwe poephol-op-pale
vorder streng die boeisels terug
van Arij van Bengale.

Die poshouer wys die geskrewe bevel:
“op generlij wijze uit zijn bande te ontslage”,
gestipuleer deur Van der stel
Arij Bandiet aangaande.

Vergeefs. Hamerling moes die swaar houtblok
en ketting vir hergebruik opgrawe
en afsaag van die nuttelose lyk
van Arij van Bengale.

* Dan Sleigh. *Die buiteposte*, p. 380.

Luuk Stofferis Zolang de Liefde

Ik laat hier mijn tijd beginnen
in het onmiddelijk ruisen van het bloed
om m'n perplexe vondst van eenvoud vooruit te dragen
en van eenvoud
vreet ik van liefde alle velden kaal

ik laat nu mijn grote grove handen
trachten
als een capuchon over haar heen
te dichten
als ze het verdraagt

en spreken over de kinderlijke schreeuw
over de diepte van geschenken die spreken
door de Goden in het troebel van de blik
ik zal haar
lager dan de wolken,
en hoger, in het stratos van de koelte vieren

zolang haar tengere lijf,
zolang het onophoudelijke onbewuste
bezit van haar schoonheid blijft
zal ik mezelf troosten met haar afwezigheid
waar ik de heuvels van onboste schaduw
uit de woken zuig.

Von das Kind überhaupt

Kinderen scheuren het papier van de hemel
om tot uitdrukking te kunnen brengen
niets dan welving, volume, vorm en verhouding
daarvoor priemen zij hun ogen uit

dan komt de liefde en de sigarettenrook
het woelen in de diepte ter wille van de diepte
het flirten van de tijd, daarom scheuren ze het
om te groeien uit de kleren van onwetendheid

en komt het krioelen om het goud en zilver
om de dikke lippen met het dagboek weg te spoelen
om te vergeten de herinnering van heiligheid
niets dan tijd, handeling en gebeuren om te vergeten

dan komt de starheid van de modder die verstijft
en staan de einden uitgehold als van louter huid
om te baden in de dagen van dagelijksheid
en niets dan kinderen is wat volgt.

Lucia Wels Skaatser

Elke nag gly sy gewigloos oor die ys,
alleen in die silwerige stilte
van 'n olimpiese skaatsbaan,
haar jong, sonbruin bene sekuur
onder die verspotte kort rokkie
wat waai en opwip soos sy skaats.

Elke keer as die reling nader kom
swenk sy met 'n sierlike boog
en gly weer weg om 'n ander deel
van die ysbaan te leer ken
in die koel mis wat oor alles hang.

Sy skryf groot esse, dans en sweef
om die wonder van gewigloosheid
en die heerlijkheid van amper-vlieg
met elke spier en sintuig
om te skakel tot latente krag.

Dan val die eerste strale van die son
deur 'n skreef in die gordyn oor haar.
Sy roer ... en voel die swaartekrag
van haar naderende middeljare
as sy haar bene van die bed af swaai.

Vrou voor die winkel

Die dofverligte winkel is jou raam,
die diep, aardse weelde van leer en pels
'n sagte agtergrond waarteen jy,
afgeëts teen die kleiner raam van winkelkeur,
as fokuspunt vasgevang word.

Jou vel is die kleur van die leer
wat van alle kante teruggekaats word.
Teen die sagte tekstuur van die jas
wat skuins agter jou in die venster hang,
is jy oud en reeds te veel gelooi.

In die middel van die winkel,
die dowwe glans van bruin swakara -
'n bruin wat herhaal word in jou hare
wat, styf teen jou kop vasgemaak,
dofweg blink in die winkel se lig.

Jy sit met jou rug teen die winkelkeur,
die diep, aardse weelde van leer en pels
'n sagte agtergrond waarteen jy
oorskiet uit die restaurant daar oorkant
uit gister se koerant sit en eet.

Ria Smuts

Van den vos Reinaerde op Afrikaanse Bodem

1

Opgetekende diereverhale waarin die jakkals 'n sleutelrol speel, is reeds ongeveer 2 500 jaar met ons. Om dus binne 'n kort bestek iets omtrent die vos op Afrikaanse bodem te sê, is dit nodig om met spronge en jakkalsdraaie deur die eeue en die kontinente te beweeg.

Wie is dié skelm, Reinaert, in Afrika? Hy is nie *Vulpes vulpes*, die Europese vos nie. Hy is ook nie *Canis aureus*, die goue jakkals, die vraatsugtige alleseter, bekend vir sy skelmstreke, stelery en hinderlike gehuil snags, waarskynlik die jakkals wat in die Bybel vermeld word nie. Ons vos is nie 'n egte vos nie; hy is *Canis mesomelas*, die rooijakkals, wat byna legendaries uitgeslape is en skade onder die kleinvee aanrig. Sy tand is teen elke boer, en elke boer se hand is teen hom. Ons noem hom wel "vossie", maar in werklikheid is hy geen vos nie. Ons enigste egte vos, *Vulpes chama*, is die silwervos, of draaijakkals, wat normaalweg leef van insekte en muis, en hoewel hy in dele van die land geblameer word vir die dood van jong lammers, is hy waarskynlik 'n onskadelike roofdier (Smithers 1983: 416). Vosse is 'n bietjie kleiner gebou as die jakkals; hulle het 'n skerper snoet en die kyker van die oog is smal, nie rond soos die jakkals s'n nie. Op die oog af is die Europese kalant dus slinkser as sy Afrikaanse literêre eweknie. Maar of ons hom nou die vos, vossie, jakkals of Reinaard noem, in stories is Europa se vos Afrika se rooijakkals.

Ysengriin of Isegrim, die wolf, is eweneens 'n ander dier in Afrika as in Europa. Die Europese wolf, *Canis lupus*, is 'n lid van die *Canidae*, die hondagtiges, waartoe ook jakkalse en vosse behoort. Die Europese vos en wolf is dus nou verwant. Wat ons wolwe noem, is eintlik hiënas: *Hayena brunnea*, die skugter swartwolf (of strandjut) met regopstaande ore, en *Crocuta crocuta*, die luidrugtige, aggressiewer, aasvretende, gevlekte hiëna met ronde ore, ook bekend as die tierwolf en soms, weerwolf. Ons jakkals en wolf lyk minder na mekaar en is nie so nou verwant soos die Europese tweemanskap nie. Kinderboekillustrasies beeld egter só dikwels die Europese wolf uit dat mense wat Wolf as boekkarakter leer ken het, waarskynlik sy beeld in hulle gedagtes het.

Binne die orale oordragsituasie is dit egter anders. Hoewel die jakkals-en-wolf-verhale begin het met die (Europese) wolf teenoor jakkals, het die hiëna algaande die rol van jakkals se teëspeler in ons volksvertellings begin oorneem (Grobelaar 1981: 650). Daar bestaan 'n ou bygelooft dat die hiëna tweeslagtig is, klaarblyklik gegrond op die eienaardige ooreenkoms tussen die uitwendige geslagsorgane van die mannetjie en wyfie. Hoewel Aristoteles (384 - 322 v.C.) reeds geprotesteer het teen die

opvatting dat die hiëna manlik sowel as vroulik is (Curley 1979: 87), het die *Physiologus*, een van die populêrste en mees wydgelese boeke van die Middeleeue, waarskynlik dié bygeloof help bestendig. Daarin staan (in Afrikaans vertaal): “Hierdie dier is ’n *arenotelicon*, d.w.s., dit wissel tussen manlik en vroulik. Op een tydstip word dit ’n manlike dier; op ’n ander ’n vroulike dier, en dit is onrein omdat dit ’n dubbele aard het” (Curley 1979: 53). Hiëna leen hom dus daartoe om ’n verhaalkarakter te wees.

Lank nie alle Suid-Afrikaanse luisteraars na verhale oor jakkals en wolf sou in dié bygeloof geglo het nie, maar by die mondeling oorgelewerde jakkals-en-wolf-stories is die hiëna ongetwyfeld die rolmodel vir wolf.

Die laaste dier wat hier vermeld moet word, is die das. Vir die Europeër is hy ’n roofdier wat behoort tot die *Mustelidae*. Hy is verwant aan ons ratel, en omdat hy ook ’n pluimveedief kan wees en effens na ’n vos lyk, is dit begryplik dat Reinaert sy oom genoem word. Sy voorkoms en “persoonlikheid” is egter volkome anders as dié van ons dassie (*Procapra capensis*): ’n onskadelike plantetende soogdiertjie sonder stert, wat rats kan klouter en teen kranse hou. In die oorbring van *Reinaert* na Afrikaanse bodem het die das probleme geskep.

Die vroegste plaaslike *Reinaert* wat ek kon opspoor, is dié van J.P. Botha wat in 1905 as ’n reeks (in die sg. “vereenvoudigde Nederlands”) in *De Unie* begin het en in 1910 gepubliseer is as *Reinaert, de jakhals*. Botha noem die das Stompstert. Hy maak dus van hom die Afrikaanse dassie wat geensins daarop aanspraak kan maak dat die jakkals sy oom is nie. Veertien van die illustrasies wat in Botha se *Reinaert, de jakhals* gebruik word, kom uit dr. E. Laurillard se *Reintje de vos* en twee is, volgens die erkenning voorin, “spesiaal getekend door de heer Symington”. Symington se tekening toon ’n Afrikalandskap waarin verskeie Afrikadiere - onder andere die kameelperd en die koedoe - verskyn, asook die (onafrikaanse) bewer, maar hy vermy die das. In die ander illustrasies verskyn die Europese das. Dié teenstrydighede skep dus ’n probleem vir die leser.

Die eerste Afrikaanse *Reinaert*-weergawe, dié van P.A.M. Brink (1922) met die titel *Jakkalsstreke*, herbenoem vir Grimbeert tot Das Vuilbaard. Hoewel die Afrikaanse leser waarskynlik die verkeerde das in gedagte sou hê, dra Brink nie deur sy benaming tot die verwarring van die dassie by nie, maar skep ’n nuwe probleem: Vuilbaard is in Afrikaans ’n tradisionele naam vir die leeu. Die illustrasies van G. Wildschut is klaarblyklik oorge- neem uit *Reinaert de vos. Naverteld door Hermannna*, ’n Meulenhoff-uitgawe uit 1919 (vgl. Goossens 1988: 141). Tekeninge van die das is egter (diskreet) nie opgeneem nie en die oomskap van Jakkals word baie lig gehanteer.

Die grootste teenstrydigheid kom egter by mevrou J.J. Jordaan se Afrikaanse verwerking van 1928 (“mevrou” omdat daar op die titelblad nadruklik staan: “Oorgesit in Afrikaans deur mev. J.J. Jordaan”). Sy beredder die genealogiese probleem deur die Europese das ’n Afrikaanse ratel te maak, maar skep dan ’n veel groter teenstrydigheid deur hom

Stompstert, die Ratel te noem. Die komplikasie word vergroot deur die illustrasies van W. Frank Calderon: sy das is Diets en dra 'n keurige stert! Eitemal (W.J. du P. Erlank) bestempel sy weergawe, *Reinaard, die jakkals*, (1981) as "'n Afrikaanse diere-epos". Hy noem die das Grimbeert, maar dit is 'n stompstert-, eg-Afrikaanse das. Eitemal se bewerking van die Reinaert-geskiedenis behels nie net 'n bywerking van episodes wat tot die tradisionele *Reinaert I* óf *Reinaert II* (die latere prosa-weergawe) óf ander jakkals-en-wolf-stories herlei kan word nie, maar hy skep talle nuwe insidente en betrek totaal nuwe verwysingswêreldes. Een van die wysigings is dat Reinaard as peetoom by Grimbeert se doop opgetree het, maar:

Daar was so 'n bietjie skinderpraat
want Grim het 'n roesrooi snor gehad (55).

Hiermee kry die probleem van die verwantskap tussen die twee 'n komiese nuwe wending wat in die teks verder uitgebou word. Grimbeert sien naamlik swarigheid daarin om verantwoordelikheid te aanvaar vir die grootmaak van Reinaard se seun. Hy weet hy moet hom leer om - soos sy pa - sy spore agter hom dood te vee. En sy probleem is:

Dis moeilik vir my om dit voor te doen,
want ek het van agter 'n ander fatsoen (61).

Die bewerkers J.P. Botha en J.J. Jordaan het in die probleem van die naam en voorkoms van die Afrikaanse das vasgevang geraak, P.A.M. Brink het die das-probleem ligweg ontduik, maar 'n nuwe probleem geskep. Eitemal verwerk die identiteitskwessie vernuftig tot 'n organiese deel van sy teks.

2

J.P. Botha se vroeë bewerking van *Reinaert, de jakhals* (1905) is nie die eerste geskrif waarin die naam van die vos binne 'n Suid-Afrikaanse konteks verskyn nie. W.H.I. Bleek publiseer in 1864 *Reynard the fox in South Africa; or, Hottentot fables and tales chiefly translated from original manuscripts in the library of His Excellency Sir George Grey, K.C.B.* In sy voorwoord wat gerig is aan "My Dear Sir George" verduidelik hy dat die sprokies, verhale, fabels, liederes en raaisels opgeteken is deur eerw. G. Krönlein, Rynse sendeling in Namakwaland, in Hottentots (Khoi-Khoins) en Duits. Hoewel Bleek nie uitsluitlik gee oor die kwessie van oorspronklikheid nie, noem hy die moontlikheid dat die verhale deur kontak met die blankes versprei is en in die oortertel uitgebrei en gewysig is. Bleek self bedien hom van wysigings:

To make these Hottentot Fables readable for the general public, a few slight omissions and alterations of what would otherwise have been too naked for the English eye were necessary ... (Bleek 1864: xxiii).

Die werk bevat dertien verhaaltjies met jakkals in die hoofrol en alhoewel daar aanpassings t.o.v. die dierebevolking voorkom (volstruis en eland word byvoorbeeld genoem), is die verband met *Van den vos Reinaerde* en ander Europese dierefabels en -sprokies duidelik herkenbaar. Bleek het met hierdie bundel 'n bydrae gelewer tot die dokumentering van die aanpassing en verwerking wat die Europese diereverhaal in die proses van mondelinge oordrag op Suid-Afrikaanse bodem sou ondergaan.

Die grootste vroeë dokumenteerder op dié terrein is sekerlik G.R. von Wielligh met sy vier bundels *Diere Stories* wat vanaf 1917 verskyn het, hoewel hy reeds in 1906 'n bundel vir publikasie voorberei het. In *Ons Klyntji* (1896 - 1906) is heelparty diereverhale gepubliseer. Verder moet genoem word K.L. en A.O. Vaughan se bundel *Ou Hendrik z'n stories* (1910) en Sanni Metelerkamp se Engelse optekening van *Outa Karel's stories* (1914). In haar inleiding betreur sy die feit dat hulle in Engels weergegee word:

I greatly regret that they appear here in what is, to them, a foreign tongue. No one who has not heard them in the *Taal* - that quaint, expressive language of the people - can have any idea of what they lose through translation.

Ook in C.J. Grové se bundel *Jakkals se strooptogte* (1932) kry ons 'n weergawe van stories wat uit die mond van 'n verteller opgeteken is met die tipiese aanpassings, bywerkings en uitweidings wat die betrokke individu kenmerk. In die neerskryf vind uiteraard 'n verdere proses van seleksie, aanpassing en herskepping plaas.

Die latere ontwikkeling van die diereverhaal in Afrikaans is nie verder ter sake nie. Die proses gaan steeds voort. In 1988 het byvoorbeeld verskyn *Jakkals en Wolf in Namakwaland* deur Claudien Kotzé.

Wat vir hierdie betoog van belang is, is dat jakkals so 'n prominente figuur in die Afrikaanse volksverhaal is. Volgens Grobbelaar (1981: 643) se studie is vyftig persent van die totale Afrikaanse sprokieskat diereverhale en in omtrent die helfte hiervan figureer Jakkals as hoofkarakter. Die presiese rol wat *Van den vos Reinaerde* binne die Afrikaanse volksvertelling gespeel het, is nie bepaalbaar nie. Die meeste van die sprokies in die epos is goed in Afrikaans bekend, maar dis nie moontlik om vas te stel of hulle uit *Van den vos Reinaerde* of uit die algemene stamlandse volksoorlewerings afkomstig is nie (Grobbelaar, 1981: 652). Dat die jakkals egter ons Afrikaanssprekende volkse vertellers (wit en bruin) geboei het en aanleiding gegee het tot die bywerk en varieer van ou Europese verhale en die skep van nuwes in Afrikakonteks is 'n onomstootlike feit.

Ook die strokiesprent in Afrikaans het van Reinaert kennis geneem. T.O. Honiball se *Jakkals en Wolf* verskyn die eerste keer in *Die Jongspan* van Vrydag 16 Januarie 1942. Dit loop tot in Maart 1969. Van 1963 tot 1986 verskyn veertien versamelings in boekvorm. Die aansluiting by *Van den vos Reinaerde* is ooglopend, maar algaande ontwikkel die reeks en word

die Middeleeuse karakters moderne figure. Tye verander, maar die vos se aard bly konstant.

3

Dit is nou nodig om terug te keer na die bundels wat bewustelik as bewerking van *Van den vos Reinaerde* vir Suid-Afrikaanse lesers aangedien is. Die skoolleesboek, *Longmans' leesboek vii* (1905) waarin 'n uiters beknopte opsomming voorgekom het en die oorvertelling in *Die groot fabelboek* (Schumann 1965) word buite rekening gelaat omdat die oorvertellings anoniem in 'n groter konteks opgeneem is. Wat nog oorbly, is om kortliks te kyk watter aanpassings die bewerkers gemaak het om die vos op Afrikaanse bodem los te laat.

Botha, Brink en Jordaan se weergawes is vir kinders bedoel. Botha het blykbaar wel met *Reinaert I* gewerk, maar ook sterk gesteun op bestaande Nederlandse bewerkings van *Reinaert II*. Sy verwerking in die sogenaamde vereenvoudigde Nederlands wat plek-plek Afrikaans word, is nooit voltooi nie, en toe die boek in 1910 verskyn, is dit stomp afgesluit met 'n deel uit die *Longmans' leesboek*. Die illustrasies wat erken word, kom uit Laurillard se *Reintje de vos*, maar dit beteken nie dat dit Botha se enigste bron was nie. Sy teks klink plek-plek baie soos die bewerking van Andriessen, *De allervermakelijkste geschiedenis van Reintje den vos* wat ongedateer is maar, volgens Goossens (1988) se bibliografie, ongeveer 1900 verskyn het. Maar ander Nederlandse bewerkings was toe ook al beskikbaar en dit lyk nie na 'n baie vrugbare taak om te probeer bepaal wat ons kinderboekbewerkers se bronne was nie. Die soort aanpassings wat hulle gemaak het met die oog op kinderlesers is hoofsaaklik die toeganklik maak van die taal, die herbenoeming en wysiging van die karakters, die bybring van plaaslike flora en fauna, en suiwering. Wat veral wegval, is wreedheid, sadisme, oneerbiedigheid teenoor die geestelikes en die skabreuse. Die tradisionele probleemsituasie rondom die naakte priester, Vrouwe Julocke en Tibeert is deur Botha in *De Unie* (2(5): 135-136) nogal dappertel vertaal:

De paap verliet de zachte veren waarin hij gedoken lag, greep in de haast de spinrok van mevrouw.

En van die kat se aanslag word gesê dat:

Steekbaard, in wanhoop tegen hem aan vloog, en hem met tanden en klauwen op een gevoelige plaats beetpakte.

Wie sal weet of dit die uitgewers of Botha self is wat verantwoordelik is vir die verandering wat intree in die boek van 1910? Die paap word 'n dominee, en hulle mag (moet?) vrouens hê, maar nou staan daar dat die kat:

80

Zijn Eerwaarde ... met tand en klaauw op gevoelvolle wijze beetpakte (44).

P.A.M. Brink en mev. Jordaan se weergawes is in elke opsig bloedloos. Brink laat Snor in 'n boer se strik beland en 'n goeie loesing ontvang. Mevrouw Jordaan het wel 'n priester, maar hy storm sonder 'n vrou nader, en die kat

... krap hom op so 'n woeste manier dat die arme man in 'n floute neerval (18).

Botha se aanpassings aan plaaslike omstandighede is vernuftig en soms baie komies. Wolf se klage dat Reinaart sy vrou verlei het, word by Botha:

... hij (heeft) mijn vrouw mishandeld door haar paljas en doepa in te geven, zodat ze nu met me niets meer te doen wil hebben (2)

Paljas is 'n toormiddel, en doepa reukwerk wat deur Maleiers gebrand word. Volgens bygeloof dien dit ook as seksstimulant. Jakkals se verknoeiing van Wolf se intieme lewe is dus wel minder kras as in die oorspronklike, maar Botha se weergawe is nie sonder ironie nie. 'n Mens wil hoop 1910 se kinders het dit nie gesnap nie.

Wat Wolf se kinders betref, hanteer Botha die blindwording só:

Mijn arme kinders heeft hij ongenadig toegetakeld, door ze baviaansnuif in de ogen te strooien (2).

Bobbejaansnuif is 'n swam wat 'n bruin poeier lewer. Gemeng met vet is dit vroeër deur die Namavrouens gebruik vir hulle vel, maar hulle het dit nooit naby hulle oë gesmeer nie omdat hulle geglo het dit veroorsaak blindheid. Verder laat Botha Kortjas, de Brak sy aanklag " ... in 't Engels" lewer - wat destyds in sekere kringe snobwaarde gehad het. Ook prettig is die proses waardeur die haas by Reinaart wou leer hoe om predikant te word:

Beiden begonnen eerst hardop te spellen, daarna te lezen en weldra 't volkslied te zingen (5).

Aanpassings aan plaaslike omstandighede en gebruike is volop. "Ludolf metten crommen vingheren" se swierige stamboom word hier byvoorbeeld:

Hij was geboortig uit de Transvaal, en zoon van de overleden oude Hugo Krombeen, die getrouwd was met een nooi Okkert, die, zoals men weet, mooie lantaarns uit beestehorens kon maken (28).

Wanneer die senuagtige kat 'n kraai sien vlieg, roep hy:

Kraai! Kraai! hiervandaan naar Mosselbaai! vlieg me rechts, niet links voorbij! (37).

Dié inskakeling van 'n bekende Afrikaanse liedjie was miskien die model vir iets soortgelyks wat Eitemal sewentig jaar later sou doen.

Een wysiging is besonder problematies. In die stormloop van die dorpenaars

as hulle die beer sien vassit, noem Botha figure wie se name 'n vertaling of vervorming is van dié in die MiddelNederlandse teks, onder andere Lotter Langvoet, Juffrouw Vermaak, Abel Kwak. Een naam pas egter nie in nie: Sequah. Hierdie figuur was ook nie in die tydskrifweergawe teenwoordig nie. Navrae by kenners van Khoi-Khoins en Afrikatale het tot die gevolgtrekking gelei dat dit waarskynlik die Sotho-woord *Sekoa* is (klaarblyklik verkeerd gespel), en dit beteken *die kranklike, die swakke* - 'n tipiese noemnaam in Sotho.

Botha se *Reinaert* het dus 'n veelheid van Afrikaverwysings. Dit is jammer dat hy nie self sy bewerking voltooi het nie.

Ten slotte, Eitemal se *Reinaard, die jakkals* (1981). Hierdie bewerking is so ingrypend anders as sy Middeleeuse voorsate, dat 'n mens maklik in 'n katalogus van wysigings kan verval. Selfs 'n lys van tipes wysigings sal te lank word vir dié betoog.

Eitemal se bewerking reik in talle rigtings. Hy brei uit ten opsigte van voorgangers van die *Reinaert*-epos waarop die Middeleeuse teks gereageer het en hy brei uit oor wat daarna gekom het. In 'n episode waar Reinaard op Bruin se rug ry, prewel hy byvoorbeeld:

“Ek is Roland, die ridderheld,
Van ouds in lied en roman vermeld
My stok is die spogswaard, Durandal ... (39).

Dit verwys na die geskiedenis van Roland, die held uit die tyd van Karel die Grote. Maar direk naas die oproep van die verre verlede word die tydgenootlike Suid-Afrika geaktiveer:

Soos 'n lid van die Orde, Wilde Moestas,
stap hy stadig, statig aan (45).

Plek-plek is daar klein byvoegings, soos dat die relikwieë waarna Isengrijn verwys (*Reinaert I*, reël 84) uitgebrei word tot “'n toonnael van die heilige Petrus” (16), en daar is ook hele episodes wat bykom, byvoorbeeld 'n ontvlooiingsproses wat Reinaard ondergaan, gebaseer op 'n beriggie wat in *Die Landbouweekblad* verskyn het.

Tyd en afstand word oorbrug. Soos sy voorgangers, plaas Eitemal sy *Reinaard* in Suid-Afrika. Die tradisionele *Reinaert*-geskiedenis speel hom af, maar die Afrikaanse werklikheid word betrek: die geskiedenis, die politiek, sosiale kwessies, die akademiese wêreld, die regspraak, die literatuur. Daar is byvoorbeeld 'n toespeling op George Rex, die koninklike nasaat met sy kleurgemengde nageslag, hier Jors King genoem (42); daar word spottend verwys na heldedagtoesprake (17, 70) en die gebruik om alles met gebed te open (29). Verder is daar verwysings na militêre diensplig (18), apartheid (18), nasionalisme (60), die rol van die diplomaat (36), die sensorraad (50), die Voortrekkerbeweging (92), landbouskoue (31, 96). Daar word ook besin oor die toekoms:

Ek het net een bekommernis:
dat, as u, my Koning, nie meer daar is,
'n spul verkrampes kan regeer
en teen Wolf se bastertjies diskrimineer (78).

Intertekstuele verwysings na "Die vlakte" van Jan Celliers ("so fris en so mooi soos 'n mooi jong nooi") en na *Voëlvry* van Opperman met die frase "sewe ingangspoorte na sy lyf" kom voor. Die teks bevat ook 'n subtiele toespeling op die stryd in die Stellenbosse Kweekskool rondom die persoon van prof. Du Plessis en sy verset teen die "ou paaie"-opvatting (64). Nog subtieler word na Stellenbosch verwys in die deel waar Reinaard vertel van sy pa se beplande opstand teen koning Nobel. Ons lees hoe lyste name ingesamel is in Katwyk, Duinkerken en Luik, en:

Uit die wilde Kempiese gebied
was daar ystervarke wat gifpenne skiet (93).

Eitemal se soms nogal stekelrige Stellenbosse kollega, prof. Willem Kempen, is Kempie genoem.
Die berugte Tibeert-toneel lui by Eitemal as volg:

Maar Tibert seil met bek en klou
so reg van voor in sy mikstok in
om daar te sterwe of oorwin (54).

Hierdie passasie is komies en skunnig soos sy voorganger. Dit verwys skrams na die bek-en-klouseer-epidemies in Suid-Afrika, maar dit verwys ook na "Die lied van jong Suid-Afrika" uit die F.A.K.-volksangbundel - geskryf deur Eitemal.

Diegene wat die persoonlike geskiedenis van W.J. du P. Erlank ken, sou al agtergekom het dat die verwysings byna almal ook op hom persoonlik van toepassing is. Erlank was 'n vurige vaderlander, nasionalis, politikus, heldedagspreker, akademikus, sensor en, in sy laaste jare as kulturele attaché, diplomaat. In 'n sekere sin was Eitemal 'n metafoor vir "die Afrikaner".

In die Middeleeuse *Van den vos Reinaarde* is die skrywer 'n aanwesigheid in die teks. (Of *Willem die Madocke maecte* werklik die enigste outeur is, is nie vir dié argument van belang nie.) Soos hy, plaas Eitemal homself by naam in sy teks. Heel aan die begin spreek Nobel sy volgelinge toe "met die gloed en die vuur van 'n Eitemal" (48). Maar wat in hierdie verwerking bykom, is dat die vertelgestalte wat deur middel van die verwysings en toespelings gekonstrueer kan word - die persoon W.J. du P. Erlank - as metafoor deel van die teks word. Daardeur word die metafiksionele aspek van die oorspronklike *Reinaert* in die Afrikaanse *Reinaard* op 'n subtiele wyse uitgebrei.

Eitemal se *Reinaard, die jakkals* het talle van die kenmerke van sy deurligtige voorganger: dit is ruig, satiries, oneerbiedig en baie vernuftig.

Dit is ook 'n konglomeraat van oorlewering en nuutskepping. En bowendien is die skrywer se naam ook Willem.
Soos dit vir "Willem die Madocke maecte"

... vernoyde so haerde
Dat die avonture van Reynaerde
In dietsche onghemaket bleven ...

wou ook ons plaaslike Willem 'n epos in die volkstaal opteken. Sy weergawe eindig só:

Reinaard en syne het verhuis
na 'n land vér onder die Suiderkruis.
Maar buite aan sy vlagpaaltop
hang 'n vars gevrete haas se kop.

Die vos is lewendig en wel op Afrikaanse bodem. Hy byt nog.

BRONNELYS

- Andriessen, S.J. s.a. *De allervermakelijkste geschiedenis van Reintje den vos. Bewerkt.* Utrecht: H. Honig.
- Bleek, W.H.I. 1864. *Reynard the fox in South Africa; or, Hottentot fables and tales.* London: Trübner.
- Botha, J.P. 1906. Reinaert - de jakhals. *De Unie* 2(3): 72-73; 2(5); 135-136.
- Botha, J.P. 1910. *Reinaert, de jakhals.* New York/Bombay/Calcutta: Longmans, Green.
- Brehm, A.E. 1876. *Brehms Thierleben. Allgemeine Kunde des Thierreichs.* Vol 1. Leipzig: Verlag des Bibliographischen Instituts.
- Brehm, A.E. 1877. *Brehms Thierleben. Allgemeine Kunde des Thierreichs.* Vol 2 & vol 3. Leipzig: Verlag des Bibliographischen Instituts.
- Brink, P.A.M. 1938⁶ (1922). *Jakkalsstreke. 'n Vrye vertaling van Reinaert de vos.* Kaapstad: H.A.U.M.
- Coetzee, Abel. 1940. *Die verhaalskat van Ons Klyntji (1896 - 1905)* (Patriotvereniging nr. 3). Johannesburg/Pretoria/Potchefstroom: Voortrekkerpers.
- Curley, Michael J. (vert.). 1979. *Physiologus.* Austin/London: University of Texas Press.
- Eitemal. 1981. *Reinaard, die jakkals. 'n Afrikaanse diere-epos.* Johannesburg/Kaapstad: Perskor.
- Goossens, J. 1988. *De gecastreerde neus. Taboes en hun verwerking in de geschiedenis van de Reinaert.* Leuven/Amersfoort: Acco.
- Grobbelaar, Pieter Willem. 1981. *Die volksvertelling as kultuuruiting met besondere verwysing na Afrikaans.* D.Phil.-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Grové, C.J. 1932. *Jakkals se strooptogte.* Bloemfontein/Kaapstad/Pretoria: Nasionale Pers.
- Jordaan, J.J. (vert.). 1928. *Reinaert, die jakkals.* London: Macmillan.
- Kotzé, Glaudien. 1988. *Jakkals en Wolf in Namakwaland.* Kaapstad: Tafelberg.
- Lulofs, F. 1983. *Van den Vos Reynaerde. De tekst kritisch uitgegeven, met woordverklaring, commentaar en tekstkritiese aantekeningen. Met een ten geleide van dr. W.P. Gerritsen.* Groningen: Wolters-Noordhoff.
- Menke, Hubertus. 1970. *Die Tiernamen in Van den Vos Reinaerde.* Heidelberg: Carl Winter Universitätsverlag.
- Metelerkamp, Sanni. 1914. *Outa Karel's stories.* London: Macmillan.
- Muller, J.W. 1944³ (1931) *Van den vos Reinaerde. Critisch uitgegeven. Inleiding met aantekeningen. Lijst van eigennamen. Tekst.* Leiden: E.J. Brill.
- Muscche, Achilles. 1964. *Reinaert de vos. Uit het Middelnederlands zo getrouw mogelijk*

- in modern proza overgebracht*. Amsterdam: J.M. Meulenhoff.
- Schumann, Winie. 1969. *Die groot fabelboek*. Kaapstad/Pretoria: Human & Rousseau.
- Smithers, Reay H.N. 1983. *Die soogdiere van die Suider-Afrikaanse substreek*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Van Dis, L.M. 1959. *Van den vos Reinaerde*. Uitgegeven door dr. D.C. Tinbergen. Groningen: J.B. Wolters.
- Van Nimwegen, Arjaan (vert.). 1979. *Over De vos Reinaert door Willem (die Madoc maakte) gevolgd door Reinaerts geschiedenis waarin zijn latere lotgevallen zijn opgetekend*. Utrecht/Antwerpen: Het Spectrum.
- Vaughan, K.L. & A.O. 1910. *Ou Hendrik z'n stories*. London/New York/Bombay/Calcutta: Longmans, Green.
- Von Wielligh, G.R. 1921³ (1917). *Diere stories. Soos deur Hotnots vertel*. Pretoria: Van Schaik.
- Wackers, Paulus Wilhelmus Marie. 1986. *De waarheid als leugen. Een interpretatie van Reynaerts historie*. Gepubliseerde D.Litt.-proefskrif. Utrecht: HES.

Universiteit van Stellenbosch

Dolf van Niekerk Die Wil om die Woord*

As 'n mens ouer word, stem sommige vorme van geheueverlies jou tot kommer. Toe jy jonk was, was geheueverlies maklik 'n bêreplek vir klein sondes en klein mislukkings. Wat jy nie so maklik opsy kon skuif nie, is die twyfel en onsekerheid - dit is die voorreg van die ouderdom.

Skrywers - jonk én oud - is waarskynlik meesters van geheueverlies.
Hoe dan so?

Dit het my onlangs eers weer 'n keer bygeval dat my eerste storie wat die status van gedrukte woord bereik het, onder 'n skuilnaam die lig gesien het. Die jaartal was 1953.

Die titel van die verhaal: "Die Erfgename van Libertas".

Hoe het Goethe gesê? "Alles wat gebeur is simbool, en die volkome vergestaltung daarvan slaan op alle ander gebeure."

Die tydskrif se naam was "Die Huisvrou". Redakteur: Audrey Blignault. Audrey Blignault wat met insig en intuïsie die weifelende soeker tot skryf aangespoor het. Onder 'n skuilnaam sou hy dit waag: Rudolf Nijkerk. Rudolf is 'n stukkie waarheid ... en Nijkerk was waarskynlik 'n noodroep uit die onderbewuste na die onbekende woonplek van my onbekende Hollandse voorsate. Hoe dit ook al sy: ek meen die woord 'onsekerheid' staan oor die episode geskrywe.

Onsekerheid, twyfel in gedagte en woord wat die skrywer nooit werklik verlaat nie. Die soeke na ewewig tussen twyfel, visie, besieling, wil en vermoë ... Uiteindelik die soeke na gestalte. En iewers - dit weet jy - lê iemand jou voor: die leser. In alle moontlike gedaantes: regter, fisikaal, woordvanger, vonkblusser, skutmeester, smartvraat, joljantjie en vele meer. Oplaas miskien 'n storiëgenoot en 'n storieverstaner.

Die skrywer - bedrywend of voornemend - twyfel nie dat hy wel iets te sê het nie. En natuurlik wil hy dit sê. Die twyfel of onsekerheid sluip in by die hóé. As hy voor die hóé te staan kom, is daar - so beleef hy dit - 'n ondeurdringbare boskasie van groot name, voorskrifte, voorkeure, modes, ideologieë en dalk nog politiek ook. Uiteindelik kom daar 'n leeu uit die bos. En 'n leeu is 'n leeu.

Hoe nou gemaak?

Maak soos jy wil. Mits jy maak soos jy kan en moet.

Die werklikheid wat ons omring - die totale werklikheid - is so groot en so ryk aan skakering dat niemand alles op alle moontlike maniere daaroor gesê het of sal kan sê nie. Dié feit laat die weg oop vir elkeen wat wil en kan skryf om te sê as hy wil sê.

* Geleentheidswoord gelewer tydens die oorhandiging van sertifikate aan studente in Skeppende skryfwerk, Eietydse kultuurstudie, Mediageletterdheid en Omgewingsletterkunde aan die Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria op 19 April 1995.

Die wonder van die bestaan; die tragedie en die komedie van die menslike kondisie - van die "Ilias" van Homerus tot "Die Broers Karamazov" van Dostojewski - spoel oor alles heen en geen postmodernisme, postapartheid of enige ander tydafbakening kan paal en perk daaraan stel nie.

Die woord is sonder grense.

Die woord is vry.

Maar die woord is nie bandeloos nie.

Die woord se hoogste vryheid lê in sy gebondenheid, sy bindbaarheid. Die woord vind sy skoonste gestalte in die gestruktureerde wonder.

Betekén dit dat daar 'n verklaring vir die wonder is?

Allermens. Want dan sou daar ook 'n verklaring vir begaafdheid en die kosmiese bewussyn gewees het.

Die wonder waarvan ek praat, het iets gemeen met die misterie wat die soeke na die siel van die heelal omgewe. Die begin, die roering, tyd, die uitdyende samehang, die kleinste werklikheid; uiteindelik die gees van die gestalte wat ook in die mens kom woon het.

Die skrywer werk met die siel en die gedagte. Met die woord wil hy die gees aan die lig stel; met die woord wil hy die wêreld beheers, met gedagtes in woorde wil hy vorm daaraan gee. Daarin lê die skrywer se vreugde én sy nimmereindigende worsteling.

'n Mens kan dus byna sê: laat die wil van die woord geskied, mits dit geskied soos dit moet.

Dáármee is meer gesê as wat ons met die eerste aansit by die skryfplek kan besef. U het dit sekerlik die afgelope jaar of wat agtergekom toe u met die 'moet' te make gehad het. Ek verwys heel eerste na diegene van u wat met die skryf van prosa en poësie gemoeid was - ook met omgewingsletterkunde, hoofsaaklik dan omgewingspoësie, en met mediagelettertheid - betekenisoordrag en betekenisgewing. U het waarskynlik algaande vermoed dat die kuns van die storieverteller - soos alle ander kuns - van die hoogste vorme van kommunikasie tussen mens en mens is. Dat die gehalte van die literatuur die gehalte is van kommunikasie tussen mense. En iets wat sowel vraagstuk as bevryding kan wees: dat die geskrewe woord eerder die draer is van 'n verskeidenheid implikasies as van 'n verskeidenheid betekenis.

Op die wese van die 'moet' hoef ek nie in te gaan nie. Ek wil net twee onontkombare elemente daarvan beklemtoon: die waarheid - min maar suiwer woorde - en die dissipline en priemende visie van die profeet.

Prosa en poësie kom uit die daeraad van die literatuur toe die verhaal en die gedig nog so 'n sterk verbintenis met die gangbare godsdienstige en maatskaplike oortuigings gehad het. Veel jonger is mediagelettertheid, 'n produk van die gespesialiseerde gemeenskap wat op sy beurt 'n dinamiese en selfs uitdagende spesialiteitsveld binne die literatuur geword het. Tog, met al die nuwe momente wat die hedendaagse literatuur kenmerk, is die literatuur steeds 'n weergawe van die binnestruktuur van die beskawing

waaruit dit stam.

Hierdie feit sluit aan by die derde been van die kursusse: eietydse kultuurstudie. Wat van dié nuwe wetenskap merkwaardig is, is dat dit die student as 't ware die bril gee waarmee hy sy tyd kan 'lees': hoe ideologieë in mekaar steek, die krulle en draaie van magsmanipulasie, die geyske gebruike - die smorend vaste patrone waarin die mens vasgevang is en wat krities deurskou moet word.

Geen skrywer staan ooit los van sy kultuur en sy tyd nie. Net soos die skrywer die wonder van die woord slegs binne hierdie raamwerk kan laat geskied, kry die kultuur sy inhoud slegs deur die prestasie van die enkeling. Wat dus voor ons lê is 'n oneindige verskeidenheid lewe wat was en wat is en wat word; 'n wonder wat ons begryp én nie begryp nie, dinge wat ons weet én nie weet nie; 'n lewe wat heelmaak én breek, wat goed is én boos, draer is van die traan én die lag - wat ons sien en dalk net van droom.

Miskien is ons ware taak om iets hiervan raak te vat en eenvoudig, reguit mee te deel, sonder opset of ranglys. Soos aangeraaktes en uitgedaagdes ... want is dit nie hulle wat skrywers geword het nie?

Wie se wil tot die woord uitgeloopt het op die vormgewing van die wonder.

Theo Kemp

een, twee, drie
sit ons kleinkinders
voor ouma se bed
en drink koejawelsap
eet basaarbeskuit
saam met 'n snytjie van:

Tant Lettie se insolvensieplaas
Vrekkige Het met slagpat kinders

die inflasie styg
hoër
en

hoër
selfs oor die grens van die bloeddrukmeter
die petrol sal daal
die glukosevlak ok

suster sê alles is oraaait ...

'n klein syfergat in ou dam
breek oop
lek waggelende druppels
oor 'n verkreukelde wang:
"een, twee, drie"
tel sy die blou bergreekse
op haar bene

my gesin is 'n average een ...

ma lees verklarende bybels
swets
die vinke wat
ons wasgoed beskyt

pa en pens
sit skelm
agter die office
in castle versuip

sus "dose" 'n skaap
in 'n drukgang -
dra trail busters sonder kouse

brood vir my broer
is te veel gevra -
provita's sonder botter
hospitaalgange vol eter
is sy helse lewe
soos 'n woolworths-sale

ek is die lam
die laat een
wat in middernagure koffiehuis slurp
leeu word
en brullende poems skryf,
wat niemand mag sien,
oor my
average gesin

Piet Labian De geisha

Op een morgen dat ik een geisha
scherp berispte

ontdekte ik een part van mijn ego

dat ik niet kende en dat mij eerst in onzekerheid,
daarna in zekerheid bracht:

ik poogde slechts te ontsnappen aan haar al te
lieflijk, al te schitterend halo.

Een ontdekking die mij vernederde
en mij in een zwarte wereld loodste.

Als in trance doorbrak ik mijn hatelijkheid
en bedekte haar tranen met vlinderkussen.

Zonder één woord
omarmden wij elkaar als koningskinderen.

Het masker van de meermin

Als wij Kopenhagen naderen,
de kust nader stomen

zet de zeemeermin
haar masker op,

haar masker van arrivée.

Haar uitstraling wordt verhoogd door de zon,
de zon van tientallen ogen

en de grijs-grijze golfjes.

In een hoekje van onszelf zullen wij ervaren :
een vervliegende ontroering,
Andersen snel bedwongen.

Eventjes weg van de cineraria

Hij hield van het losjes stromend water

waarin slanke vrouwen
hun crawl tot ontwikkeling brachten.

En zo, getooid met het aureool van dynamisme,
hun hart's gewaden

steeds verder droegen
de wereld in, het heelal de wereld in.

Zo hun antipoden
van koelte en glimlach in balans houdend,

ergens in balans.

Hij hield van het losjes stromend water.

Hij was een Canadees van de bijrivier.

Voodoo in Piña del Mar

Dit soort magisch-religieuze masker,
dit soort voodoomasker

was nog op haar gezicht verspreid
toen ik haar terug zag in Piña del Mar, Valparaiso

Toch zag ik een zeker verval in haar ogen,
het verval van het chrysantenblad.

Mijn bewustzijn rakend aan de raakrand
van haar handen

gaf mij de kracht haar te geleiden.

Wij negeerden de sterren, het heelal,
en wijdden ons aan deze andere zon

die ons een purperen lichaam gaf.

Fluisterende handen trokken ons
naar ons lot, naar onze lotsbestemming,

onze lotsbestemming
die er een was als deze van

het zeer mondain vallend chrysantenblad
in zijn vrije val doorheen het brekend licht.

Die kringloop van de nimfomane

Zij woonde te Scarlett Bay.

Er stak altijd een blauwe lobelia in haar haar.

Zij kwam uit het geboorteland
der chrysanten,

de symbolen van hulde
van het leven

aan de dood.

Zij was het toonbeeld
van het leven

en van één van zijn gloedvolle uitingen : de liefde;

maar ook van de liefde
met een vlugge dood,
de liefde met een snel verleden.

Zij woonde te Scarlett Bay.

Er stak steeds een blauwe lobelia in haar haar.

Fernel Abrahams Ontbloting

sagter die musiek
sagter net die lig
(is daar iewers kerse
die gordyne diggetrek?)
sagter veral jou kyk
jou lyf voldaan uitgestal(t)
afgestroop soos seuns
sondagmiddag by die swemgat

soveel eters, soveel nagte
stropings op twintig plus
soveel enkellywige jongensnagte
maar die vel steeds meer deursigtig

soveel sagter jou kyk -
my eerste-liefde-ring bly aan,
onder jou oë niks meer

Hier het jy my maer lyf
vir net jóú vingers -
steek uit jou hand
en voel
hoe hierdie krimpene hart
teen jou al hoe woester klop!

'n Semiologie van liefhê

By elke konsummasie
word 'n einde beplan.

Oor soveel weke, maande selfs
kom alle tekens neer op skeuring
is die laaste sillabe 'n sluitstuk
sistematies scénerend
werk koppelwoorde om
uit te stel of te versnel
dít wat minnaars móét weet:

elke konsummasie sinjaleer
woord vir woord
komkommerkoud die slot.

Eunice Gey van Pittius Klein reis

My lewe is 'n ruimteskip van glas
waardeur U in maar ek nie uit
kan sien nie, swewende
in gebondenheid
waarheen vir tagtig jare eeue eone
deur U ewigheid.

My eie klein hemel my hel
begrens my klein geluk klein hartseer
en geliefde reisgenote. Wetende
van my weerloosheid,
van net genoeg suurstof in dié skip
vir één blinde reis,
leef ek 'n stukkie sterflikheid.

Vic Winterbach voëlvry

uit die son
het jy gekom
elke vlerk
roerloos teen die witlig getrek:
jou witbors
is die kol
wat rooi spat en mors
soos jy grondtoe tol

Amerie van Straaten Mirage

Dansend-dromend
verstalt jy flamink
in gelid met duisend
porselein kopieë

Balletsimfonie
trillend in ligglans
songlans, roosglans
silwer nimbus
verhewe mirage
snawels en gekromde nek
pikant trappend op die plek
in hipnotiese dans

Totdat pen papier raak

Die ibis swaar en dik van lyf
wegfladder oor die maan
se skyf

Izak van der Westhuizen Violsnaar oop

My God:
woorde was nooit so evokatief
as toe jy jou verse vir my gelees het nie;

jou borste
het asem opgehou
ek sweer

my boekrak
het min of meer soos ek
na jou gekyk
selfs

my kombuis het
violsnaar oop
gestaan

die nagte was amper
ondraaglik
voor jy weer gekom het.

Chris Pelsers Oor eie werk*

Daar word vertel dat Marcel Proust op 'n keer wou hê dat 'n sekere Franse tydskrif 'n artikel oor sy groot werk, *Remembrance of Things Past*, moes publiseer. Omdat hy gedink het niemand kan beter oor sy eie werk skryf as hy self nie, het hy toe gaan sit, die artikel geskryf en dit onder die naam van 'n literêre vriend aan die tydskrif besorg. 'n Paar dae later het die redakteur die literêre vriend voor stok gekry. "I must refuse your article," het hy vir hom gesê. "Marcel Proust would never forgive me if I printed a criticism of his work that was so perfunctory and so unsympathetic."

Ofskoon Proust seker ook soos die meeste skrywers gevoelig was wanneer dit by kritiek kom, wou hy waarskynlik met dié artikel sê dat 'n skrywer nooit selfvoldaan oor sy eie werk kan wees nie. Te meer omdat hy na die verskyning van *Remembrance of Things Past* voortdurend aan die teks hersien het en die finale weergawe daarvan eers na sy dood verskyn het. Aan die ander kant wys die voorval weer eens hoe gevaarlik dit kan wees as 'n skrywer hom oor sy eie werk uitlaat.

In die lig van hierdie anekdote wil ek dan ook vanoggend my praatjie lewer en die klem eerder laat val op die proses agter die boek as die man agter die boek of die boek self.

"The first draft of anything is shit," het Ernest Hemingway by geleentheid gesê.

Dit het my nie lank geneem om die waarheid van hierdie wyse woorde te besef nie.

Die geleentheid was in my standerd agt-jaar en ek het pas my eerste kortverhaal vir *Die Huisgenoot* geskryf. Ek was op pad boontoe en het reeds in hierdie vroeë jare visioene gesien van my naam boaan stories in tydskrifte en op boeke se buiteblaaie, en ek het drome oor blitsverkopers en allerhande ander wonderlike dinge gehad. Nodeloos om te sê: 'n paar dae later was daar 'n brief van *Die Huisgenoot* in die pos - saam met my afgekeurde manuskrip. Nou ja, 'n mens is nie altyd die eerste keer gelukkig nie, het ek gedink, en onverpoos my tweede poging aan hulle gestuur. En ook 'n derde. Ná die derde beleefde maar ferm weiering het ek gedink dis nou genoeg van dié soort bog. Ek het my skoolopsteltel geskryf as en wanneer dit moet; verder sit ek nooit weer my hand op papier nie. Agter in my klerekas het ek 'n vergete rugbybal in die hande gekry. Terwyl ek dié ding in die agterplaas rondgeskop het, het ek ander drome begin droom: ek sou die beste heelagter in die land word. Dit was 'n heerlike droom, want 'n mens is nie onmiddellik met 'n onbereikbare werklikheid gekonfronteer nie. En ek sou nooit weer hoef te skryf nie ...

* Lesing gelewer by die Departement Inligtingkunde, UNISA, op 4 Augustus 1995

Dit was die eerste keer dat ek my lier aan die wilg opgehang het. Dit was veel later toe dit die tweede keer gebeur het. Ek het as joernalis by die destydse *Transvaler* gewerk, maar was nie tevrede om net bloot koerantstories te skryf nie. Die ou begeerte na die woord het weer in my begin woel. Dié slag was ek darem al twee en twintig, het ek daaglik saam met moord en doodslag geleeft en wis ek ook al so iets van die lewe. Ek het 'n groen draagbare Olivetti op skuld gekoop en verbete begin skryf. Wanneer ek nie gewerk het nie, het ek geskryf. Saans het ek haastig geëet, glad nie uitgegaan nie en net geskryf. Hierdie skryfwoede was 'n uiters vrugbare tydperk in my lewe. Sommige naweke het ek tot veertig bladsye geskryf. Die eindproduk was 'n manuskrip wat uit twee novelles bestaan het. Weer eens het 'n skryfsele van my op 'n redakteur se tafel beland - die keer dié van Tafelberg-uitgewers se fiksieredakteur. Weer eens het ek dit terugontvang. Die nuus was verpletterend: die eerste novelle het glo belofte getoon, maar die tweede een was so benede peil dat die keurder hom nie eers daarvoor wou uitlaat nie. "Maar werk aan die eerste een. Dit toon baie belofte en daar kan iets van kom." Later sou ek uitvind wie die keurder was: Jan Rabie. En nog later sou ek hom baie dank verskuldig wees vir die raad van oorskryf.

Voorlopig sou ek dit egter nie doen nie. Ek het begin twyfel aan my vermoë om werklik te kan skryf. Boonop was my groen tikmasjien gaar getik en ek was keefvol.

Dit was die tweede keer dat ek my lier aan die wilg opgehang het. Intussen sou my lewe drasties verander. Ek het bedank by die koerant waar ek gewerk het, besluit om prokureur te word en my as leerklere by 'n firma in Noord-Transvaal ingeskryf. Vir eers sou my lewe uit dagvaardings en ander prosessuele dokumente bestaan. Intussen moes ek studeer en my graad behaal.

In Desember 1970 het ek by die huis gebly en nie met vakansie weggegaan nie. Op 'n dag het ek my studeerkamer reggepak en op 'n vergete bruin lêer afgekom. Dit was die manuskrip wat ek 'n klompie jare gelede van Tafelberg terugontvang het. Met Jan Rabie se keurverslag nog steeds daarin.

Ek het met groot verwondering aan my afgekeurde manuskrip begin lees. Nou ja, tyd het seker afstand gebring. Ek het net 'n gevoel begin kry: hier kan iets van kom as ek maak soos Jan Rabie voorgestel het.

'n Nuwe skryfwoede het my beetgepak. Dié keer het dit pynlik stadig gegaan. Ek het elke sin tot tien keer oorgelees, elke woord geweeg, elke situasie oorweeg, en gewerk en nogmaals gewerk.

'n Jaar later was ek klaar. Die tweede novelle het heeltemal verdwyn. Die eerste novelle is uitgebou tot 'n korterige roman. Die titel daarvan: *Engel op die stofpad*. Die tema: 'n matrikseun in 'n kloosterskool wat op sy jong nonne-onderwyseres verlief raak. I thought it was beautiful. Die bestemming van my boek: APB. Was hulle nie immers die uitgewers van groot name

soos Breytenbach, Brink, Barnard, De Vries, Van Niekerk, Rabie en 'n hele boel ander Sestigters nie?

'n Week later is hul antwoord daar. Flinke diens, dink ek nogals bly, en gelukkig is daar nie 'n poskantoorstrokie wat in sulke gevalle die onvermydelike voorloper van slegte nuus is nie.

Geagte mnr. Pelsler, lees ek, weens die inhoudelike kan ons nie u manuskrip getiteld Engel op die stofpad, aanvaar nie. Ons stuur dit onder afsonderlike omslag aan u terug.

Dit was met absolute verbystering dat ek die betrokke uitgewer geskakel het. Klaarblyklik het hy geen ander mark as die skoolvoorskryfmark in gedagte gehad nie. "En ek kan jou verseker geen ander uitgewer sal aan dié manuskrip raak nie," was sy laaste woorde dié dag aan my.

Veel later sou ek saam met hom as uitgewer werk. En tot vandag toe nog ontken hy dat hy ooit so 'n brief geskryf het.

Engel op die stofpad het toe tog verskyn - en wel by Tafelberg-uitgewers. Dié keer moes ek 'n bietjie langer as 'n week wag - om die waarheid te sê, drie weke - maar op 'n dag is hul brief in my hande, en buiten enkele wysigings, wat niks met die "inhoudelike" te doen gehad het nie, is die manuskrip net so vir publikasie aanvaar.

Hierdie storie het 'n gelukkige einde. *Engel op die stofpad* was 'n tyd lank voorgeskryf by die Johannesburg College of Education.

Oornagroom was my nie beskore nie.

Dit het ek ook spoedig uitgevind. Positiewe en selfs goeie resensies was daar baie, maar namate 'n boek stof op 'n rak vergaar, vergeet lesers daarvan.

In 'n sekere sin was dit nodig om my debuut op te volg. Ek het onverwyld begin werk aan 'n tweede roman, wat gesukkel het om uit die verf te kom. 'n Eerste voorlopige weergawe het in die stof gebyt.

Verskeie oorsake, onder meer 'n beroepsverandering, het die skryf van hierdie roman verder bemoeilik. Voor ek hom voltooi, sou ek my hand eers aan iets anders waag.

Intussen het ek sporadies begin gedigte skryf. Dit was 'n vreugdevolle maar ook pynlike ervaring. Die Afrikaanse poësie het in die sewentigerjare 'n ongekende bloeitydperk beleef en hierdie genre het baie vinniger wasdom bereik as die ander twee genres. Ofskoon daar dus baie bundels verskyn het, was dit nie so maklik om te debuteer nie. My eerste verse het meestal in literêre tydskrifte, veral *Tydskrif vir Letterkunde*, verskyn. 'n Eerste bundelpoging is afgekeur, en ek het gou beseft dat die skryf van poësie heeltemal anders as die skryf van prosa is. Dit verg 'n bepaalde soort dissipline. Elke woord moet gelade en geslyp wees. Geen ru kolle moet sigbaar wees nie. Boonop moet jy as digter jou eie stem vind.

'n Gelukkige en vreugdevolle medium wat as 't ware in my skoot geval het, is die jeugverhaal. Op 'n dag het die destydse *Patrys* my gevra om vir hulle 'n verhaal te skryf. Ek het toe 'n atletiekstorie vir hulle geskryf. Jare

later het ek in dié storiëtjie die kiem van 'n langer verhaal gesien. Omdat ek toe reeds 'n raamwerk gehad het, en wel een wat gewerk het, het ek toe gaan sit en die storie langer geskryf. Na 'n maand was hy klaar. Sô is *Die ander wenpaal* gebore. Van alle boeke wat ek geskryf het, was dit die beste verkoper. 'n Jaar later verskyn daar nog 'n jeugverhaal van my, *As pa eendag huis toe kom*. Hierdie verhaal het geen voorafgaande vorm gehad, soos wat dit met *Die ander wenpaal* die geval was nie. Ek het net bloot agter my tikmasjien - toe darem al 'n elektriese model - gaan sit en die boek geskryf.

Intussen het die manuskrip gedigte waaraan ek gewerk het, sy finale beslag gekry en is dit teen die einde van die sewentigerjare uitgegee. Ek wil nie hier op my tegniek van poëtieskryf uitwei nie. Dit is 'n lang en stadige proses wat gewoonlik deur die een of ander persoonlike emosie oorheers word. Dieselfde geld seker ook vir my prosawerk, veral my jongste bundel kortverhale, maar dit was ook weer 'n heeltemal ander proses.

Hoe skryf ek dan, en meer spesifiek prosa?

Dick Francis het in *Writers on Writing* gesê: "My first draft is it. I start at chapter 1, page 1, and plod on to THE END."

Uit wat ek vroeër gesê het, blyk dit duidelik dat dit uiteindelik nie my werkswyse met *Engel op die stofpad* was nie.

Die dood van 'n droster, waaraan ek so lank geskryf het, was egter 'n ander storie. Ek het 'n basiese idee gehad van wat ek wou sê en ek het op bladsy 1 begin en by die laaste bladsy opgehou. Nie dat hy onmiddellik reg was nie. Later sou ek moes skaaf en slyp en sekere drade bymekaartrek, ensomeer.

Dit kan ook van my laaste roman, *Don de Ridder*, gesê word. In hierdie geval het Cervantes se *Don Quijote* 'n basiese verhaalraamwerk voorsien. Onse eie Don en sy agterryer moes egter nou en hiër hul eie tog aanpak en self vanaf bladsy 1 tot die einde hul pad vind. Die voordeel van so 'n procédé is dat die skrywer nooit werklik weet wat vooruit gaan gebeur nie. Die verhaal skryf hom dus self, en uiteindelik word die skrywer 'n karakter in sy eie verhaal. Dit is miskien juis as gevolg van al hierdie elemente en veral hierdie prosedure dat ek van al my boeke dit miskien die meeste geniet het om *Don de Ridder* te skryf.

Hierdie prosedure werk nie altyd nie. Daarom is dit in my geval dan ook so dat die tema van my stof nie net die medium nie, maar ook die skryfprosedure bepaal.

Die wording van *Soveel nagte plotseling* is in 'n groot mate deur omstandighede buite my beheer bepaal.

Op 'n dag vra 'n uitgewer my om 'n bydrae vir 'n bundel kortkortverhale wat hulle voornemens was om uit te gee. My eerste reaksie op hierdie versoek was dat ek geen kortverhaalskrywer is nie, maar dat ek dit sal oorweeg. Ek was nie werklik van plan om 'n bydrae te lewer nie, veral vanweë my ongelukkige herinnerings aan *Die Huisgenoot* jare gelede. 'n

Maand of wat later het ek een nag 'n droom gehad wat my bygebly het. Ek het gevoel ek moet iets daarvan maak, maar dit het in geen medium wat ek normaalweg beoefen, ingepas nie. Toe dink ek daaraan: die stof kies die medium; nie andersom nie. Ek het gaan sit en 'n kortkortverhaal oor my droom geskryf. Die titel daarvan was *Die skoene*. Die samestellers van die betrokke bundel het my verhaal aanvaar. Later het ek weer oor my storie gedink. As kortverhaal was *Die skoene* sekerlik afgerond, maar daar het nog iets gekort. Hierdie storie was nog nie klaar vertel nie. 'n Rukkie het ek dit oorweeg om die storie uit te bou tot 'n novelle, maar besef dat ook dit nie sou werk nie. Die enigste oplossing was nog 'n kortverhaal om as 'n teenhanger vir *Die skoene* te dien. Sodoende, is die tweede verhaal, *Laatsomerdroom*, gebore. Nog was die gegewe nog nie heeltemal afgerond nie, en 'n derde verhaal, *Niks is ooit fiksie nie*, het ontstaan. Hierdie verhale het nou 'n eenheid gevorm en is as 'n trilogie in *Kort-kort* opgeneem. My loopbaan as kortverhaalskrywer kon net sowel hier geëindig het, want ek het in hierdie drie kortverhale alles gesê wat ek wou sê. Só het ek altans gedink. Die basiese gegewe in die drie verhale het by my bly spook. Al hoe meer moontlikhede het hulleself voorgedoen, al hoe meer intriges kon ontgin word. En die beste manier om dit te doen, het dit later geblyk, was om nie chronologies te werk nie. Sodoende kon een verhaal 'n spieël word waarin die ander verhale beelde van hulleself weerkaats. Maar steeds moes elke verhaal as kortverhaal op sy eie voete staan. Met hierdie selfopgelegde opdrag het ek toe aan die res van die verhale in *Soveel nagte plotseling* begin werk, en ook nie noodwendig in 'n chronologiese volgorde nie. Die finale ordening van die verhale het eers op die heel laaste geskied. Die eindproduk was toe nie slegs 'n bundel met kortverhale nie, maar 'n bundel wat soos 'n novelle gelees kan word. Die verhale pas in mekaar, skuif oormekaar en sluit deurentyd by mekaar aan. Lesers van dié bundel kortverhale het waarskynlik agtergekom dat hier 'n spel tussen fiksie en werklikheid aan die bod kom, en die vraag ontstaan onwillekeurig: wat is waarheid en wat is verdigsel? Praag, byvoorbeeld, is 'n totale verbeeldingsvlug. Ek haal vir u graag 'n stukkie aan uit die verhaal *Die brûe van Praag*. Die verteller aan die woord is nie die eerstepersoonverteller nie, maar een van die vrouekarakters in die boek.

Die kamer is te klein vir my. Die huis is te klein vir my. Die stad is te klein vir my. Die hele wêreld het te klein geword. Ek stap by die deur uit. Ek loop deur die strate waarin ons saam geloop het en telkens wanneer 'n voetganger se voetval agter my opklink, verbeel ek my dis joue. Maar wanneer ek omkyk, is dit vas in vreemde gestaan het. 'n Ou man met 'n hoed en 'n swart jas stap op die brug by my verby. In sy hand het hy 'n pers iris en ek verbeel my dis Rilke. Verder weg span nog vier brûe oor die Moldau. Hier wou jy oud word en doodgaan. En nou is jy dood. Ek stap alleen verder. Ek loop sommer net totdat ek op die plein met die Horlosie van die Seisoene kom. Ek gaan lê

soos 'n dooie in die middel van die plein op my rug en kyk na die skoene en enkels van die mense wat by my verbystap. Ek bekyk die astronomiese horlosie vanuit hierdie vreemde hoek op my rug. Hy het gaan staan. Die seisoene het gaan staan. Waarheen nou?

Ek dink aan die woorde van Tristan und Isolde wat Eliot in sy The Burial of the Dead gebruik het:

Mein Irisch Kind
Wo weilest du?
Maar jy sal nooit weer terugkom nie.
... I was neither
Living nor dead, and I knew nothing,
Looking into the heart of light, the silence.
Oed' und leer das Meer.

Ek kyk na die son. Hoog en ver bokant die Horlosie van die Seisoene kyk ek stip en blind na dié helder lig.

Dit dan wat Praag betref. En die res? Heel moontlik was dit ook 'n verbeeldingsvlug. Wie sal ooit werklik weet?

Ek wil met die volgende volstaan:

In 'n fiktiewe onderhoud word die vraag aan Shakespeare gevra: "Was the dark lady of the sonnets really a dark lady?"

Waarop hy min of meer die volgende geantwoord het: as 'n skrywer slim is, maak hy 'n blonde vrou donker, en 'n donker vrou blond; as hy nog slimmer wil wees, maak hy 'n donker vrou donker, en 'n blonde vrou blond; dan weet die leser glad nie waar hy aan of af is nie; hy is goed verwar; besluit dan maar self wat sy was.

En so van speletjies en ontdekkingsreise in die klein gepraat, kan ek met die volgende woorde van Robert Benchley afsluit: "It took me fifteen years to discover I had no talent for writing, but I couldn't give it up because by that time I was too famous."

Baie dankie.

Elsabe Steenberg Twee teenstellende jeugverhale

Dis opvallend dat twee jeugverhale wat albei aandag trek en totaal verskillend van opset is, vanjaar (1995) by Human & Rousseau verskyn het.

Rona Rupert is baie bekend as skrywer van kinder- en jeugverhale en kom elke keer met iets besonders. Hierdie jongste boek, *'n Roofvoël uit die ooste*, kan as kinderboek bestempel word omdat die hoofkarakter van haar tiende tot twaalfde jaar die belewer is, maar daar is niks kinderlik in die aanbieding nie. Geen toegewings word in die styl gemaak vir jonger lesers nie: dié bly uiters sober en byna volwasse. Emma word aanvanklik as alleenkind groot, wat haar benadering van die lewe moet beïnvloed, en sy leer 'n seun van aanvanklik vyftien ken wat 'n groot impak op haar kom en gaan het.

Daar is raakpunte tussen die skrywer se eie kinderjare en die hoofkarakter s'n: 'n grootword in die stad waar haar pa dosent by 'n universiteit is, en dan die groot aanpassing om na die dood van haar oupa op 'n plaas te gaan woon en op die dorp by haar ouma te bly om skool te gaan. Emma se aanleg en liefde vir musiek kan sekerlik ook na die skrywer self teruggevoer word.

Die verhaal begin in 1943, dus tydens die oorlogsjare waar Emma se gevoeligheid oor wat in Europa gebeur, blyk uit nagmerries wat sy kry. Dit skakel met haar sintuiglike gevoeligheid wat deurgaans op die voorgrond is. In die eerste hoofstuk al, as die gesin van die siek oupa gaan afskeid neem, is Emma bewus van die olielamp wat bo die tafel brand: "Emma ruik die lampolie" (p. 9). Later "sien sy die tafeltjie voor die venster staan. Deur die venster sien sy die stowwerige sypaadjie en die sipresboom wat voor die voordeur groei, vaal van die stof" (p. 16), of sy lê "plat op haar maag op die skoon grond en druk haar neus in die heuningreuk van 'n botterblombos" (p. 40). As sy geluide van diere en mensestemme hoor, word dit "'n inkleurprent van klanke" (p. 41). Hierdie sinestetiese beleving kom meermale voor: "Jy kan die sonskyn op vyeboomblare ruik" (p. 55). Dis oortuigend dat so 'n soort kind in die nuwe skool alleen sal staan, "buite die kring" (p. 16).

Alles word vir Emma beter wanneer sy by mevrou Silke begin klavier neem; in musiek leef sy haar uit, en die simpatieke onderwyseres stimuleer haar talent. Self speel sy ook uitstekend, en dis as Emma haar twee nocturnes van Chopin hoor speel dat sy die ontdekking maak van "dié taal wat sonder woorde alles sê" (p. 19).

Dis na 'n musiekles wat vir haar 'n buitewêreldse ervaring was dat sy "die pragtige oop gryswit ondervlerke van 'n groot voël wat aangevlieg kom" (p. 21) sien, en daarna ontmoet sy die seun aan wie hy behoort. Beide laat

haar wêreld nuwe dimensies kry: die voël het vryheid wat Emma hom beny; hy is 'n rooivalk wat, soos die titel aandui, in die Oosterse lande tuis is. Dadelik word hy ook simbool van die tyd, want hy het die naam - Alena - van sy eienaar se suster wat saam met sy ma en pa in Litaue agtergebly het toe hy na Suid-Afrika gestuur is om veiliger te wees. Die seun is 'n Jood en dis sy mense wat uitgewis word deur Hitler, die "roofvoël uit die Ooste".

Emma sê vir niemand van haar vriendskap met Szymon nie, want hy is 'n Jood en dus nog veel meer van 'n outsider as sy wat net anders is omdat sy haar vroeëre stadskool se klere dra en anders praat as die plaaslike kinders. Dis die onthutsende tweedeling: mense voel groot kompassie met die Jode wat in Europa vervolgd word, maar in Suid-Afrika is hulle nie welkom nie. Die gevoelige hoofkarakter kom goed met Szymon klaar, maar is nie bereid om van hom te praat nie. Realisties wys dit op die mag van die gemeenskap op 'n individu.

Gedurende die kwartaal kan Emma nie plaas toe gaan nie; haar ouers kom wel naweke vir haar kuier. Met sowel haar ouma as haar ouers kom sy goed klaar; geen verhouding is problematies nie. Dis tipies van 'n vroeër tyd dat die ma Emma glad nie inlig oor haar swangerskap nie, die pa praat wel 'n bietjie daaroor. Vir niemand sê sy dat sy "n klip op haar hart (het), oor die seun wat vir haar pa alles gaan wees" (p. 37) nie - weer kom 'n leser onder die indruk van die beleid wat haar pa ook uitspel en wat die lewe moeilik maak: "... ons hou dit maar vir onself" (p. 37). Verligting vir haar kwelling kom as dit 'n sussie blyk te wees vir wie sy lief kan wees: "Ek is só bly. Kan ek maar na haar gaan kyk?" (p. 70).

Reeds voor hierdie gebeurtenis word die verskriklike droogte gebreek en die vreugde van die reën kan sy spontaan met Szymon deel: "Emma lag. Hy lag, en hy jaag haar onder die bome deur. Sy hardloop asof sy vlerke het, swenk dié kant toe en daardie kant toe, ontwyk hom elke keer" (p. 65). Later, in Mei, word reën egter uitdrukking van verdriet: Szymon laat sy rooivalk los en moet self Johannesburg toe gaan voor hy en sy oom na die oorlog in Palestina sal gaan soek na sy familie.

In haar gedagtes voer Emma 'n gesprek met Szymon en karakteriseer haarself daarmee: "Wie anders op die wêreld wil weet wat ék dink?" (p. 73). Al meer word sy bewus van Jode; dit lei na die klimaks as haar klasmaat Vet Willem sonder enige begrip spot met 'n berig oor Jode wat in gaskamers sterf. Haar woede gaan nie net oor Jode oor die algemeen nie maar sekerlik ook oor Szymon wat 'n vreemdeling bly en self moontlik sy gesin verloor: "Sy ... klap hom weer, só hard dat haar hand daarvan brand" (p. 76). Die onderwyser bedank haar vir haar optrede en Surita wat langs haar sit "... sit haar hand oor Emma s'n en laat dit daar lê" (p. 77).

Versoening word bereik as Ouma vertel dat die oorlog verby is en veral, baie persoonlik, lê dit in 'n brief wat sy van Szymon kry om te vra of sy vir hom sal skryf en om die boek oor roofvoëls wat hy by mevrou Silke vir

haar laat, te verduidelik en te erken: “Ek mis j ou” (p. 79). Maar nog dieper spreek dit uit die slotwoorde as die Engelse mevrou Silke beduie: “And now it is time for music” (p. 80). Deur musiek word alle verdriet draaglik en kan die mens uitreik na ’n grootser belewenisvlak.

Humor is skaars in die teks. Sterker is ironie wat die skryndenste voorkom as Emma weggekeer wag dat haar trane droog word na haar afskeid van Szymon en haar ouma onwetend met haar rug praat: “Dis wat ’n nuwe sussie aan ’n mens doen, n e? Jy vergeet van die hele w reld” (p. 75).

’n Leser is soms bewus van die verteller wat baie naby Emma staan, maar meestal is dit laasgenoemde self wat baie ingeto  beleef. Dis ’n verhaal wat by uitnemendheid tot ’n sensitiewe ouer kind of tiener sal spreek.

Heeltemal anders is die opset van Hans du Plessis se jeugboek *Bakgat, en wat dan van my?* Dit speel in die hede af, meestal in Johannesburg, en die fokus is op stukkende verhoudings.

Hoewel die hoofkarakter Herrie ook in die skrywer se eerste jeugverhaal *Disse flippen stukkende w reld die, my ou ’n prim re rol gespeel het*, is hierdie nie ’n vervolg op die vorige nie. Nou is Herrie in Johannesburg om matriek te maak, weg dus uit Potchefstroom waar die vorige verhaal gesitueer was. ’n Deel van die werk verskuif wel weer na Potchefstroom, en verder word die Bosveld en ten slotte Gordonsbaai ook betrek.

Dit gaan om geestelike groei wat Herrie, erg emosioneel verwaarloos deur sy ouers, in die eerste persoon beleef. Hierdie ontwikkeling word moontlik deur verhoudings met veral sy pa en die meisietjie Loelien. In veertien hoofstukke word uitsluitlik gekonsentreer op die seun se gedagtes, emosies en ervarings.

Twee keer word die titel bygehaal. Die eerste keer vertel Herrie aan Loelien wat met hom gebeur het; dis deels gedagtepraat. Na groot probleme by die skool het sy ma besluit hy moet na ’n verbeteringskool toe gaan, dat dit die enigste uitweg is. Hy weier, maar sy pa laat hom goed verstaan dat hy geen s e het nie, wat hom bitter laat reageer: “Bakgat, en wat dan van my?” (p. 29). Veel later wys oom Klaas hom daarop dat sy pa hard probeer om nader aan hom te kom en dat hy sagter met die man moet werk. Dit maak hom moedeloos: “En wat dan van my? Ek probeer ook hard” (p. 89).

In die eerste vyf hoofstukke skuif die tyd tussen die hede waar Herrie en Loelien sit en melkskommels drink en die pas afgelope verlede waar Herrie in ’n kliniekskool beland, rowwe ervarings gehad en weggeloop het. Die seun ly aan skok na sy ouers se egskeiding, al was hulle nooit gelukkig getroud nie.

Die verhaal kry vaart as Herrie deur sy pa gehaal word, sonder om vooraf te re l, om in die Bosveld te gaan jag. Dit juis gedurende die langnaweek dat hy en Loelien bymekaar wil wees. Sy intense frustrasie word tog oordrewe oorgedra. In hierdie dae staan sy verhouding met sy pa sterk in die fokus. Hy merk op: “Lyk my die ou is wragtag aan die verander” (p. 68)

en hy wil-wil self meer geneë word: “Ek loop en stry. Die ou probeer so hard om goed te wees” (p. 77). Daar kom ’n krisis as Herrie ’n koedoebul skiet wat as trofee uitgesonder was en dus nie geskiet kon word nie. Selfs die teleurstelling daarvan oorkom sy pa en bely teenoor sy vriend: “Ek probeer ’n seun terugwen” (p. 85). Dit werk egter nog nie so lekker nie, daarvoor verlang Herrie te veel na sy meisie.

Verwikkeling volg na Herrie se terugkeer; dit bring spanning in die voortgang. Loelien se woede is vir hom onverstaanbaar en laat hom reageer deur weer baie te vloek en sigarette te steel, maar hy sit dit weer terug, wat wys dat hy werklik verander het. Ook as hy later wel rook en bier drink, geniet hy dit glad nie. Die erkenning dat sy ontsteld is omdat haar pa sy werk verloor het, word deur ’n verdere komplikasie gevolg as Herrie verneem dat sy ma probeer selfmoord pleeg het. Hy gaan ’n ruk terug Potchefstroom toe, kom nader aan sy pa en besef vieserig: “As Pa nie pasop nie, gaan hy nog ’n regtige pa word, een van die mooi dae” (p. 118). Dit laat hom ook sy swak verhouding met sy ma ondersoek, ’n karakter wat hipersosiaal voorgestel word, wat hom ironies ‘Koning’ noem al gee sy nie werklik vir hom om nie. Hy ontwikkel tog deernis met haar, want wesenlik is sy alleen en sonder vriende.

Herrie sowel as Loelien word deur sy pa genooi om ’n naweek saam Gordonsbaai toe te gaan en dit vorm ’n duidelike kontras met die dae in die Bosveld. Soos Loelien dit stel: “Dit is ons naweek wat ons lankal terug misgeloop het; ek voel dit net” (p. 123). Hulle is saam by die see, in die suide pleks van die noorde van die land. Nou gee Herrie vir haar ’n gedig wat hy vir haar geskryf het, iets wat hy na die bosveldnaweek nie kon doen nadat hy daar ook een geskep het nie.

Die Engelse woorde wat dikwels deur Herrie gebruik word, sowel as sy gevloek, is funksioneel.

Herrie wat rebels en kru was, ontwikkel gevoeligheid (“die sterre is vonke die hemel vol”, p. 72) sodat hy minder vloek en deur sy jeugliefde gelei word na ’n positiewe lewensiening. Die verliefdheid self word deur gedagtepraat - wat dwarsdeur gedurig gebruik word en Herrie karakteriseer - voorop gestel. Die tekening van sy gevoel vir Loelien gee tog ’n geforseerde indruk.

Dis Herrie se pa wat aan die slot woorde besig wat op die seun se veranderde houding wys as die leser dit in wyer verband interpreteer. Hy is bly Loelien se pa het weer werk gekry: “Ek het lankal gedink dit kan mos nie altyd sleg gaan nie, iets moet iewers draai” (p. 132). Só maak die boek ’n baie nodige positiewe indruk en word as geheel iets besonder.

Elke jaar word ons jeugverhaalskat op hierdie wyse aangevul deur verhale wat gehalte het - wat dus veel meer is as lees-en-vergeet-leesstof.

Literêr-aktueel

F.I.J. van Rensburg

S.J. Pretorius (1917 – 1995)

Met die dood van 'n skrywer is dit nie net 'n gesin en 'n familiekring wat 'n verlies ly nie, maar ook 'n veel breër gemeenskap: dié wie se voorreg dit was om te deel in die vrugte van sy literêre arbeid.

Ek wil dan ook by hierdie geleentheid die lig laat val op die betekenis van sy literêre werk vir daardie gemeenskap, wat natuurlik sy gesin en familiekring insluit.

Sarel Pretorius het die Afrikaanse letterkunde anders agtergelaat as wat hy dit gekry het.

Dit het aanvanklik nie so gelyk nie. Sy debuutbundel, *Vonke*, was vol aanklanke aan Dertigerdigters soos die broers Louw en Elisabeth Eybers, later ook aan mede-Veertigers soos D J Opperman en in 'n mindere mate Ernst van Heerden.

Juis die aanklank by sy generasiegenoot Opperman het iets laat blyk wat deur kritici misgekyk is in hul afwysende oordeel oor hierdie faset van sy werk.

Dit gaan – en dit het gaandeweg al duideliker geblyk dat dit die geval is – vir 'n goeie deel om *bewuste* aansluiting by die werk van genoemde figure, en wel met 'n bepaalde doel: om uit 'n gemeenskaplike grondstof 'n eie gestalte te skep. Dit was 'n gedurfde manifestasie van eie individualiteit. Hiermee het hy aangesluit by 'n lang en eerbiedwaardige tradisie, een wat minstens van die Grieke af dateer (dink maar aan die Griekse tragici wat aan dieselfde mite verskillende gestaltes gegee het), maar wat veral tydens die Renaissance en die Klassisisme 'n gerespekteerde konvensie geword het. Dit gaan om 'n edel wedywering van kunstenaars wat eenselfde grondstof hanteer. Pretorius se *Grou mure* was byvoorbeeld nie 'n nabootsing van Opperman se *Joernaal van Jorik* nie: dit was sý *Joernaal van Jorik*, minder diggeweef as Opperman s'n, seker, maar bewustelik *syne*.

In die beste gevalle van aansluiting by mede-skrywers het dit dus in die grond gegaan om die aanvaarding van 'n uitdaging, nie om magtelose beïnvloeding nie. Hierdie bereidheid tot durf was verantwoordelik vir van sy beste werk deur sy hele oeuvre.

Hier is dan *die eerste opsig* waarin hy 'n baanbrekersrol in die Afrikaanse letterkunde gespeel het: 'n intertekstuele spel oor 'n veel breër linie as vantevore wat hy op tou gesit het. In dié opsig was hy 'n verre voorloper van die huidige intertekstualiteitsbedryf in Afrikaans.

Die kiem van die *tweede* opsig waarin hy 'n baanbrekersrol vervul het, vind 'n mens eweneens in die debuutbundel. *Vonke* is vol natuurpoësie, 'n ongeïnhibeerde genieting van en 'n hulde aan sy Griekwaland-Wesse

heimat, 'n gegewe, terloops, wat hy in die jare daarna ál sinryker sou ontgin. Heel teen die einde van die bundel duik daar egter 'n gedig op wat heeltemal teen die romantiese vloerigting van die versameling ingaan. Die titel is "Stakers". Hierin word 'n *realistiese* beeld opgeroep van 'n groep stakende mynwerkers: na die uiterlike verwaarloos en afgetakel, maar tegelykertyd volop méns. Hierdie gedig het vanuit 'n latere perspektief geblyk die begin te wees van die stroom gedigte wat spoedig daarna, maar veral vanaf *Grou mure*, in hom sou loskom en wat tot in die laaste fase van sy skeppingslewe sou voortduur: beelding van die agtergestelde, die versukkelde, die uitgebuitene deur die industriële stelsel, soos dit veral in die stad tot uitdrukking kom – hulle wat in die ratte van die stadsmasjien vasgevang is. Dis gedigte wat die pyn in die wêreld opvang, eie pyn, maar ook dié van andere, een van die rykste skeppingsbronne van sy werk, en die faktor wat die deerniswekkende aspek daaraan gee.

Dis veral met dié gedigte dat *die stad* as tema oor 'n breë linie in die Afrikaanse poësie gevestig geraak het, 'n belangrike toevoeging tot die tematiese register daarvan.

Saam met hierdie ontwikkeling in sy werk hang 'n *derde* belangrike bydrae tot die Afrikaanse poësie saam. Dis die ontginning van 'n hele nuwe rif van die Afrikaanse taal: die woordeskat wat pas by hierdie sosiaal-ekonomies-gekonde laag van die gemeenskap. Woorde soos *jersies*, *pullovers*, *polohals* en dergelike het met die grootste denkbare gemak en natuurlikheid in sy werk begin opduik en volkome normaal daarin gepas, nie net in die tematiese patroon daarvan nie, maar ook in dié van die versmusiek van die gedigte, iets waarvoor hy 'n besonder fyn oor gehad het.

Ook hierdie uitbreiding van die Afrikaanse poësiwoordeskat het durf gekos, maar dit was pure wins vir hulle wat later gekom het.

Sy *vierde* bydrae tot die Afrikaanse poësie het op 'n natuurlike wyse uit voorgaande voortgekom.

Die radikale kontraste in die industriële maatskappy en die deernis met die verontregte het van hom nie 'n verbete agitator gemaak nie. Dié kontraste het hom ook bewus gemaak van komiese aspekte van die situasie. Dit het hom daartoe gebring om geamuseerd na die hele skouspel te kyk.

Daar het 'n speelsheid in sy erns gekom – 'n kombinasie wat verantwoordelik was vir die beste werk van sy volwasse jare. Satire, deernis en spel het in 'n eiesoortige ironiese visie verenig, en het 'n merkbaar nuwe skakering tot die Afrikaanse poësie toegevoeg. Hier is vroeg verwesenlik wat Van Wyk Louw jare later in *Tristia* só sou formuleer: "eintlik moet ons leer ironies lewe:/ én: binne ironie nog liefde hou."

'n Laaste bydrae hang saam met 'n uitstyg in die latere jare bo die plaaslike toneel, en die bekyk van die mens vanuit 'n transendente perspektief. Dit het 'n oorskouing vereis van die hele menslike geskiedenis, soos wat dit in verskillende beskawings en kulture, sommige besonder obskuur,

geboekstaaf is. Om dit alles in een groep te omvat, het opnuut 'n nuwe taalgebruik geverg. Sy oplossing was 'n beroep op 'n taalgebruikskonvensie wat lank reeds tot verlede verklaar is: die retoriek. Hieruit het voortgekom sulke ontsaglike “apokaliptiese” gedigte soos: “Wat het hulle met die mens gedoen?” en “La chute” in die bundel *Lemma* – gewrogte wat geïnteresseerde letterkundige ontleders jare lank van 'n broodwinning behoort te verseker as hulle hul daaraan sou wou waag.

Miskien sou 'n mens in hierdie ontwikkeling van sy werk, wat moontlik (en hopelik!) in betoomde vorm in *Byna postuum* voortgesit sal word (terloops: hoe paslik-ironies so 'n titel!) 'n antwoord kan sien op 'n behoefte wat Van Wyk Louw in een van sy vroeë opstelle uitgespreek het: om selfs die retoriek tot herlewing te bring wanneer die mensdom, na die bekende woord van George Santayana, “starts dreaming in a different key”.

Sarel Pretorius se nalatenskap is sonder twyfel 'n kosbare bydrae tot die Afrikaanse poëtieskat. Dis een van die rykste en mees geskakeerde oeuvres waaroor ons beskik.

Randse Afrikaanse Universiteit

J.P. Smuts

Commendatio vir die W.A. Hofmeyr-prys 1994

Alexander Strachan: *Die werfbobbejaan*

Tussen vanjaar en verlede jaar se beoordeling van boeke vir die W.A. Hofmeyr-prys, die Nasionale Pers se toekening vir die beste belletristiese werk wat die vorige jaar by enigeen van sy uitgewerye verskyn het, het daar 'n deurslaggewende gebeurtenis in die Suid-Afrikaanse geskiedenis plaasgevind: die verkiesing van 27 April 1994. Kyk 'n mens na van die werke wat verlede jaar beoordeel is, soos Eben Venter se *Foxtrot van die vleisetters*, Etienne van Heerden se *Die stoetmeester*, Lettie Viljoen se *Karolina Ferreira*, Kerneels Breytenbach se *Glimlag*, P.J. Haasbroek se *Lem* en Elsa Joubert se *Dansmaat*, is dit in 'n belangrike mate tekste wat nog binne die ou paradigma staan; verhale wat aansluit by die betrokke literatuur van sewentig en tagtig, dus by 'n Suid-Afrika van hoofsaaklik voor 1994.

Binne vanjaar se groep tekste het hierdie aspek opvallend op die agtergrond geskuif, en is jy jou sterk bewus van die prominente plek wat herinneringsliteratuur inneem. 'n Mens moet uiteraard nie so naïef wees om te dink dit is die resultaat van die verkiesing nie, want die skryf en produksie van tekste duur eerder jare as maande. Maar die winde van verandering waai darem al sedert 2 Februarie 1990 oor Suid-Afrika, en dié winde van verandering het die afgelope jaar in die Afrikaanse literatuur sterk neerslag gevind in verhale en ook gedigte wat as't ware 'n bestekopname van die verlede maak.

Hierdie bestekopname gee nie alleen 'n beeld van die lewenswyse van blankes uit 'n vorige periode nie, maar ook van dié van ander bevolkingsgroepe. Dit wek die vermoede dat dit hier nie uitsluitlik gaan om die politieke veranderinge wat hulle in Suid-Afrika voltrek het en die moontlike implikasies wat dit vir 'n bepaalde blanke lewenstyl en ook die situasie van Afrikaans het nie, maar dat ons hier ook, met die jaar 2000 in aantog, 'n *fin-de-siècle*-verskynsel beleef, 'n eeuwendingsbesef dat 'n ou era verbygaan en 'n nuwe gaan aanbreek, en dat sekere dinge in die literatuur bestendig moet word omdat dit behoort tot 'n tydperk wat vir altyd verby is. Die skrywer word estetiese kultuurhistorikus wat deur sy woord bewaar, maar dan steeds in terme van die literatuur.

Om net enkele voorbeelde te noem. In Willem Kotzé se *T'sats van die Kalahari*, Dolf van Niekerk se *Koms van die hyreëne* P.H. van Rooyen se *Die spoorsnyer* is dit die San en sy kultuur wat so beskryf word, in *Die dagstêrwals* die meer resente verlede van die bruinmens, net soos dit in Marita van der Vyver se *Die dinge van 'n kind* ook gaan oor grootword in 'n tydperk wat verby is. In Engela van Rooyen se *Met 'n eie siekspens* en George Weideman se *Die donker melk van daeraad* weer word daar 'n by tye beklemmende beeld gegee van die veeleisende bestaan in die Noordweste van vroeër, maar terselfdertyd van 'n boeiende rykdom aan ervarings en oorlewings wat die inwoners se lewens verruim het. En in Abraham H. de Vries se *'n Plaaswinkel naby Oral* is dit die Klein Karoo en sy mense van weleer wat onder woorde gebring word.

Die twee uitgewerye Human & Rousseau en Tafelberg het sewe en twintig boeke voorgelê vir die W.A. Hofmeyr-prys, en gelyker kon dit amper nie, want van Human & Rousseau was daar 13 publikasies en van Tafelberg 14. Van die komitee is egter nie gevra om te tel nie, maar wel om te beoordeel, en na 'n moeisame proses van eliminasie het daar twee werke oorgebly, naamlik Wilma Stockenström se digbundel *Aan die Kaap geskryf* en Alexander Strachan se roman *Die werfbobbejaan*. Dit was uiters moeilik om tussen hierdie twee werke te kies, en dat hulle tot verskillende genres behoort, het beslis nie die komitee se taak vergemaklik nie. Ten spyte van die voortrefflikhede van Stockenström se bundel het die komitee nietermin eenparig besluit om Alexander Strachan se roman *Die werfbobbejaan* as die wenner aan te wys.

Alexander Strachan het in 1984 'n uitstekende debuut gemaak met 'n bundel kortprosattekste, *'n Wêreld sonder grense*. Dit is egter met sy uitmuntende roman *Die jakkalsjagter* uit 1990 dat hy getoon het hy moet tot een van ons knapste jonger prosaïste gereken word. Met *Die werfbobbejaan* bevestig hy sy vroeëre sukses.

As jy *Die werfbobbejaan* moet parafraseer, sit jy in werklikheid met 'n heel karige gegewe. Vir 'n somer en 'n winter verskuif die joernalis Khera na 'n afgeleë hotel in Noord-Natal waar sy haar afsonder om die biografie te skryf van 'n man wat sy geken het en van wie sy die dagboeke, briewe en

ander materiaal in haar besit het. Dag na dag werk sy aan hierdie manuskrip, en haar kontak met ander mense is beperk tot feitlik net die egpaar wat die hotel bestuur en 'n paar mans van die omgewing wat sy by die hotel leer ken. Hulle is almal geïnteresseerd in hierdie mooi en enigmatiese meisie en probeer haar guns wen, maar haar verhoudings met hulle word niks meer as oppervlakkige vriendskappe nie. Daar is ook 'n ander, naamlose, man wat by die hotel opdaag. Hy word net benoem as die wildvanger, en dit is duidelik dat hy en Khera mekaar van vroeër ken. Hy verskyn slegs 'n paar keer by die hotel en verdwyn geruime tyd voor die einde van die verhaal uit die prentjie. As Khera uiteindelik klaar is met die manuskrip, pos sy dit aan haar uitgewer en maak gereed om terug te keer Kaapstad toe waar sy haar ou lewe gaan hervat.

As dit vir u na 'n eenvoudige verhaal klink: wees gewaarsku. Ons het hier, soos in die geval van *Die jakkalsjagter*, 'n verwickelde teks wat nie sommer sy geheime aan die leser prysgee nie. Maar moenie dat dit u afskrik nie, want Strachan slaag daarin om in hierdie werk 'n uiters moeilike versoening te maak: hy skryf 'n roman wat én verwickeld én toeganklik is.

'n Baie interessante aspek van *Die werfbobbejaan* is dat dit so nou met *Die jakkalsjagter* skakel dat dit as 'n vervolg op dié roman gelees moet word. Daar is byvoorbeeld ooreenkomste tussen die name van karakters, die problematiek van die sentrale figure en daar is selfs gedeeltes in die nuwe roman wat direkte sitate uit *Die jakkalsjagter* is. Net soos daar in *Die jakkalsjagter* 'n vervloeiing van personasies was in so 'n mate dat hulle gelees kan word as fasette van dieselfde persoon, is daar ook in *Die werfbobbejaan* 'n oormekaarskuif van figure. Dit gebeur nie net binne die roman nie, want hierdie teleskopering van figure betrek ook van die personasies in *Die jakkalsjagter*. So kom daar 'n boeiende en digte weefwerk tot stand. Dit is nie alleen *Die werfbobbejaan* wat so verryk word nie, maar van hierdie informasie word oorgehewel na *Die jakkalsjagter* sodat dit ook 'n nuwe lees van die ouer roman moontlik maak. In 'n sin doen Strachan wat Etienne Leroux gedoen het: hy voer van sy personasies verder in 'n volgende roman omdat hy sy problematiek nie binne een teks tot oplossing kon bring nie.

Een belangrike personasie moet uitgesonder word: die werfbobbejaan. Met die keuse van die gevange bobbejaan wat, vasgeketting aan 'n paal, op die hotel se werf aangehou word, het Strachan 'n kragtige simbool in sy werk ingebou. Die gevange dier wat bly rebelleer teen sy lot, word onder meer metafoor vir die swerwersfigure in die roman wat nie kan inpas binne die rigiede eise wat die samelewing aan hulle stel nie. In hom is primitiewe drifte teenwoordig; veral opvallend is die instinktiewe drang na die seksuele. Hy is die dier van die bos, en die bos is reeds sedert Strachan se eerste werk 'n geheimsinnige en bedreigende ruimte, die plek van die buitestaander.

Die bobbejaan groei uit tot 'n gestalte wat deur die wildvanger as 'n alter

ego ervaar word. Hier het ons inderdaad 'n gestalte wat herinner aan N.P. van Wyk Louw se Raka – 'n verwickelde primitiewe wese wat die verloop van 'n hele teks bepaal en ingryp op die geesteswêreld van mense. Hierdie verskynsel kom tot sy grootste uitdrukking in die uitgebreide gedeelte waarin beskryf word hoe die wildvanger die bobbejaan na sy ontsnapping agtervolg. Dit is een van die groot agtervolgingstonele van jagter en gejagte in die Afrikaanse letterkûnde. Hierdie agtervolging voltrek hom deur bos en moeras, en deur die verwysings na die dieptepsigologie wat in die roman voorkom, word die leser daarop voorberei dat dit hier gaan om 'n reis deur die onderbewuste, 'n poging om tot selfpeiling te kom. Dit is 'n dwingende en daarby ook slopende selfkonfrontasie wat jou uiteindelik terugbring na die plek waar jy begin het. Dit is nie toevallig dat die bobbejaan die wildvanger teruglei na feitlik presies waar hy sy agtervolging begin het nie. 'n Mens dink hier onwillekeurig aan die bekende en besonder toepaslike reëls van T.S. Eliot: "The end of all our exploring/ Will be to arrive where we started/And know the place for the first time." *Die werfbobbejaan* beïndruk deur die hegte konstruksie daarvan, die groot sorg waarmee dit geskryf en afgewerk is en die deeglike vakmanskap van die skrywer. Keer op keer in hierdie teks wys Strachan dat hy 'n verfynde woordgebruiker en 'n uitmuntende verteller en beskrywer is. Die beeld wat hy van die Zululandse subtropiese wêreld opbou, is indrukwekkend, en die sensitiewe wisselwerking tussen personasies word dikwels knap gehanteer en toon die waarmerk van 'n werklike goeie skrywer. Namens die komitee hartlike gelukwense aan Alexander Strachan. Ons vertrou dat u nie die toekenning bloot sal sien as 'n beloning vir 'n knap stuk werk wat u gelewer het nie, maar dat dit ook as aanmoediging sal dien. Lesers van die Afrikaanse roman het beslis nog nie genoeg van Alexander Strachan gehoor nie.

Danie Botha: Geleentheidswoord tydens die bekendstelling van J.C. Kannemeyer se drie Langenhoven-boeke, C.P. Nel-Museum, 11 April 1995

Geagte mnr. Gelderblom, prof. Brümmer, dr. Kannemeyer, eregaste, dames en here,

Dit is nou reeds meer as twee jaar gelede dat dr. Kannemeyer my as sy Tafelberg-redakteur opgekommandeer het om mee te gaan op 'n tog op die spoor van Langenhoven. Hy was toe nog besig met sy navorsing vir die biografie. Dit sou ook 'n verkenningsstog wees, die voorloper van die latere Langenhoven-toere wat hy en dr. Wium van Zyl so knap aanbied. In hierdie stadium het ek nie presies geweet hoekom ek moes saam nie. Maar wat 'n belewenis was dit toe nie.

Ons ry deur 'n herfslandskap. Die son gaan onder oor Hoeko. Daar's laatlig deur die vrugtebome en ek dink: So iets het Langenhoven ook gesien. Wat het nie deur sy jong gemoed gegaan nie? Opstand, 'n treurigheid?

Soos ons ry, vertel en vertel dr. John. Hy laat my sien hoe stap die skoolseuntjie op 'n Vrydagmiddag van Ladismith af plaas toe – tussen “'n digte groei van groot ghwarries, pruimbosse, spekboomplate (en) koeniebosse” deur.

Op 'n egte Karooplaas skuif mev. Anne Muller agter 'n oorlaaide ontbyttafel in en vertel vir ons van Langenhoven se eerste liefde, hoe Helena de Vries na die verbreekte verhouding so 'n gestrenge mens geword het, so vroom Sondagskolerig in haar Hallelujakarretjie, so gedoop deur die leerlinge.

Ons ry oor berge en deur dale om by Hamelkop uit te kom, die plaas van Langenhoven se Anderpa, wat eintlik sy regtige pa was. Dit is die plaas waar daar, volgens Langenhoven en Kannemeyer, die volgende een donker nag gebeur het: “Om die skerp verstand van Anderpa te illustreer, vertel Langenhoven in *U dienswillige dienaar* hoe hy op 'n keer onaangekondig by Anderpa se huis op Hamelkop aangekom het. Op die vraag ‘Wie is daar?’ sê Langenhoven: ‘Die verlore seun’, 'n antwoord wat onmiddellik die verdere vraag ontlok: ‘En wat het jy met die man se varke gemaak?’

En toe daardie dag op George. Die reën sif neer op die prieel. En ons hoor die storie aan by 'n bedroefde mnr. Dirk Lilienfeld van Langenhoven se stiefseun se dood in Europa kort ná die Eerste Wêreldoorlog. Die gelowige Hugo van Velden het vermoedelik selfmoord gepleeg. Mnr. Lilienfeld beklemtoon nog Langenhoven se ontsteltenis, hoe hy met sy regkundigheid die moontlikheid van so iets weggerasionaliseer het.

Uiteindelik staan ons in die kamer in Arbeidsgenot waar die groot gees die liggaam verlaat het.

Dr. John en die ander mense het so onderhoudend vertel gedurende die reis. Ek het desperaat gewonder hoeveel ek sal kan onthou. 'n Mens het so 'n helder beeld van 'n tyd en 'n mens gekry.

En op 27 April 1994, terwyl ons in lang verkiesingstoue staan, skryf dr. John sy voorwoord klaar en lewer hy die manuskrip 'n rukkie later by ons in. Ek word opgekommandeer om saam met Riana Scheepers, tans ons skakelhoof, Nederland toe te gaan vir onderhandelings oor die vertaling van *Dulle Griet*. Met ampse leedwese moet ek toe die redigering van die uiters omvattende manuskrip, 'n manuskrip wat uiteindelik 'n boek van oor die 700 bladsye sou word, aan een van Nasionale Pers se groot joernaliste oorlaat, mnr. P.A. Joubert.

My beurt het wel gekom: proeflees. Aanhalings, registers en voetnotas kontroleer. En ja, hier herken ek John se toervertellings. En natuurlik nog baie, baie ander.

Dr. John vang dadelik die leser se aandag vas. Hy begin by die dood van Langenhoven, beskryf daarna juffrou Sarah Goldblatt se aandeel aan die huldigingsjaar 1973. Ook ander voorbeelde van wat dr. John die Langenhoven-industrie noem. Daarna volg ons sy lewe chronologies. Sy loopbaan as prokureur, advokaat, parlementariër. Besonder deeglik word Langenhoven se aandeel aan die taalstryd gedokumenteer. Daarna is dr.

John op sy stukke, soos hy self erken, wanneer hy die Langenhoven-oeuvre letterkundig bespreek. Van die treffendste gedeeltes volg hierna wanneer dr. John dit het oor Langenhoven se persoonlikheid, gesinslewe, sy stryd teen alkoholisme. Vir my persoonlik was die bespreking van Langenhoven se godsbegrip baie inspirerend. Die boek staan einde se kant toe met 'n bespreking van die verhouding tussen mej. Goldblatt en Langenhoven. En dan volg die aangrypende gedeeltes oor die sterftyd van juffrou Goldblatt en van Engela. Engela se seun, prof. Brümmer, lewer hier 'n onvergeetlike bydrae.

Ná die biografie skep dr. Kannemeyer ook 'n fotoboek – *Die dienswillige dienaar*. Dit kan dien as 'n kortbegrip van die biografie, en ook as 'n foto-aanvulling.

Dr. John lewer verder, buite Tafelberg om, 'n derde Langenhoven-publikasie – 'n besoekersgids tot Arbeidsgenot.

Met die biografie en die fotoboek het ek saamgewerk met boekontwerper Malcolm Bates. Dit was besonder aangenaam. Dis altyd so 'n stryd vir ons as redakteurs om 'n tussenganger te wees tussen 'n moeilike, veeleisende skrywer en 'n hooghartige ontwerper. Maar hier was dit nie die geval nie. Sáám het ons vir oom Joon gehanteer. Dit was lekker om van die moeilike onderhandelings aan Malcolm oor te laat. En Malcolm het met wonderlike entoesiasme gewerk aan die bladuitleg, aan die omslae. Let byvoorbeeld op die kind wat telkens op die agterblad verskyn, en op die pragtige tipografie van die fotoboek. By Tafelberg het Malcolm reeds deur ander publikasies sinoniem met Langenhoven geword.

Ons is baie dankbaar vir prof. Brümmer se aandeel. Dat hy so baie bygedra het om hierdie biografie moontlik te maak. Dis vir ons 'n voorreg om hom en mev. Brümmer vanaand hier by ons te hê as 'n direkte skakeling met C.J. Langenhoven.

Aan dr. John sê ons geluk en dankie vir die groot werk wat hy hier verrig het, die groot greep uit ons geskiedenis wat hy hier helder verwoord het. Dis 'n geestesgeskiedenis wat vir ons "'n pêrel van groot waarde" is.

Mieg se kort en lang middag (De Waal Venter)

M.J. Prins

1. Handelingsverloop

Aan die einde som Mieg sy wedervaringe só op: "Tyd is ron(d) ... Soos sirkels wat aan mekaar raak. Partykeer kan jy ... in 'n ander sirkel beland ... maar jy kan weer terugkom in jou eie een". Hy voeg by: "Jy moet net nie terugdeins ni(e) ... En op 'n eienaardige manier verloor jy nooit iemand vir wie jy lief is nie" (bl. 119). Hierdie veralgemenende uitsprake uit die mond van die sentrale karakter behels 'n soort "opsomming" en karakterisering van die *handelingsverloop*. Mieg beland in die loop van hierdie verhaal drie keer in 'n ander tydsirkel, waarna hy telkens weer terugkom in sy eie. Aan die begin van hoofstuk twee beland hy in die (vir hom) kontemporêre tydsirkel van Evie en haar vissersgemeenskap (ouma Hartjie, David Peters, Johnnie). Aan die begin van hoofstuk sewe is hy vir 'n kort rukkie terug in sy eie tydsirkel, maar wanneer hy deur die groen deur stap, bevind hy hom in die (eweneens vir hom) prehistoriese tydsirkel van Doibo en Odiba. Vir die duur van hoofstuk twaalf bevind hy hom nog eens in sy eie tydsirkel, maar wanneer hy aan die einde van dié betrokke hoofstuk deur die spierwit deur stap, gaan hy die (vir hom) toekomstige tydsirkel binne van Vita, haar pa Daaf en haar oumagrootjie Matri. Hier vertoef hy totdat hy in die laaste segment van die slothoofstuk finaal (?) terugkeer tot sy eie tydsirkel.

Die stelling dat tyd rond is, tipeer ook die unieke aspekte van die gebeure in elk van die vyf fases waarin die handelingsverloop uiteenval. In die eerste fase werk hy in die supermark, waarna hy vir Eva na haar huis vergesel. In die tweede fase besoek hy 'n visfabriek en gaan saam met die vissers uit op die see. In die derde fase ontkom hy ternouernood aan die kake van 'n leeuwyfie, waarna hy saam met Doibo en die swanger Odiba na die ommuurde stad reis, maar voor hulle daar aankom, word Odiba se baba gebore en moet Mieg van hulle afskeid neem. In die vierde fase bevind hy hom op die maan, waar hy op Daaf se plaas werk tot hy genoeg geld het vir 'n pendeltuigkaartjie terug aarde toe. In fase vyf keer Eva terug met sy horlosie en gaan hy terug huis toe, 'n entjie saam met Vita.

Maar hierdie sirkels raak aan mekaar. Daar is die *sikliese gebeure*, gebeure wat herhaaldelik binne die afsonderlike fases voorkom. Só byvoorbeeld gee Eva vir Mieg bokkems om te eet in die eerste fase, en in fase twee gee Evie dit weer vir hom. In fase twee verdrink Mieg byna en in fase drie word hy byna deur 'n leeu verskeur. In fase vier weet Matri van Mieg se bestaan nog voor sy hom ontmoet het, terwyl David Peters in fase twee Mieg se naam ken nog voor hulle aan mekaar voorgestel is. In fase vyf ondervind Mieg as't ware hoe dit moet wees om gebore te word (bl. 116-117); in fase drie word Odiba se baba gebore.

Die mens se aardse lewe kan ook as 'n sirkel gesien word. Ouma Hartjie stel dit só: "Jy is eers 'n bab(a) ... en dan word jy groot en kry self babas. Hulle word groot en dan kom jou tyd" (bl. 17). Mieg se ma se tyd het reeds gekom, hy self is besig om groot te word en uit hom en Vita (soos uit Doiba en Odiba) kan daar weer 'n baba te voorskyn kom wat sal groot word, ens. Mieg ontdek ook dat jy op 'n eienaardige manier nooit iemand verloor vir wie jy lief is nie. Sy moeder is die jaar voor die aanvang van die vertelhedes oorlede. Maar gedurende sy wedervaringe in die verskillende tyd- en ruimtefasies van die handelingsverloop maak hy telkens weer met moedergestaltes kennis: daar is ouma Hartjie; daar is die droom waarin hy weer met sy ma te doene kry (bl. 34); daar is die ou vroujie met die toutjieshare wat hom terugdwing na sy eie tydsirkel aan die einde van fase drie en in dié sin as't ware aan hom geboorte skenk (bl. 78-79). In fase vier noem Matri hom ewe moederlik "my hartjie" (bl. 103). En in fase vyf is hy weer terug op "Moeder Aarde" (bl. 116).

Selfstudie: Watter rol speel die gedagte dat 'n mens nie moet "terugdeins" nie (as jy heen en weer tussen jou eie tydsirkel en ander sirkels wil beweeg) t.o.v. Mieg se optrede?

2. Karakter

Die karakters in *Mieg se kort en lang middag* is oorwegend figurante. Die *figurant* is hoofsaaklik 'n blote spreekbuis sonder enige noemenswaardige poging tot gemotiveerde en substansiële persoonlikheidsontploffing.

As spreekbuis van die skrywer formuleer Mieg 'n bepaalde perspektief op die fabel, soos reeds aangetoon. Hy vra ook tipiese algemeen-menslike vrae wat aansluit daarby: "Hoekom is Ma nie meer by hulle nie? Sy het tog niks verkeerd gedoen nie!" (bl. 4), "(H)oekom kom die tyd vir party gouer as vir ande(r)?" (bl. 24). Deur vrae soos hierdie word Mieg 'n soort algemene mens, *die mens* van die verlede, die hede en die toekoms.

Mieg worstel met die raaisel van die dood van 'n geliefde. In hierdie verband vind daar 'n mate van *persoonlikheidsontploffing* by hom plaas: Hy kom tot insig in en 'n oplossing van hierdie problematiek. Wanneer hy hierdie vraag aan ouma Hartjie stel, antwoord sy: "Leeg is daar vir vo(l) ... Vol kan nie vol wees as daar nie leeg is nie" (bl. 27). Met ander woorde: Die leemte wat nagelaat is deur die dood van Mieg se moeder, kan weer deur ander geliefdes gevul word, en is in 'n sekere sin voorwaarde vir so 'n "hervulling". Die lewe is 'n sirkel van afskeid en ontmoeting.

Later voeg ouma Hartjie by: "Die plek wat daar in jou is om \ volgemaak te word, bly altyd daa(r) ... Dis wat jy moet leer, Mieg ... hoe om jouself vol te maak" (bl. 33). Geluk en ongeluk is sikliese verskynsels in die mens se lewe, beide gaan verby. Maar daar is altyd plek om volgemaak te word – die potensiaal om gelukkig te wees, verloor die mens (volgens ouma Hartjie) nooit nie. Daarom moet die mens leer om ook sy eie sirkel van ongeluk na geluk te kan voltooi.

In haar sterwensoomblikke vermaan ouma Hartjie vir Mieg om vir sy ma te luister (bl. 47). Oënskynlik maak die sterwende ou vrou hier 'n fout: Sy vergeet dat Mieg se moeder nie meer daar is nie. Soos elders uit die verhaal blyk, verloor 'n mens egter nooit werklik iemand vir wie jy lief is nie, en kan jy dus in 'n sekere sin steeds na so iemand "luister", al het sy gesterf. Ná ouma Hartjie se dood keer Mieg terug na sy eie tydsirkel: "Ouma Hartjie is ook nie meer daar nie, dink Mieg hartseer. Die leegheid in hom raak al groter. Maar leeg is daar om plek te maak vir vol. So het sy mos gesê" (bl. 49). Hy aanvaar ouma Hartjie se wysheid as 'n rigsnoer vir sy huidige situasie (bl. 51).

Wanneer hy saam met Doiba en Odiba in die rigting van die berge vertrek, dink Mieg weer onverwags aan sy ma: "Daardie leë pyngedoe(l) ... skiet deur sy bors. Wat het Ouma Hartjie nou weer gesê net voor sy ... voor sy ook weg is? Jy moet vir jou ma luister ... Al is Ma weg, besef Mieg skielik bly, is sy tog by my, in my gedagtes. Op 'n manier is sy nie regtig weg nie!" (bl. 56).

Via jou gedagtes en drome (vgl. bl. 34 en 72-73) kan jy dus nog altyd toegang verkry tot die tydsirkel van iemand wat deur die dood weggeneem is. Hierdie *insig* waartoe Mieg kom, verteenwoordig 'n mate van persoonlikheidsontwikkeling by hom.

Selfstudie: Lees die volgende bladsye noukeurig. Watter veralgemenende uitsprake maak die genoemde karakters as figurante? Eva: bl. 4, 11. Johnnie: bl. 21. Ouma Hartjie: bl. 32-33. Matri: bl. 104.

3. Tyd

Soos reeds deur die titel van die novelle gesuggereer, is tyd die *tema*. Die verhaal handel oor die mens se verhouding tot die tyd, en die hoofkarakter word uitgebeeld in sy verhouding tot die tyd. Die titel *Mieg se kort en lang middag* behels 'n kontradiksie: Logies gesien, kan 'n middag nie terselfdertyd kort *en* lank wees nie.

Tog is die titel geldig. In die eerste plek moet ons die terme "lank" en "kort" in verband bring met die vertelde tyd van die *raamvertelling* enersyds en dié van die drie *binnevertellings* andersyds. Met die vertelde tyd van die raamvertelling bedoel ons die tyd van die gebeure wat in die supermark en in Eva se huis plaasvind. En met die vertelde tyd van die binnevertellings die tyd van die gebeure wat elders plaasvind. Enersyds is die middag wat Mieg in Eva se huis deurbring kort: ses en veertig minute, om presies te wees. Andersyds is dit 'n geweldige lang middag. Die drie besoeke wat hy aflê (dié aan die vissershawe, aan Afrika en aan die maan) bestryk 'n totale vertelde tyd van weke of selfs maande. Die eerste avontuur speel af oor twee dae (Maandag en Dinsdag), maar beslaan slegs 25 minute van die horlosietyd van die raam. Die tweede reeks binnegebeure bestryk 'n periode van vier dae en drie nagte, maar daar verloop slegs een minuut raamtyd. Die Luna-gebeure speel af oor 'n onbepaalde binnetydperk van

weke of dalk maande, maar slegs 16 minute raamtyd gaan daartydens verby.

Terwyl Mieg dus vir Eva sit en wag ('n tydperk van ses en veertig minute) ervaar hy avonture wat oor 'n tydperk van maande strek, en wat bowendien klaarblyklik eeue uit mekaar verwyder lê. (Dit wil lyk of die gebeure rondom Doiba en Odiba in die verre verlede plaasvind, terwyl dié op die maan uiteraard na 'n punt ver in die toekoms uitwys.) In hierdie opsig verskil *Mieg se kort en lang middag* van die konvensionele raamvertelling, waarin die gebeure in die raam baie duidelik en definitief in die tyd en ruimte geskei is van dié in die binnevertelling.

Hoe word hierdie diskrepanse aanneemlik gemaak? In die eerste plek is daar aanduidings dat Mieg sy drie avonture *droom*. Dat hy iemand is wat geneig is tot dagdromery word reeds op die eerste bladsy onder die lesers aandag gebring: "Netnou raas mevrou Rall weer met hom omdat hy staan en droom." Sodat 'n mens miskien kan sê dat Mieg hier aan die slaap raak, sy eerste avontuur droom, wakker word, sy tweede avontuur droom ens. Ook elders in die verhaal is daar aanduidings dat 'n mens in 'n droomtoestand as't ware in 'n ander tydspan kan verkeer. So byvoorbeeld is daar op bl. 29 reeds by die wakkerwordende Mieg die sensasie dat Evie gewigloos langs hom dryf, 'n anti-opsasie van iets wat hy eers later "werklik" ervaar. Ook op bl. 45-46 bevind hy hom via 'n droom reeds in 'n pendeltuig. Maar op bl. 55 konkludeer Mieg: "Dit voel nie soos 'n droom of 'n ding nie."

'n Ander moontlike sleutel tot die tydspanproblematiek van die novelle is geleë in die *motto* voorin: Die stelling van Frijof Capra dat "(t)yd teen verskillende tempo's in verskillende dele van die heelal (vloei)". Die verwysing na die heelal in hierdie motto antisipeer reeds twee van ouma Hartjie se stellings: Dat Eva vir Adam "alles" wou gee: "'n Vrou is mos so as sy lief is vir haar man. Sy wil vir hom die aarde oëe, die sterre, die maan, die son ... alles". En vir Mieg sê sy: "Jy is 'n alles ... 'n volkome skepping" (bl. 32). Met ander woorde: In 'n liefdesverhouding wil die vrou vir haar geliefde as't ware die heelal gee. Maar ook elke individuele mens is (metafories gesproke) 'n heelal. Wanneer Mieg tydens sy Afrika-avontuur onder die sterrehemel sit, besef hy hoe onbeduidend hy is: "Tog is hy deel van alles" (bl. 63). Die mens is deel van die heelal. En as dit dan so is dat tyd teen verskillende tempo's in verskillende dele van die heelal vloei, beteken dit *mutatis mutandis* dat ook vir die mens tyd teen verskillende tempo's kan vloei.

Daarby moet ons onthou dat die vrou wat Mieg se horlosie aan die begin van die verhaal neem (hom dus as't ware bevry van die horlosietyd) se naam juis Eva is. Sy "gee" dus vir Mieg die heelal met sy verskil in tydtempo. Dit gaan dus in *Mieg se kort en lang middag* om die *subjektiewe of psigiese tyd* (in teenstelling met die horlosietyd), waarvan Johnnie tereg opmerk: "Tyd is lank of kort ... net soos jy dit maak" (bl. 21).

Selfstudie: Watter uitsprake vind julle op die volgende bladsye betreffende

die tyd? Het dit enige verband met die tema? Bladsy: 3, 19, 21, 22, 25, 26, 27, 39, 41, 81, 117.

4. Ruimte

As raamvertelling vertoon die ruimtekode van *Mieg se kort en lang middag* twee aspekte: Daar is (a) die *raamruimtes* (waarin die raamgebeure afspeel): die supermark en Eva se huis, en (b) die *binneruimtes* (waarin die binnegebeure afspeel): die see, die ongerepte veld (Afrika) en die hemelruim (die maan). (Vergelyk in laasgenoemde verband ook die tekening op die buiteblad.)

Tussen die raamruimte en die verskillende binneruimtes is daar talle opvallende skakels. Een van die belangrikstes is die uitstalling wat Mieg telkens op die rak teen “die oorkantste muur” opmerk. Aan die begin, d.w.s. voor hy na die seeruimte verhuis, is daar “’n ry besonder aantreklike skulpe” (bl. 6). Hierdie skulpe word van links na regs geleidelik groter. Verder word hulle trapsgewyse dikker, asook growwer. Wat meer is: Hoe verder ’n mens in die ry afgaan, hoe minder spirale het die verskillende skulpe.

In die eerste plek antisipeer die skulpe die see as ruimte vir Mieg se eerste avontuur. Tweedens simboliseer die progressie in die voorkoms en aard van die skulpe die vloei van die tyd soos gemanifesteer in die groei en verandering van verskynsels. Derdens is dit van betekenis dat daar ’n baie duidelike verband tussen Eva en die skulpkode gelê word: Sy dra ’n skulp aan ’n goue kettinkie om haar nek en haar handsak is met rooi skulpies versier. Dit sê vir ons dat daar ’n verband tussen Eva en die see is – sy is seevrou of vrou van die see, ’n idee wat geresoneer word deur die feit dat haar gesig aan die “strand se lyn by Houtbaai” herinner (bl. 2), dat sy ’n manier het “om haar hande te beweeg ... (s)oos die tentakels van ’n see-anemoo(n)” (bl. 2) en dat “haar oë lyk soos ’n baie stil see op ’n wolklose dag” (bl. 4).

Hierby moet ons onthou dat die naam Eva “lewe” of “die een wat lewe gee” beteken. Die oorspronklike Eva, van wie ons in die Bybel lees, is die oermoeder van die mensdom, net soos (volgens ’n bepaalde siening van die evolusie) alle lewe uit die see ontstaan het en die see dus eintlik die oorsprong van lewe, die “oermoeder” is. Dis dan ook nie sonder betekenis nie dat Eva Mieg aan sy ma herinner.

Al hierdie gegewens gesamentlik sê vir ons dat Eva ’n soort *almoeder* of tipiese moederfiguur is. Miskien kan ons dan sê dat haar huis ’n soort baarmoeder is waaruit Mieg dan telkens in ’n ander bestaan gebore word. Op bl. 55 kom Mieg tot die slotsom dat die plekke waar hy aanland nadat hy telkens deur Eva se deur gegaan het “regtig” is: “Dis net ... hy kom nie op die gewone manier van die een regtige plek na die ander nie.” Op bl. 72 fokaliseer Mieg die geboorte van die mens as ’n beweging “(d)eur ’n opening na ’n heeltemal ander plek ...”

In die motto staan daar: “Ruimte toon in wisselende mate ’n rondin(g)”. Die

woord “rondding” antisipeer die volgende gedagtes van Mieg wanneer hy saam met Doibo die geboorte van Odiba se baba afwag: “Die maan sit nou hoog in die lug. Die ronding daarvan lyk skielik vir Mieg soos die ronding van Odiba se maag. Hy skud sy kop. Dit maak mens skoon bang om te dink daar is ’n hele nuwe mens in!” (bl. 71). Die woord “rondding” kan dus binne die diskoers van *Mieg se kort en lang middag* ook “baarmoeder” beteken. Sodat ’n mens miskien die motto soos volg kan parafraseer: Die ruimtes waarin die mens hom van oomblik tot oomblik bevind, kan in wisselende mate vir hom dien as “baarmoeder”, as “deur” tot ’n ander tydsgedimensie.

Vanuit die seeruimte van Eva se woon- en eetkamer word Mieg gebore in ’n seebestaan: Die huis se reuk herinner hom aan “(i)ets wat sout is” (bl. 6) en op bl. 13, nadat hy deur die blougroen deur gegaan het, ruik hy die see. Ná sy terugkeer is die deur (in antispasie van sy vertrek na die ongerepte veld en die wêreld van die “primitiewe mens”) groen, nie blou nie en alles wat hom aan die see herinner het, is weg. In die plek daarvan is daar nou “(d)ie werwelbene en illustrasies van diere, en ook ’n paar opgestopte koppe” (bl. 48). En voor sy vertrek maan toe deur die spierwit deur is die rak nog op dieselfde plek, maar “(d)aar is nou iets anders op – ’n ry baie noukeurig afgewerkte skaalmodelletjies van vuurpyle” (bl. 80).

Selfstudie: Lees die volgende bladsye noukeurig. Watter tekens van ’n geboortekode vind julle? Bladsy: 12, 47, 79, 82, 83, 117.

5. Vertelsituasie

Ons het hier te doen met ’n *bepaalde alleswetende verteller* of, soos dit ook bekend staan, ’n *persoonlike verteller*. Die verteller vertel in die derde persoon, maar die inligting omtrent die verhaalwêreld word vir die leser slegs deur een karakter (Mieg) toeganklik gemaak. Die verteller konsentreer as’t ware net op Mieg: Mieg neem waar en is die “sif” wat die materiaal deurlaat. So weet ons byvoorbeeld niks van enige karakter se bestaan vóór hulle met Mieg kennis gemaak het nie. Ons kry ook nêrens ’n direkte weergawe van wat die newekarakters dink of voel nie, terwyl ons van Mieg se gedagtes en gewaarwordinge soms ’n direkte weergawe kry: Reeds in die eerste sin staan daar: “Ek sal baie gou deur hierdie spul goed moet kom, *dink* Mieg.” (Ek kursiveer.)

Dit beteken dat Mieg ook die sentrale *fokalisator* is. Die verteller konsentreer op Mieg se visie op die gebeure, karakters, tyd en ruimte. So lees ons byvoorbeeld van Mieg se siening van Eva, maar ons kry nêrens ’n direkte aanduiding van Eva se siening van Mieg nie. Wanneer Mieg en Vita op bl. 113 die pendeltuig binnegaan, merk die verteller op: “Hy kan sien dit is nie vir Vita lekker nie.” Die verteller gee dus vir ons Mieg se fokus op Vita se ervaring, maar van Vita se eie fokus word niks gered nie. Mieg is die fokalisator.

Hierdie hantering van die vertelsituasie lei daartoe dat die newekarakters

sterk na skim- of skadufigure neig. Hulle bestaan as't ware by grasia van die hoofkarakter, waardeur die suggestie ontstaan dat hulle in 'n groot mate *projeksies* van die hoofkarakter se innerlike gewaarwordinge kan wees. Iets hiervan word byvoorbeeld m.b.t. Eva gekommunikeer wanneer Mieg wonder of haar woorde nie dalk "(n)et in sy ore (gebeur) nie" (bl. 1). Soos reeds deur die motto aangedui word, is *ruimte* 'n belangrike kode in *Mieg se kort en lang middag*. Op bl. 28 dink Mieg: "Die ruimte is eintlik niks. Ver ... ver uitmekaar sit die sterre ... die ruimte is leeg" en: "Die ruimte is leeg, sodat die sterre daar kan wees". Net soos 'n mens miskien kan redeneer dat tyd nie los van fisiese verskynsels kan bestaan nie, kan jy waarskynlik ook die stelling maak dat ruimte alleen deur sekere fisiese verskynsels gekonstitueer kan word. Vir die *mens* altans: Ons kan ruimte as 'n abstraksie nie werklik waarneem nie – dit bestaan vir ons slegs soos deur ons sintuie gekonstitueer.

In hierdie verband speel die *fokalisering* in *Mieg se kort en lang middag* dan ook 'n belangrike rol. Die verteller konstitueer die ruimtes waardeur Mieg beweeg by voorkeur deur vir ons *Mieg* se fokus daarop te gee, soms Mieg s'n alleen en soms die verteller s'n saam met syne. Mieg "skep" as 't ware vir ons die ruimte deur dinge te ruik, te hoor, te voel, te proe, te ervaar. Ruimte is (soos tyd) 'n subjektiewe en relatiewe gegewe. Dit "toon in wisselende mate 'n ronding" (motto), is 'n immer veranderende "baarmoeder" vir die mens. Konkreet ervaar die mens die ruimte om hom heen via die spel van geure, lig, objekte, afgrensings en openinge, beweging, swaartekrag (gewig). Dit alles kan by hom gewaarwordings wêreld wat wissel van geluksaligheid tot angs, van ongeperktheid tot onbeduidendheid en van geborgenheid tot bedreigheid.

Mieg fokus op sy ruimte herhaaldelik *olfaktories*. Ouma Hartjie se huis, byvoorbeeld, "(r)uik na 'n mengsel van baie dinge: die kruie wat hy buite ook geruik het, droë uie, 'n soort visreuk, vloerwaks en 'n effense medisyneguur" (bl. 16). Hierdie gegewe simboliseer iets van die feit dat ouma Hartjie die "ewige moeder" verteenwoordig en dat haar huis in 'n sekere sin 'n klein kosmos is: Die eksotiese of ongerepte natuur (kruie), die natuur soos deur die mens onderwerp (droë uie), die see ('n soort visreuk), die menslike tuiste (vloerwaks), siekte en sterflikheid (medisyne). *Selfstudie: Gee voorbeelde van waar die volgende aspekte van ruimte deur Mieg gefokaliseer word: lig en donker, afgrensing (huise, kamers, geboue, voertuie ens.) en openinge (deure, vensters, tonnells ens.), beweging (stap, vaar, vlieg ens.) en swaartekrag. Probeer telkens aandui in watter mate hy dié betrokke fasette as bedreigend / gerusstellend ervaar. Is daar ook gevalle waar Mieg se ruimtebelewenis sy tydservaring beïnvloed?*

6. Taalgebruik

'n Interessante aspek van die *sintaksis* van *Mieg se kort en lang middag* is

die opvallende vooropstelling van *plekaanduidende voorsetselfrases*. Ek gee 'n klompie voorbeelde om te illustreer: (Ek kursiveer deurgaans.) “*Uit die kant van sy oog sien Mieg hoe mevrou Rall nader (k)om*” (bl. 1). “*Reg voor Mieg hang 'n baie moderne digitale horlosi(e)*” (bl. 6). “*Skuins in die regterhoek hang die blouerige wit vorm van 'n dolfyn onderstebo*” (bl. 9). “*Buitekant begin 'n piet-my-vrou roep*” (bl. 12). “*Omtrent honderd meter voor hom lê die see*” (bl. 13). “*'n Ent verder, naby die strand, merk hy 'n groterige, plat gebo(u)*” (bl. 14-15). “*Uit die skoorsteen kom daar 'n dun rookstreep*” (bl. 16). Die “gewone” of neutrale sinsvolgorde in gevalle soos die bostaande is: “Mieg sien uit die kant van sy oog hoe mevrou Randall nader kom.” “'n Baie moderne digitale horlosie hang reg voor Mieg.” “Die blouerige wit vorm van 'n dolfyn hang skuins in die regterhoek onderstebo.” Ensovoorts.

Deur bogenoemde vooropstelling val die klem op die *ruimtelike plasing* van gebeure, objekte en persone. Op hierdie wyse vestig die taalkode van die verhaal die aandag van die leser op die ruimtekode. Die leser word voortdurend bewus gehou van die dinge waardeur en die maniere waarop die ruimte gevul (en daarom gekonstitueer) word. Net soos wat 'n teekoppie “'n vorm (is) wat ruimte bepaal” (bl. 8), kan ruimte bepaal word deur aspekte soos rigting of posisie, plek en verhouding.

'n Ander interessante aspek van die taalkode is dié van *naamgewing*. Dit val naamlik op dat feitlik al die karakters Bybelname het, of name wat na Bybelname herlei kan word: Mieg (Michal is die naam van Saul se dogter), Eva (die naam van die eerste vrou), David (Dawid was die tweede koning van Israel), David se van is Peters, waarin 'n mens die naam Petrus beluister (Petrus was een van die apostels), Johnnie, 'n vervorming van die Engelse ekwivalent van Johannes (die naam van 'n apostel, asook van Johannes die Doper), Daaf (kennelik 'n vervorming van Dawid). Hierdie name konstitueer die Bybel as *interteks vir Mieg se kort en lang middag*. Ook daardeur word iets van die relatiewe van tyd en ruimte as bestaansdimensies gekommunikeer. Dis of die skrywer deur die name van sy karakters vir ons wil sê: Al is mense duisende of dalk selfs miljoene jare en kilometers van mekaar geskei, bly hulle basies dieselfde en het hulle deel van dieselfde algemeen-menslike probleme. Hulle “sirkels” raak aan mekaar.

Maar dit val ook op dat sekere name herhaaldelik voorkom (sy dit dan in 'n gewysigde vorm), soos reeds “David” hierbo. (Sou 'n mens die naam Doiba as 'n “primitiewe” vorm van “Dawid” kan beskou?) Die naam Eva (wat, soos ons reeds opgemerk het, “lewe” beteken) keer terug as Evie, Odiba (?) en uiteindelik as Vita (die Latynse woord vir “lewe”). Deur hierdie ketting simboliseer die skrywer waarskynlik dat die lewe in 'n sekere sin “ewig” is: Dit word deur die vrou van mens tot mens oorgedra: Tyd is rond.

Die spel met name in die teks vind ook neerslag in die handelingskode: Van die karakters weet vooruit wat Mieg se naam is. Reeds wanneer Ouma

Hartjie die eerste keer vir Mieg op sy naam noem, probeer hy onthou of Evie dit reeds gedoen het. Maar wanneer David hom as “Mieg” aanspreek, is Mieg seker dat niemand vir David gesê het wat sy naam is nie. Wanneer Matri voorstel dat Daaf-hulle vir Mieg Apollo 11 moet gaan wys, skrik Mieg groot: “Hoe weet Matri van hom? Hy het dan nie eens van haar bestaan geweet nie!” (bl. 103).

Miskien wil die skrywer deur hierdie gegewe ook vir ons iets simboliseer van die wyse waarop verskillende tydsirkels aan mekaar kan raak. Dalk het van die ander karakters weer op hulle beurt by geleentheid in sý tydsirkel beland: “Wie sal nou daarvoor praat? Mense sal dink jy is van jou trollie af” (bl. 55). So byvoorbeeld ontmoet hy aan die einde van hoofstuk twee weer vir Eva, maar sy herken hom glad nie. As dit kan gebeur dat ’n mens partykeer in ’n ander tydsirkel kan beland, raak die volgorde verlede-hede-toekoms ook ’n relatiewe saak. Net soos hy, wanneer hy in ander mense se tydsirkels beland, aan hulle bekend is (dus in ’n sekere sin tot hulle verlede behoort) terwyl hy hulle nie ken nie, behoort Eva miskien nou hier tot sý “verlede” en het die ontmoeting in die supermark nog nie plaasgevind nie. Op bl. 31 word gesuggereer dat Eva Evie se ma was en reeds oorlede is tydens Mieg se besoek aan die vissershawe.

Selfstudie: Die woord “moeder” kom (in verskillende vorme) herhaaldelik in die teks voor. Dui dit aan met verwysing na die volgende bladsye: 4, 14, 31, 35, 103, 105. Wat dink julle is die betekenis van die herhaling van hierdie begrip?

Universiteit van Fort Hare

J.P. en Ria Smuts

'n Eksistensiële buitestaander by Jan Rabie: “Ek het jou gemaak”

1. Konteks

1.1 Literêr-histories

Die verhaal “Ek het jou gemaak” kom uit die bundel *Een en twintig* van Jan Rabie wat in 1956 verskyn het. Die geskiedenis het uitgewys dat *Een en twintig*, soos Eugène Marais se “Winternag”, Jan Celliers se “Die vlakte” en W.E.G. Louw se bundel *Die ryke dwaas*, belangrike publikasies was – nie noodwendig op grond van hulle onbesproke literêre gehalte deurgaans nie, maar wel omdat hulle aankondigers van die nuwe was. Dit gaan hier om literatuur wat ’n rol gespeel het in die tyd toe dit verskyn het, wat as rigtinggewend beskou en aanvaar is. In die geval van die twee ouer digters het die betrokke gedigte in ’n belangrike mate die Tweede Taalbeweging aangekondig, by Louw die koms van die Dertigers in die Afrikaanse poësie, en in die geval van Rabie die deurbraak tot die prosa van Sestig.

’n Noukeurige beskouing van die Afrikaanse prosa in die eerste dekade na die Tweede Wêreldoorlog wys uit dat daar in hierdie periode wel reeds aanduidings was van ’n wegbeweging van die tradisionele. Daar was teen 1956 naamlik reeds twee ander Afrikaanse prosawerke wat opvallend anders was as die tipiese ouer werk: C.J.M. Nienaber se *Keerweer* (1946), ’n eksperimentele werk waarin daar ’n weergawe van ’n waansinnige se chaotiese denklewe gegee word, en, minder ooglopend, Etienne Leroux se eerste roman, *Die eerste lewe van Colet* (s.a. – 1955). En van hierdie drie, trouens van alle werk voor 1962 toe Brink se *Lobola vir die lewe* en Leroux se *Sewe dae by die Silbersteins* verskyn het, is *Een en twintig* verreweg die positiefste en met die meeste prominensie deur die kritici ontvang. Dit het meer aandag gekry as Etienne Leroux se *Die mugu* (1959) en Dolf van Niekerk se *Die son struikel* (1960). En dit ten spyte van die feit dat dié twee latere werke gehaltegewys nie vir Rabie se bundel hoef terug te staan nie; trouens Leroux se roman oortref waarskynlik Rabie se versameling.

Die noem van slegs die publikasies van Nienaber, Leroux en Rabie wat tot 1956 verskyn het, mag die indruk wek dat al die ander werk van voor die middel vyftigerjare as ongeveer eenders beskou moet word. Dit is verkeerd, want binne die ouer prosa kan ’n mens meer tradisionele en ook nuwer werk onderskei. Jy sou kon begin om Marais se *Dwaalstories* en verhale van Van Melle uit te sonder as werk wat nie direk aansluit by die konvensionele literatuur van hulle tyd nie.

Enkele prosaïste na Marais en Van Melle en voor die opvallende vernuers wat hierbo genoem is, moet ook uitgesonder word, soos Boerneef, Uys Krigte, Holmer Johanssen, M.E.R., W.A. de Klerk, Willem van den Berg,

Toon van den Heever, F.A. Venter en Elise Muller. Die grootste bydraes van hierdie skrywers was die gebruik van 'n soepeler en natuurliker Afrikaans as dikwels in die verlede (M.E.R., Boerneef, Uys Krige, Elise Muller) en die aanpak van meer eietydse temas, alhoewel dan met wisselende sukses. Van den Berg se *Reisigers na nêrens* van 1946 gee 'n eerste redelik geslaagde kyk op die stadsmens met sy leë waardes, en De Klerk konsentreer in *Die grenslose*, ook uit 1946, op meer gesofistikeerde karakters as wat voorheen in die Afrikaanse prosa die geval was. Krige bring 'n groter wêreldblik in enkele goeie kortverhale en Venter kom met 'n nuwe gegewe deurdat hy die ontwrigte swartman binne die grootstad sentraal plaas in *Swart pelgrim* uit 1952.

Dit gesê, bly dit steeds waar dat nie een van hierdie skrywers se werk dieselfde "nuwe" indruk maak as die genoemde publikasies van Nienaber, Leroux en Rabie nie en in dieselfde mate as wegbereders van die vernuwing van Sestig en selfs as deel daarvan beskou kan word nie.

1.2 Die algemene situasie

Aangesien Rabie dan as die eerste belangrike Sestiger gesien kan word, is dit nodig om kortliks na die vernuwing van Sestig te kyk.

Die sogenaamde periode van Sestig is een van die belangrikste vernuwendende bewegings in die geskiedenis van die Afrikaanse literatuur. Saam met die Tweede Taalbeweging, wat in die jare kort na die Tweede Vryheidsoorlog 'n aanvang geneem het, en die beweging van Dertig, het dit die Afrikaanse letterkunde op ingrypende wyse kwalitatief verander. In teenstelling met die vorige twee bewegings wat hoofsaaklik poësiegerig was, het die periode van Sestig veral die Afrikaanse prosa in kaart gebring. Ook op die gebied van die poësie en drama is daar belangrike groei en vernuwing, maar die beweging van Sestig behels in sy wese 'n verandering in die Afrikaanse prosa en 'n groei van dié genre tot volwassenheid. Daar is wel waardevolle prosa in Afrikaans voor sestig geskryf, maar van die beste epiese tekste het na sestig ontstaan.

Die vernuwing van Sestig was 'n baie verrassende verandering binne die Afrikaanse prosatradisie. Die nuwe skrywers het min geput uit die voorafgaande: Sestig is eerder 'n breuk as 'n voortsetting. Hierdie verandering moet teen 'n wyer agtergrond, selfs binne wêreldverband, gesien word om dit behoorlik te begryp.

Die Sestigers is die eerste werklike na-oorlogse generasie in die Afrikaanse letterkunde. Soos dikwels die geval is met bewegings in die literatuur, sluit Sestig aan by eietydse tendense in die kunste, die politiek, die sosiale verhoudings, die filosofie en die godsdiensbeskouing. En omdat Sestig by uitnemendheid die generasie is uit die tydperk van vergemaklikte kommunikasie, is hierdie verbande dikwels wyer as in die verlede en oorskry dit plaaslike grense.

Die Sestigers vind hulle aansluiting veral by die na-oorlogse Europese

wêreld en geesteklimaat. Die na-oorlogse Europeër het hom bevind binne 'n bestaan wat op talle vlakke verwoes was, en dit het hom beangs en sonder sekerhede gelaat. Die eksistensiefilosofie én die werk van skrywers het hierdie uitsigloosheid en twyfel onder woorde gebring. Dit is die soort wêreld en die soort mens wat in talle verhale in Rabie se *Een en twintig* geskep word, ook in die teks onder bespreking.

Sestig bring verder 'n baie sterk bewuswording van verteltegniek. Die breuk tussen die ouer en nuwer prosa is dan ook in 'n groot mate 'n breuk in tegniek. Sestig word die tydperk van eksperimentering in die Afrikaanse prosa. In die jare sestig word die grense van die Afrikaanse letterkunde, en veral die Afrikaanse prosa, op tegniese gebied ingrypend versit. Die gebruik van die bewussynstroomtegniek, die opheffing van chronologiese aanbieding, die werk met fantastiese ruimtes, antihelde, buitestaanders en lineêre karakters, die ontginning van die moontlikhede van die verwysingstegniek, tipografiese eksperimente, verskillende vertellingshoeke en afwykings ten opsigte van sinsbou is van die aspekte wat na vore tree.

1.3 Buitestaander

Wat die verhaal "Ek het jou gemaak" betref, is daar een van die genoemde sake wat meer aandag verdien, en dit is die kwessie van die buitestaander. Een van die opvallendste vernuwings in die prosa van Sestig is die sterker klem wat daar val op die mens as versteurde en verskeurde. Dit lei tot die toenemende gebruik van die buitestaanderfiguur as personasie, en dikwels ook sentrale personasie, in verhale.

Die buitestaander of *outsider* is in werklikheid 'n ou soort figuur in die letterkunde. Hy kan teruggevoer word na Cervantes se *Don Quijote* met sy antiheld as sentrale karakter. Die hele buitestaanderprobleem word egter vir die eerste keer in 1956 deur Colin Wilson in sy werk *The outsider* spesifiek na vore gebring en as literêre term gevestig.

Wilson wys daarop dat die buitestaander 'n persoon is wat dieper en meer sien as die gewone mens en wat hy sien, is essensieel chaos en nie die geordende wêreld van die burgery wat sy sekerheid daarin vind deur met die groep te beweeg nie. Tipies van die buitestaander is 'n gevoel van vreemdheid en onwerklikheid. Hy kan nie die lewe aanvaar nie, en ook nie die bestaan binne die gemeenskap nie.

Die buitestaander vind dit moeilik om in die lewe aan te pas. Hy is óf 'n persoon wat nie aanvaar word as lid van die groep nie, óf iemand wat hom uit sy eie isoleer of reken hy is afgesluit van die wêreld rondom hom. Die buitestaander is altyd in meerdere of mindere mate 'n eensame, ontwrigte of wanaangepaste persoon. Hy worstel dikwels met bestaansprobleme en vrese wat heeltemal 'n obsessie by hom word. Hy is baie keer sosiaal onvaardig (daarom dat hy buite die groep staan) en is ook gewoonlik 'n swygsame of daadlose persoon – daarom dat daar in hierdie verband ook dikwels van 'n antiheld gepraat word.

Heelparty buitestaanderfigure is 'n uitvloeisel van die eksistensialistiese filosofie en is geneig om hulle lewe in eksistensiële terme te ervaar en dit ook daarin uit te druk. Die gewone wêreld verloor sy waarde vir hulle, en hulle lewe word vir hulle 'n nagmerrie. Dit lê eintlik voor die hand dat ingenieur Jacobs, die sentrale personasie in "Ek het jou gemaak", 'n voorbeeld is van 'n buitestaander, en dan spesifiek 'n eksistensiële buitestaander.

2. Die verhaal

2.1 Intertekste

'n Interteks is 'n ander teks wat deur 'n literêre werk geaktiveer word deur direkte verwysing daarna, deur aanhaling daaruit of deur toespeling daarop. Van hierdie prosas van uitwys na 'n ander werk word ook soms as die verwysingstegniek gepraat.

'n Verwysing na 'n interteks kan bloot 'n skakel lê en die leser sodoende uitwys na die betrokke gebied en ook die verpligting op hom plaas om verdere informasie wat nie in die boek gegee word nie, self by te bring, of dit kan in meer besonderhede uitgewerk word. Die brontekste of brontekste waarby aangesluit word, moet bygehaal word om tot 'n vollediger begrip van die implikasies van die werk te kom.

Indien 'n interteks op oortuigende wyse in 'n werk geïntegreer is, kan dit besonder verrykend vir so 'n stuk wees. In die eerste plek is dit 'n uiters ekonomiese middel omdat 'n ruim wêreld met 'n minimum besonderhede opgeroep kan word. So 'n verwysing kan ook 'n subtiele tegniek wees. Omdat alle informasie nie in die boek self gegee word nie, maar ook daarbuite gevind moet word, is die moontlikheid op suggestie en die vermyding van die ooreksplisiete en lang betogend-informatiewe gedeeltes makliker. Deurdat dit 'n teks met ander werke en selfs wêreldse skakel, het dit ook die vermoë om die spesifieke geval teen 'n wyer agtergrond te plaas, dit meer universeel voor te stel en die gegewe te verdiep en te verdig. Hierdie verdigting of kompleks maak van 'n werk deur middel van 'n verwysing is een van die kernfunksies van die tegniek. Omdat dit op grond van sy aard uit die teks heenwys na ander gebiede en dit daarmee in verband bring, verruim dit die betekenisveld en implikasies van die werk. In die verhaal "Ek het jou gemaak" word twee intertekste geaktiveer, naamlik die Pygmalion-mite en die Frankenstein-roman. Daar word nie direk na enigeen van die twee verwys nie, maar daar is so 'n ooglopende parallel dat die ingeligte leser dit nie kan miskyk nie.

Die Pygmalion-gegewe kom uit die Griekse mitologie. Pygmalion was 'n mitiese koning van Ciprus wat besluit het om ongetroud te bly omdat hy nooit 'n ideale vrou kon vind nie. Hy was 'n beeldhouer en hy het toe 'n vrouebeeld uit ivoor gemaak wat mooier was as enige lewende vrou. Hy het verlief geraak op hierdie beeld, en hy het die beeld geklee en met

juwele behang. Tydens die fees van Venus het hy die gode gebid om vir hom 'n vrou soos sy beeld te gee. Venus het sy gebed verhoor, en toe hy by die huis kom, het hy gevind dat sy beeld tot lewe gekom het. Hy is toe met haar getroud. Die naam Galathea is later aan hierdie vrou gegee (Bulfinch 1979: 62-63; Grote Winkler Prins 16 1973:9)).

Die Pygmalion-gegewe is meermale in die literatuur gebruik. Schiller het 'n gedig daaroor geskryf, en George Bernard Shaw se bekende toneelstuk *Pygmalion* (1912) is ook 'n toespeeling op hierdie gegewe, soos ook die latere film *My fair lady* wat op Shaw se drama gebaseer is.

Frankenstein is die naam van 'n fiktiewe monster wat ontleen is aan die roman *Frankenstein or the modern Prometheus* (1818) van Mary Wollstonecraft Shelley. In die roman self is Frankenstein in werklikheid die naam van 'n Switserse student van die okkulte wat 'n monster saamstel uit lyke en dit deur middel van 'n elektriese stroom tot lewe kan wek. Die monster vermoor uiteindelik sy skepper. Die naam *Frankenstein* het later gekoppel geraak aan die monster self. (Grote Winkler Prins 7 1973: 653; Encyclopaedia Britannica Micropedia IV: 280.)

2.2 Oorsig

Die eerste verhaal in *Een en twintig* is die bekende “Drie kaalkoppe eet tesame”, waarin 'n beeld van die gedepersonaliseerde mens gegee word. Die bundel sluit met “Ek het jou gemaak”, waarin hierdie selfde proses van depersonalisasie hom voltrek. Alhoewel hierdie twee verhale in baie opsigte verskil, is dit betekenisvol dat Rabie dié tekste, wat een uiters belangrike raakpunt het, eerste en laaste in sy bundel plaas. Dit wek die indruk dat hy met die eerste 'n openingstelling wil maak, 'n aankondiging van 'n sentrale motief in sy bundel, en dat hy dié stelling finaal bevestig in die sluitstuk van die versameling. In die loop van die bundel is daar ook etlike ander verhale wat by hierdie gegewe aansluit. “Baie”, “Gesprek onder 'n donker maan”, “Bloed” en “Voor die muur” is van die opvallendste voorbeelde.

Die titel van die verhaal, “Ek het jou gemaak”, dui op 'n ontstaansproses, en letterlik beteken dit dat iets lewends geskep is. Figuurlik beteken dit dat jy iemand gelanseer het, byvoorbeeld vir hom 'n suksesvolle loopbaan geskep het. Die toespeeling op die reeds behandelde intertekste is duidelik. Die eerste reël sê presies wat die hooffiguur, ingenieur Jacobs, geskep het: 'n lewensgroot wasbeeld van sy gestorwe vrou Bettie wat hy aantrek in haar trourok. Die wyse waarop hy teenoor die beeld reageer, wys reeds die abnormale uit: hy voer gesprekke met haar (let daarop dat daar nie van “die beeld” gepraat word nie, maar van “haar” – sy is dus vir hom werklik sy vrou wat hy weer tot lewe gebring het, vir wie hy “gemaak” het, al reageer sy nooit teenoor hom nie).

Daar is besig om 'n volkome transformasie by Jacobs plaas te vind. Sy belangstelling in sy werk verflou so dat hy ontslaan word, en tuis isoleer hy hom en besoek nie langer sy vriende nie. Hy dek etenstye sy vrou se

plek en voer met haar gesprekke oor die dood. Hy word dus tipe van die eksistensiële buitestaander.

Met die aanbreek van die lente, dus die ontwaking van lewe en die koms van 'n nuwe begin in die natuur, wy hy hom opnuut aan die teennatuurlike, naamlik die skep van 'n robot wat die gestalte van 'n mens aanneem en ook die naam van 'n mens kry. Die robot word dus die tweede gestalte wat Jacobs geskep het. Hier is feitlik 'n parallel met die skepping van die mens soos dit in Genesis 1: 26-27 beskryf word: "En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. – En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape: man en vrou het Hy hulle geskape" (1933-vertaling). Later kom daar 'n omkering en 'n pervertering van hierdie gegewe as Jacobs vir die robot sê: "Alles is na die mens se ewebeeld gemaak ... God, die duiwel en jy."

Soos Adam in die tuin van Eden geplaas is, laat ingenieur Jacobs die robot Andries in die woonkamer los nadat hy hom voltooi het. Omdat hy in staat was om die antwoorde op ses vrae in Andries in te programmeer, word daar dus nou 'n gesprek tussen skepper en skepsel moontlik. Die vrae en antwoorde het betrekking op wesensake: identiteit, liefde, lewe en die dood. Dit wys Jacobs het 'n behoefte aan kommunikasie en dat hy deur die gesprek duidelikheid oor eksistensiële probleme probeer kry. Omdat die robot so beperk is, raak sy antwoorde klaarblyklik nie die kern van hierdie sake nie. Dit val op dat die antwoorde op die vrae wat die dood en wat die lewe is, dieselfde is. Die twee grootste denkbare teenoorgesteldes word dus gelyk gestel. Die kommentaar wat hier gelewer word op die mens se ervaring van die leegheid van sy bestaan lê voor die hand.

Die verfyning van die robot en die vermoë wat die robot kry om 'n voorwerp in sy ysterhande te neem en te vergruis, voorafskadu die slot van die verhaal. Ook Jacobs se swart verf van die robot sodat hy moet rou "oor Bettie wat dood is, en oor my wat ook moet sterf" stel die ingenieur se komende dood in die vooruitsig.

Dit val op dat Jacobs tydens 'n woede-uitbarsting teenoor die robot net soos die masjien monosillabies begin praat. Deur sy afsluiting van die normale buitewêreld en sy groeiende behepthed met die selfgeskepte leweloze figure wat nou sy lewe bevolk, raak Jacobs al hoe meer gedepersonaliseer.

Jacobs se gesprekke met die twee gestaltes wat hy geskep het, geskied snags. Dit is die tyd van die uiterste isolasie, maar ook die tyd van die duisternis in die metaforiese sin van die woord. Die grimmige swart ysterding vorm 'n kontras met die wasbeeld wat eteries in haar wit trourok vertoon, maar in werklikheid staan albei hierdie figure in die teken van die dood, van die groot nag.

'n Volgende stadium is dat Jacobs die trourok oor die robot hang. Die vrou

en die robot begin vir hom vervloei. Hy kan nou lief raak vir die robot, nie net omdat die masjien vermooi is nie, maar ook omdat dit meer lewe het as die wasbeeld. By Jacobs, die buitestaander en selfs antiheld, is daar ook die toenemende *hubris*, die oormatige selfvertroue of selfverheffing wat aanleiding gee tot die ondergang van die figuur: hy glo dat hy tot in alle ewigheid beroemd sal wees omdat hy die robot lewendig gaan maak. Hier kom die verhaaltitel dus weer in die spel.

Die volgende insig waartoe Jacobs kom, is dat liefde nie aanhou beweeg en geraas maak is nie, maar wel vrees. Hierdie kontradiksie bepaal dan sy verdere optrede: hy sal die robot programmeer sodat die masjien hom sal uitwis met 'n vernietigende omhelsing. Jacobs stel die toneel vir die finale episode op en klee die robot weer in die trourok. 'n Laaste poging tot 'n deurbreking van sy isolasie word deur Jacobs afgewys as hy nie die deur vir 'n besoeker wil oopmaak nie.

Die finale konfrontasie kom wanneer die aangeskakelde robot vir Jacobs probeer uitwis, en Jacobs die robot se agtervolging van hom interpreteer as 'n demonstrasie van die masjien se liefde vir hom. Dit word 'n bisarre, maar tegelyk komplekse ervaring waarin dood en liefde, mens en masjien, geteleskopeer raak in Jacobs se verwarde gees. Die masjien is vir hom Bettie, sy vrou as bruid, en hy berei hom voor vir die huwelik met die dood deur weer sy troupak aan te trek.

Die slotwoorde van die teks is ook die titel van die verhaal. Alhoewel Jacobs die dood tegemoet gaan, voel hy dat hy beheer het oor die situasie. Ironies genoeg is dit waar, want sy uitwissing is selfbeplan. Maar daar is ook 'n verdere en veel skrynender ironie, naamlik dat hy so 'n emosioneel ontwrigte persoon is dat hy 'n besluit neem wat teen die wesenwaard van die mens ingaan.

Ingenieur Jacobs, met al sy kontradiksies, obsessies, drif tot isolasie en uiteindelik die drang tot selfuitwissing, is dan 'n tipiese voorbeeld van die eksistensiële buitestaander. Soos Nijhoff se Pierrot is hy besig met "een dans op den uitersten rand / Der steilten van verbijstring". Hierdie soort losgeslane figuur kry jy in die werk van amper alle Sestigerskrywers. Om maar net 'n paar voorbeelde van sulke personasies te noem: Francois Raubenheimer in Brink se *Lobola vir die lewe*, Diederik Versfeld in *Die son struikel*, die gestaltes in Chris Barnard se novelles in *Dwaal* en die hoofkarakter, Max Delpont, in sy *Mahala*. Talle van hierdie tekste is baie meer breedopgeset as *Een en twintig*, maar Rabie se bundel sal altyd binne die Afrikaanse letterkunde gesien word as 'n belangrike wegbereider, ook vir hierdie soort personasie.

Bronnelys

Botha, Elize en N.J. Snyman. 1979. *Hoogtepunte in die Afrikaanse verhaalkuns: reuse-blokboek*. Pretoria/Kaapstad: Academica.

Brink, André P. 1977. *Jan Rabie se 21*. Pretoria/Kaapstad: Academica.

Bulfinch's mythology. 1979. New York: Avenel Books.

De Vries, Abraham H. 1983. *Kortom: Gids by die Afrikaanse kortverhaalboek*. Pretoria/Kaapstad/Johannesburg: Academica.
Grote Winkler Prins' 7. 1973. Amsterdam/Brussel: Elsevier.
Rabie, Jan Sebastian. 1956. *Een-en-twintig*. Kaapstad/Amsterdam: A.A. Balkema.
Snyman, Henning. 1979. *Kort keur: reuse-blokboek*. Pretoria/Kaapstad: Academica.
*The new Encyclopaedia Britannica: Micropaedia IV*¹⁵. 1979. Chicago etc.: Benton.
Wilson, Colin. 1956. *The outsider*. Londen: Victor Gollancz.

Universiteit van Stellenbosch

Nuwe Afrikaanse publikasies Januarie tot Maart 1995

Dramas

LUWES, Nico: Graswewenaar. Benedic Boeke, 1994. (sb) R28,50

Heruitgawes

BAKKES, Margaret: Susanna die geliefde. –Kagiso, 1994. (eerste s/b uitgawe) R26,16
 DU PISANIE, Sarah: My hartjie, my liefie. Van der Walt, 1995. R34,95
 LANDMAN, Rita: Kaart en transport. Van der Walt, 1994. R29,95
 LINDE, Freda: Dakkuiken. Tafelberg, 1994. (s/b) R29,95
 LINGUA, Susanna M.: Winde van herinnering. Van der Walt, 1995. R34,95
 PIETERSE, Annemarie J.: Lied van die aandwind. Van der Walt, 1994. R30,70
 VAN DEN BERG, Anél.: Thea: die groen jare. Juventus, 1994 (s/b) R23,64

Kinder- en jeugverhale

BLIGNAUT, Toek.: Wanneer die Koriki weer sing. Benedic Boeke, 1994. (s/b) R28,50
 CREMER, Hester.: Oortjies en Pootjies verdwaal. Publitoria, 1994. (s/b) R18,70
 CRUYWAGEN, Michiel.: Die heel mooiste storie. Lux Verbi, 1994. (s/b) R17,50
 EULITZ, Lili.: Bennie se ma maak 'n plan. Eulitz Productions, 1994. (s/b) R24,95
 GROBLER, Piet.: Albert, Lizzie en die tasrekenaar. Juta, 1994. (s/b) R17,04
 JOOSTE, Jo.: Weghollers wen nie. Van der Walt, 1994. (s/b) R22,95
 KOTZE, Marianne.: Gedorie, wat 'n storie! Shuter & Shooter, 1995. (s/b) R10,45
 —: Lemmer, die gemmerkat. Shuter & Shooter, 1995. (s/b) R10,45
 —: Skatkis. Shuter & Shooter, 1995. (s/b) R10,25
 POTGIETER, Lea-Lynn.: Op soek na Oupagrootjie se juwele. Benedic Boeke, 1994. (s/b) R28,50
 SASSEN, Petra.: Plek van die swarteende. Queillerie, 1994. (s/b) R39,95
 SWART, Lourens.: Dolfie. Waterkant. 1994. (s/b) R16,80
 VAN ROOYEN, Nanette.: Hout papegaai praat mos nie. Garamond, 1995. R35,95
 WAGENER, Adie.: Sandile en die silwer stad. Tafelberg, 1994. (s/b) R24,95
 WOODING, Rita.: 'n Kombers vir Zodwa. Orion, 1994. (s/b) R17,50

Kortverhale, essays, briewe, ens.

BEETGE, Alta.: Kontrei-kletsies: 'n keur van sketse wat oor Radio Oranje uitgesaai is. Lux Verbi, 1994. R22,95
 FOURIE, Jan.: Wisselstrale oor die Strandveld. Human & Rousseau, 1994. (s/b) R34,99

Poësie

CLARK, Carol.: Tjienkerientjee se oog is swart. Tafelberg, 1994. (s/b) R39,95
 SWANEPOEL, Nic (samest.): Woorde wat klink. Human & Rousseau, 1994. (Boek plus twee klankkassette) R99,99
 VAN DER WALT, Fred.: Twee gesprekke. Rilua, 1994. (s/b)

Romans

ANTHONY, Len.: Platform 15. (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b) R28,50
 BAKKES, Margaret.: Brood en klip (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b) R28,50
 BORNMAN, Barend.: Terug na Jagtersrus. Benedic Boeke, 1994. (s/b) R28,50
 BRINK, Louis L.: Karen. Treffer-Boekklub, 1995. R34,95
 BRINK, S.C.: Losieshuis Veilige Hawe. (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b) R28,50
 —: Die wraak van Jacomina Beyers. (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b) R28,50
 BRINK, Willem.: Die indringer. (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b) R28,50

CALITZ-BEKKER, Rika.: Lied van die farao's. Van der Walt, 1995.	R34,95
CORDIER, Chrissa.: Silwerstroom. (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b)	R28,50
DE BRUYN, Nelie.: Paradys van die dood. Van der Walt, 1995.	R35,95
DE KOCK, Helene.: Man van gister. (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b)	R28,50
—: Met vandag se brood. (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b)	R28,50
—: Ruitjiesvenster. (Grootdruk) Daan Retief/Kennis Onbeperk, 1995.	R49,99
DE VILLIERS, Reinette.: Lente bring sy bloeisels. (Grootdruk) Daan Retief/ Kennis Onbeperk, 1994.	R49,99
DU PLESSIS, Christine.: Ek is die skuldige. (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b)	R28,50
—: Fonteine na die reën. Aktuapers, 1994. (s/b)	R24,95
DU TOIT, Louisa.: Aan 'n liefde van gister. (Grootdruk) Daan Retief/ Kennis Onbeperk, 1994.	R49,99
—: Die somerfees. Aktua Pers, (s/b)	R24,95
DU TOIT, Tryna.: Na elke lente. (Grootdruk) Daan Retief/Kennis Onbeperk, 1994.	R49,99
FERREIRA, J.F.: Die wilde-olyf. Van der Walt, 1995.	R34,95
FOUCHE, Henriette.: Reik na die sterre. (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b)	R28,50
FOURIE, Heila.: 'n Chauffeur vir Cupido. President-Boekklub, 1995.	R34,95
—: 'n Chauffeur vir Cupido. (Grootdruk) Van der Walt, 1995.	R38,50
GRIESEL, Nita.: 'n Lenteruiker vir Ounie. Van der Walt, 1994.	R30,70
—: 'n Lenteruiker vir Ounie. (Grootdruk) Van der Walt, 1994.	R38,50
HEINE, Mike.: Erfgename van die liefde. Treffer-Boekklub, 1994.	R30,70
KELLERMAN, Sue.: Breek oop die granaat. President-Boekklub, 1995.	R34,95
—: Breek oop die granaat. (Grootdruk) Van der Walt, 1995.	R38,50
KELSEY, Madelein.: Klein juweel. President-Boekklub, 1995.	R34,95
KOCK, Nelmarie.: Miskien eendag. (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b)	R28,50
LANDSBERG, Louise.: 'n Bruid vir Vadersgift. Van der Walt, 1995.	R34,95
LINDE, Engela.: Die oes van ons winter. (Grootdruk) Daan Retief/ Kennis Onbeperk, 1994.	R49,99
LINGUA, Susanna M.: Dae van betowering. Van der Walt, 1995.	R34,95
MANS, Villa.: Somerpraal. Van der Walt, 1994.	R30,70
MARITZ, Empie.: As die Vleioerie roep. (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b)	R28,50
—: Nooientjie van Nooitgedacht. (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b)	R28,50
MARTIN, Wille.: Hartseer harlekyn. (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b)	R28,50
—: My niggie Mike. (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b)	R28,50
—: Roos van die cordilleras. Van der Walt, 1995.	R34,95
—: Tjieta. (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b)	R28,50
—: Ver in die wêreld. (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b)	R28,50
—: Die wit mantilla. (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b)	R28,50
McCALLAGHAN, Marilee.: Op boemelpaaie. (Grootdruk) Daan Retief/ Kennis Onbeperk, 1994.	R49,99
MURRAY, Ena. Huise van klei. (Grootdruk) Makro, 1995. (s/b)	R28,50
PRETORIUS, Elizabeth.: Bergsig. Van der Walt, 1995.	R34,95
PRINSLOO, Mara.: Die bitter kelk. (Grootdruk) Daan Retief/Kennis Onbeperk, 1995.	R49,99
—: Klara Brand. (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b)	R28,50
—: Verskrikking op Oudepost. (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b)	R28,50
STEYN, Ilse.: Liefdesvennote. Treffer-Boekklub, 1995.	R34,95
—: Plesierpaleis. Tafelberg, 1994. (s/b)	R39,95
STRAUSS, Freda.: Prokureur versus regisseur. Benedic Boeke, 1994. (s/b)	R28,50
SWANEPOEL, A.J.: Die vrousoeker. Treffer-Boekklub, 1995.	R34,95
VAN DER MERWE, Marie.: Eldorado. (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b)	R28,50
VAN DEN BERGH, Kas.: Die belydenis van Dr. Elmarie. Aktuapers, 1994. (s/b)	R24,95
VAN DER MERWE, Christo.: Die draai van die gety. Van der Walt, 1995.	R34,95
VAN DER MESCHT, Ella.: Wingerdnes. Mariet. Bewolkte jare. Van der Walt, 1995.	R54,95

VAN DER WESTHUIZEN, Vincent.: Die leed van weet. Benedic Boeke, 1994. (s/b)	R28,50
VAN NIEKERK, A.J.J.: Vir 'n oulap en 'n bokstert. (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b)	R28,50
VAN SCHALKWYK, Nickey.: Skaduwees van onheil. (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b)	R28,50
VAN VUUREN, Annico.: In die leeuikul. Van der Walt, 1995.	R27,95
VAN WYK, Schalkie.: Eiland van geheime. Van der Walt, 1995.	R34,95
—: Erfgename van haat. President-Boekklub, 1994.	R30,70
—: Liefde in die najaar. (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b)	R28,50
—: Die ontwykende droom. (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b)	R28,50
—: Te jonk vir liefde. (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b)	R28,50
WESSELS, Ina.: Bring terug die musikante. Aktuapers, 1994. (s/b)	R24,95
WESSELS, Mariki.: Die Durants van Anatole. (Grootdruk) Makro, 1994. (s/b)	R28,50

Toneelstukke vir kinders

DURANDT, Verna.: Die ster: 'n operette vir kinders. V. Durandt, 1994. (s/b)	R50,00
---	--------

Vertaalde Dramas

KELLY, Tim.: Val met 'n knal! (Bang! Bang! You're dead!); vertaal deur Davida Day. DALRO, 1994. (s/b)	
NUKULA, Dan.: Speel-speel spel; vertaal deur Marietjie du Plessis. DALRO, 1995. (s/b)	
PLOWMAN, Gillian.: Katryntjie. (Cecily); vertaal deur Johann Brand. DALRO, 1994. (s/b)	

Vertaalde kinder- en jeugverhale

ALLEN, Pamela.: Breggie; vertaal deur H.J.M. Retief. Daan Retief/Kennis Onbeperk, 1994.	R29,99
ANHOLT, Catherine en Laurence.: Wat maak my bly? vertaal deur Paula Maud. Van Schaik, 1994. (s/b)	
BIRO, Val.: Pronk in die moeilikheid; vertaal deur H.J.M. Retief. Daan Retief/Kennis Onbeperk, 1995.	
BROWN, Ruth.: Na-apertjie. Garamond, 1994.	(R35,10)
BRUNA, Dick.: Die eier. Garamond, 1994.	R18,50
—: Kleintjie in die hospitaal. Garamond, 1994.	R18,50
—: Snuffie. Garamond, 1994.	R18,50
—: Snuffie en die brand. Garamond, 1994.	R18,50
—: Snuffie kry kleintjies. Garamond, 1994.	R18,50
DOMANSKA, Janina.: 'n Besige maandagoggend; vertaal deur Lydia Snyman. Anansi, 1995.	R39,30
DUPASQUIER, Philippe.: Tom se seerowerskip; vertaal deur Nonna Weideman. Human & Rousseau, 1994.	R42,99
HENKES, Kevin.: Miek; vertaal deur Linda Rode. Human & Rousseau, 1994.	R42,99
KORMAN, Justine.: Disney se Die leeu-koning; vertaal deur H.J.M. Retief. Daan Retief/Kennis Onbeperk, 1994.	R29,99
LERATO, "M" e.: Pasop vir die bye. Garamond, 1994.	R34,00
McBRATNEY, Sam.: Raai hoe lief is ek vir jou; vertaal deur Linda Rode. Human & Rousseau, 1994.	R42,99
McNAUGHTON, Colin.: Skielik! vertaal deur Linda Rode. Human & Rousseau, 1994.	R42,99
SAINT-EXUPÉRY, Antoine De.: Die klein prinsie; vertaal deur André P. Brink. Tafelberg, 1994. (s/b)	R26,27
SOMPER, Justin.: Die piramide-komplot; vertaal deur Madeleine van Biljon.	

Daan Retief/Kennis Onbeperk, 1994.	R29,99
VON ARNIM, Theodora.: Tuka: verlore en gevind. T. von Arnim, 1993. (s/b)	R7,50
WADDELL, Martin.: Kom ons gaan huis toe Kleinbeer; vertaal deur Linda Rode. Human & Rousseau, 1994.	R42,99
WOLKSTEIN, Diane.: Muisie se skildery; vertaal deur H.J.M. Retief. Daan Retief/Kennis Onbeperk, 1994.	R29,99

V&R Drukkery, Pta. Tel: 328-7180